

Inhoudsopgawe

4de Jaargang, Nommer 1. Junie 1997

[Ena Jansen](#)

"Wij meenden evenwel voor Zuid-Afrika onzen plicht gedaan te hebben." Die Suid-Afrikaanse gedeelte van dr. Aletta Jacobs van Amsterdam se Reisbrievens uit Afrika en Azië (1913)

[N.J. Jordaan](#)

P.J. Schoeman as etnograaf en romanskrywer

[Henriette Roos](#)

'n Vrou in die kolonies: oor die grense van taal en tyd.

[Andries Visagie](#)

Postmodernisme, subjektiwiteit en geskiedenis: Louis Ferron se Turkenvespers as 'n historiese collage

[Kees Groeneboer](#)

De toekomst van het Nederlands

[M.E. Nelson](#)

Die oorbrugging van kulturele verskille as vertaalprobleem by die vertaling van 'n Nederlandse kinderboek

[Piet Swanepoel](#)

Idiomatiese taalgebruik en die afstand tussen Afrikaans en Nederlands

[Elektroniese weergawes van
T.N&A](#)

[Kontaknommers](#)

[Algemeen](#)

[Riglyne vir
outeurs](#)

Opgedateer 7 Desember 2005 deur Angelique de Villiers

Kopiereg © 1997 berus by die redaksie

Ena Jansen | [N.J. Jordaan](#) | [Henriette Roos](#) | [Andries Visagie](#) | [Kees Groeneboer](#) | [M.E. Nelson](#) | [Piet Swanepoel](#)

"Wij meenden evenwel voor Zuid-Afrika onzen plicht gedaan te hebben." Die Suid-Afrikaanse gedeelte van dr. Aletta Jacobs van Amsterdam se Reisbrieven uit Afrika en Azië (1913)

- Ena Jansen -

Abstract

The section on Southern Africa in Dr Aletta Jacobs' travel journal, *Reisbrieven uit Afrika en Azië* (1913), is considered in the context of South African feminist history and, briefly, as colonial text. The journal was written during a world tour (1911-1912) which Jacobs and her companion Mrs Carrie Chapman Catt undertook with the aim of furthering the cause of women's suffrage. They made an important contribution to the establishment of the Women's Enfranchisement Association of the Union (weau) in 1911, but practically no reference to this is found in South African historical writings. The fact that Jacobs made no attempt to include black women in her campaign for Women's Suffrage in South Africa may be partially explained by her allegiance to colonialist discourse.

1. Inleiding

Daar is talle invalshoeke waarvolgens Aletta Jacobs se Reisbrieven uit Afrika en Azië, (1) asook die sterk verkorte weergawe daarvan in haar Herinneringen (1995: 295-313), geanaliseer kan word. In die gedeelte oor Suid-Afrika is haar besoek aan Olive Schreiner in De Aar, ontmoetings met Suid-Afrikaanse politieke leiers en opmerkings oor die taalbeleid byvoorbeeld besonder interessant. Die bestudering hiervan is trouens 'n onderdeel van die voor die hand liggendste invalshoek, naamlik om die tekste hoofsaaklik as bron te gebruik vir die geskiedskrywing van die stryd om internasionale vrouekiesreg en as outobiografiese aanvulling by die skryf van Jacobs se biografie. (2)

My doel met hierdie artikel is tweevoudig: enersyds wil ek die belang van Aletta Jacobs en Carrie Chapman Catt se besoek dokumenteer in die konteks van Suid-Afrikaanse vrouegesiedenis. Hierdie "regstellende aksie" beskou ek as noodsaaklik omdat Jacobs so goed as onbekend in Suid-Afrika is en dit is dan ook die motivering vir die groot klem wat geplaas word, ook in die Notas, op die ontsluiting van haar vir 'n Suid-Afrikaanse gehoor. Andersyds wil ek 'n voorlopige aanset daartoe gee om haar Reisbrieven uit Afrika en Azië as tekstuele artefakt te lees teen die agtergrond van koloniale diskoers.



1.1 Biografie van Aletta Jacobs

Aletta Jacobs (1854-1929) was die agste van elf kinders van 'n plattelandse dokter en sy vrou in Sappemeer, 'n dorpie in die provinsie Groningen. Ten spyte van sterk teenkantiing het sy haar skoolloopbaan suksesvol voltooi en op 3 April 1878 die eerste Nederlandse vrou geword wat haar artsdiploma behaal het. (3) Sy het 'n tyd lank in haar vader se praktyk gewerk en op 8 Maart 1879 in Groningen gepromoveer. Ná 'n werkbesoek aan Londen het sy in September 1879 'n praktyk op die Herengracht naby die Koningsplein in Amsterdam geopen en ook jare lank 'n kliniek in die volksbuurt die Jordaan behartig.

Reeds in 1883 het Aletta Jacobs die "strijd" in Nederland begin vir vrouekiesreg (Jacobs 1995: 221) en ná 25 jaar as arts haar praktyk in 1904 opgegee met die doel om voltyds te werk vir vroueregte. In baie opsigte het sy bakens vir Nederlandse vroue versit en Aletta (4) Jacobs word tereg die "koningin-moeder van feminisme" in Nederland genoem. Op 18 September 1919 is vrouekiesreg deur Koningin Wilhelmina bekragtig ná dit deur albei kamers van die Nederlandse parlement aanvaar is. 'n Groot fees is in die Concertgebouw gehou en vroue kon tydens die 1922-verkiesing vir die eerste keer stem.

Teen die einde van haar lewe skryf Jacobs, op 23 Oktober 1928, oor haar werk in Nederland: "Ik ben blij dat ik de drie grote doelen in mijn leven in vervulling heb zien gaan tijdens mijn leven [...]. Namelijk: de openstelling van alle studies voor vrouwen en de uitoefening van alle beroepen; het Moederschap als een kwestie van willen en niet meer van moeten; en de politieke gelijkstelling van vrouwen" (Bosch en Kloosterman 1985: 226).

1.2 "Wereldreis"

Aletta Jacobs het, soos baie ander Nederlanders, gedurende die Anglo-Boereoorlog intens belanggestel in Suid-Afrika. (5) Sy sou egter eers kort ná Uniewording 'n besoek aan daardie tyd se "nuwe Suid-Afrika" bring; tydens 'n "wereldreis" (1911-1912) in geselskap van die presidente van die Wêreldbond vir Vrouekiesreg, die Amerikaanse Mrs Carrie Chapman Catt. (6) Hulle het byna drie van die 16 maande wat die wêreldreis sou duur in Suid-Afrika deurgebring. Tydens die hele reis was die propagering van vrouestemreg hulle hoofdoel, maar albei was ook geïnteresseerd in "het bestuderen van de wettelijke en sociale positie van de vrouw in ieder land, en waar dat mogelijk was, de vrouwen te helpen om een organisatie te vormen ter verbetering van hun toestand" (Jacobs 1995: 307).

Die reis het in Southampton begin kort na afloop van die Sesde Internasionale Kongres van die Wêreldbond vir Vrouekiesreg (12 tot 17 Junie 1911) wat in Stockholm gehou is (Jacobs 1995: 290). Jacobs, 'n fanatieke reisiger, het wel eers 'n sesweekse tog deur Swede en om die Noordkaap gemaak voordat sy na Londen is om met Mrs Catt hulle finale reëlings te tref.

Hulle reis sou die dames na 'n groot deel van die wêreld neem: eers Madeira en Suid-Afrika, toe Mosambiek, Port Said, Jaffa en Jerusalem. "Zo hebben wij Palestina en Syrië [...] nog vrijwel in de oerstaat gezien" (Jacobs 1995: 300). Omdat pokke uitgebreek het in Jaffa moes hulle per perdewa na Tiberia reis, het die meer van Galilea oorgesteek en is per "primitief treintje" na Damaskus - "Before the world grew mad", soos Mrs Catt gesê het, dus voor die Eerste Wêreldoorlog van 1914-1918. Van Kaïro is Aletta Jacobs en Mrs Catt na Ceylon waar hulle "enkele

genotvolle weken" deurgebring het. Hulle was ook in Brits-Indië, Java, Sumatra en ander gedeeltes van die destydse Nederlands-Oos-Indië. Daarvandaan via Hongkong na Manila en die Filippyne en weer via Hongkong na Kanton. Van Shanghai is hulle na Nanking en deur die binnelande van China na Hankou (Woehan) en Peking. In Japan het hulle die stede Kioto en Tokio besoek waar dr. Jacobs en Mrs Catt van mekaar afskeid geneem het. Catt is uit China via Honolulu en San Francisco terug na New York, terwyl Aletta Jacobs van Wladiwostok deur Rusland via Berlyn na Nederland per trein gereis het. In die herfs van 1912 was albei weer tuis.

1.3 Reisbriewe uit Afrika en Azië - formaat en doelpublik

'n Voorneme van die dames was dat elkeen 'n reisverhaal sou skryf en later na mekaar sou aanstuur. Alhoewel Mrs Catt wel enkele artikels geskryf het, onder andere oor die matriargale samelewing van die Menankabau op Sumatra vir die National Geographic (Bosch & Kloosterman 1985: 127), was haar dagboeke van die reis "niet veel meer dan plakboeken met onderskrifte" (Bosch & Kloosterman 1985: 9). In teenstelling hiermee is Jacobs se Reisbriewe uit Afrika en Azië (1913) 'n reisverslag van formaat, maar tog is dit relatief onbekend en nooit herdruk nie. 'n Rede waarom tot nog toe min aandag aan haar reisbriewe gegee is, is miskien omdat sy, alhoewel uitsonderlik, nie een van die stereotipeerbare "indomitable eccentric spinsters" (Mills 1993: 27) was nie. Bowendien is daar in die geval van Aletta Jacobs, in teenstelling tot talle ander beroemde vrouereisigers (byvoorbeeld die Nederlandse Alexandrine Tinne, wat ook wel 'n bekwame fotograaf was), belangriker redes as haar reis waarom sy onthou word, sodat haar rolle as arts en feministe die reisverslagskryfster na die agtergrond verdring het. (7) Jacobs se voorneme was wel om 'n bydrae te lewer tot die reisliteratuur van haar tyd omdat die reisgidse wat sy in Londen gekoop het, onder andere die beroemde Baedeker-gidse, "vrijwel niets" oor vroue bevat het nie en sy het dan ook vroue as die fokus van haar reisbriewe geregverdig omdat dit haar "het meeste belang inboezemde". (8)

Uit haar Reisbriewe is dit duidelik dat Aletta Jacobs 'n goeie waarnemer was met 'n bedrewe styl. Reeds vroeg in hulle lewe saam het sy en haar man C.V. Gerritsen (1850-1905) - net soos sy 'n "radikale hervormer" (Jacobs 1995: 222) - dikwels op reis gegaan, wandelend of per "rijwiel", en daarvoor dan 'n verslag geskryf. (9) Jacobs se Reisbriewe uit Afrika en Azië het oorspronklik as artikels in die Amsterdamse dagblad De Telegraaf verskyn en was 'n belangrike bydrae tot die finansiering van haar reis wat verblyf in van die wêreld se mees luukse hotels ingesluit het, en 'n klein fortuin moes gekos het. (10) Sy ontvang ook 'n perskaart wat aan haar toegang gee tot plekke waar sy anders met moeite sou gekom het (rb 466). Kort na die voltooiing van die reis, in 1913, het haar koerantartikels reeds in boekvorm verskyn - 'n bewys van die populariteit daarvan. Jacobs se reisbriewe was dus nooit privaatkorrespondensie nie. Vanaf die oomblik dat sy pen op papier gesit het, het sy met 'n wye leserspublik voor oë geskryf en die opset van haar briewe verskil dus van baie ander Nederlandse skryfsters s'n, wie se reisverslae oor Suid-Afrika gebaseer is op briewe wat vir gesinslede bestem was. (11) Wanneer Jacobs in haar "Voorwoord" skryf dat sy "schroomvallig" is om die briewe in 'n permanenter vorm as die artikels te laat verskyn, is dit wel in ooreenstemming met die oënskynlike beskeidenheid wat talle reisigers het wanneer hulle briewe of dagboeke gepubliseer word (Foster 1990: 54).

Jacobs se afspraak met De Telegraaf was dat sy twee briewe per week sou skryf en so gereeld moontlik terugpos na Nederland. Volgens alle bronne, insluitende

haarself, was sy 'n gedissiplineerde skrywer. "Zoo schreef ik 's avonds, dikwijls na een vermoeienden dag, mijne wedervaringen neder. Geen dag ging voorbij, waarop ik niet eenige uren aan dit werk besteedde. Daardoor zijn het zuivere afdrucken geworden van de indrukken die ik [...] ontving." Die aanbod is vir haar belangrik: "In den regel begin ik mijn volgenden brief voor de courant, alvorens ik mijn voorgaanden verzend, om te voorkomen in herhalingen te treden" (rb 423).

Jacobs het die openbare aard van haar briewe wel as 'n beperking ervaar: "In die vorm kan men niet altijd schrijven over wat men zelf merkwaardig vindt." Sy was bewus van haar openbare beeld en wou dit nie skade berokken nie, veral omdat ook die vrouesaak daardeur in onguns kon raak. Dit is met die grootste uitsondering dat sy skryf oor sake wat vir haar of haar lesers embarrasserend kon wees. (12) Die enigste keer in Suid-Afrika wanneer sy haarself klaarblyklik sensureer is in verband met die swartmans op die Johannesburgse myne wie se "toestanden [...] op zedelijk gebied" volgens haar so "allerbedroevendst" is dat dit "mij echter onmogelijk [is] daarover in een open schrijven uit te wijden" (rb 163).

Die tweedelige Reisbrieven uit Afrika en Azië het hardeband art deco-agtige omslae waarop tussen dekoratiewe elemente 'n aantal opvallend "eksotiese" vrouekoppe afgebeeld word. Dit beslaan 715 deurgenommerde bladsye waarvan 400 in die "Eerste deel" is. Ongeveer 70 bladsye, minder as 'n tiende van die hele reisverslag, is vir hierdie artikel van belang. (13) In enkele verdere reisbriewe word direk of indirek nog na Suid-Afrika verwys, en veral dié waarin uitsprake oor rassekwessies vergelykenderwys met Suid-Afrikaanse omstandighede bespreek word, word ook betrek. Wanneer 'n mens in ag neem deur hoeveel lande die dames reis, beslaan die Suid-Afrikaanse gedeelte relatief baie ruimte. Slegs aan die reis deur Nederlands-Indië word proporsioneel meer ruimte bestee.

1.4 Neerslag van die reis in Suid-Afrikaanse geskiedskrywing

Indien ons van Suid-Afrikaanse geskiedskrywers afhanklik was om Jacobs en Catt se besoek aan Suid-Afrika te boekstaaf, sou bitter min daarvan bekend gewees het. Die enigste verwysing na hulle in Eric Stockenström se omvangryke Stellenbosse proefskrif Geskiedenis van die Vrouebeweging en die vrouestemreg in Suid-Afrika tot 1930 (1944: 142) is een paragraaf in die hoofstuk waarin die periode 1910 tot 1914 gedek word.

Stockenström skryf: "Gedurende die laaste helfte van 1911 het mev. Chapman Catt en dr. Aletta Jacobs van die International Suffrage Alliance Suid-Afrika besoek. In Oktober 1911 het die Women's Enfranchisement League van Durban afgevaardigdes van 'n aantal stemreggenootskappe uitgenooi om die twee besoekers uit Europa te ontmoet, met die oog op die stigting van 'n genootskap wat alle bestaande genootskappe vir die bevordering van vrouestemreg in Suid-Afrika sou verenig. Eersgenoemde dame was presidente van The International Suffrage Alliance, terwyl laasgenoemde belangrike pionierswerk in verband met vrouestemreg in Holland verrig het. Onder leiding van hierdie twee vroue is na breedvoerige bespreking 'n resoluë aangeneem waardeur alle vrouestemreggenootskappe in Suid-Afrika, onder die benaming Women's Enfranchisement Association of the Union of South Africa, in een groot organisasie verenig is."

Stockenström (1944: 142) wys daarop dat "[h]ierdie nuwe organisasie [...] die uitvoerende gesag [was] van ligas of takke wat in die groot sentrums en in kleiner

dorpe tot stand gekom het [...] dit het dus 'n groot liggaam van georganiseerde opinie verteenwoordig. Die doel en politiek van hierdie genootskap was om gesamentlik op te tree ten einde die stemreg in Suid-Afrika vir vroue, op dieselfde grondslag en voorwaardes wat vir manspersone geld, te verseker." Stockenström verwys slegs na Mrs Catt se toespraak, en wel na die slot daarvan soos aangehaal uit *South African Pamphlets: 575d 456, No. 31*: "'n Vroulike hervormer sonder die stem is soos 'n krygsman sonder wapen of soos 'n leer sonder ammunisie."

In Cheryl Walker se publikasies (1979 en 1990) oor die stryd om vrouekiesreg is daar geen enkele verwysing na Jacobs nie. Walker noem wel in 1979 (3-4, 29) Catt se naam wanneer sy skryf: "The weau (Women's Enfranchisement Association of the Union) was in fact formed largely through the encouragement of the President of the International Alliance, Carrie Chapman Catt, who toured South Africa on behalf of women's suffrage in 1911", (14) maar in haar 1990-publiksie verwys sy nie meer na Catt in haar beskrywing van hierdie geleentheid (327) nie. (15) Sonder om die rol van Jacobs en Catt in Suid-Afrika te oorskat, sou 'n uitgebreider erkenning aan hulle aandeel en die internasionale ervaring wat hulle bygedra het tot die Suid-Afrikaanse vrouebeweging, sekerlik nie onvanpas gewees het in veral Walker se standaardpublikasie *Women and Gender in Southern Africa to 1945* (1990) nie.

1.5 Jacobs en Catt "in dienst van de vrouwenzaak" in Suid-Afrika

Jacobs en Catt se toesprake regoor die land moes 'n geweldige invloed op duisende vroue gehad het. Jacobs beklemtoon steeds dat die sale waar hulle opgetree het "stampvol" was (byvoorbeeld rb 91, 152, 153, 161, 169) en telkens word opsommings van die strekking van hulle lesings gegee. Mrs Catt was skynbaar 'n besielde spreker en sekerlik 'n bron van inspirasie vir Engelstalige vroue wat wel, onder andere weens familiebande, baie kontak met die Britse propageerders van vroueregte gehad het. Vir Afrikaanstalige vroue, wat geen taalgenoot-rolmodelle gehad het nie, was Jacobs se voorbeeld egter waarskynlik van nog groter belang. Reeds in Kaapstad is daar by haar, onder meer weens die "op den voorgrond dringende taalkwestie", daarop aangedring om altyd "Hollandsch te spreken" (rb 88) wanneer sy en Mrs Catt saam sou optree. Veral Olive Schreiner het besef dat Jacobs 'n belangrike faktor kon wees. "Telkens trachtte zij mij over te halen om in Zuid-Afrika te blijven, totdat daar deze strijd gewonnen zal zijn. Zij was van meening dat de Afrikaansche vrouw, vooral de Boerin, het kiesrecht maar behoeft te wenschen, om het in Zuid-Afrika een voldongen feit te doen worden en zij meende, dat ik, als Hollandsche, in staat zou zijn, die Boerenvrouwen te overtuigen" (rb 106-107).

In Pretoria word Aletta Jacobs dan ook deur mevrou Faure wat presidente van die Zuid-Afrikaansche Vrouwen-Federatie was en wat "zeer sterk voor het vrouwenkiesrecht gevoelt", gevra om die Afrikaanse vroue te oorreed tot die saak van kiesreg. Baie mans (onder andere parlamentslid Viljoen, oud-president Steyn, minister Malan van onderwys; sien rb 91, 118, 154) was voorstanders daarvan en Jacobs se optrede by die Heidelbergse jaarvergadering van die Vrouefederasie word 'n soort sendingaksie. "Op die jaarvergadering zal ik dan eindelijk de vrouwen onder mijn gehoor krijgen, die het eigenlijk in handen hebben om de vrouwen van Zuid-Afrika politiek te ontvoogden; want zoodra deze vrouwenbonden er zich voorspannen en het kiesrecht aanvragen, zullen zij het van deze regering verkrijgen" (rb 153). Die rede hiervoor het meer met manspolitiek as empatie met die vrou te make, maar, alhoewel sy dit besef, lyk dit nie of dit Jacobs enigsins pla nie.

Haar uitleg van die mans se doel met vrouekiesreg is besonder helder, maar te optimisties wat die spoedige haalbaarheid daarvan betref; vrouekiesreg sou nog 19 jaar lank 'n politieke speelbal wees. "De Afrikaanderpartij is in de regeering verre in de meerderheid, doch bij de toenemende immigratie is het te voorzien, dat die meerderheid op den duur zal afnemen. Geeft men nu den vrouwen het kiesrecht, dan verdubbelt de Afrikaanderpartij haar stemmen, terwijl onder de immigranten vele ongehuwd zijn, hunne vrouwen in het moederland achterlaten of soms hun geheele leven als coelibatair in het nieuwe land doorbrengen. Zoolang echter de Afrikaander Vrouwenbond zich niet voor het "kiesrecht aan de vrouw verklaart," vreezen de mannen, dat zij het stembiljet ongebruikt zullen laten en dat de Britsche vrouwen, die in hoofdzaak de leden van de Vereeniging voor Vrouwenkiesrecht uitmaken, het zullen gaan gebruiken om haar partij te versterken. Van mijn succes in Heidelberg hangt dus veel af en van alle kanten word ik aangespoord om deze gelegenheid te grijpen en te probeeren wat ik bereiken kan" (rb 153). [\(16\)](#)

In haar toespraak wys sy die afgevaardigdes onder meer daarop dat die vroue van die Voortrekkers reeds in 1843 'n deputasie na die Engelse verteenwoordiger in Natal gestuur het om die reg van vroue op te eis "om een stem te hebben in alle zaken, die de welvaart en het welzijn van het Zuid-Afrikaansche volk betroffen" (sien Walker 1979: 18 en Cloete 1994: 62-68). Hieraan voeg sy toe: "Deze laatste wijsheid had ik opgedaan van premier Botha" (rb 156). Haar woorde is met "grootte instemming van al de aanwezige heeren en vele der aanwezige vrouwen aangehoord en luide toegejuicht". Die vrou van generaal De la Rey het egter onmiddellik opgestaan om te sê "dat de Zuid-Afrikaansche vrouwen eenmaal door den Heer geroepen zullen worden voor dat grooter werk, [...] maar dat de Zuid-Afrikaansche vrouwen hebben te wachten, totdat de Heer haar roept". Jacobs se pleidooi het by haar dus op dowe ore geval want sy "had [...] die roepstem nog niet vernomen en meende daarom die taak nog niet te mogen op zich nemen" (rb 156).

Aletta Jacobs se versoek dat die lede van die Vrouwen-Federatie hulle op Heidelberg sou uitspreek vir vrouekiesreg en 'n adres aan die regering sou stuur waarin op 'n spoedige uitvoering daarvan aangedring moes word, is nie deurgevoer nie, uit vrees "dat daarmee [...] de Zuid-Afrikaansche Vrouwen-Federatie daardoor in stukken gescheurd zou worden" (rb 156). Hierdie uitslag moes vir Aletta Jacobs 'n groot teleurstelling gewees het, maar dit blyk slegs uit haar stoïsynse mededeling dat sy nie van plan was om nog 'n maand langer in Suid-Afrika te vertoef om eers op allerlei afgeleë dorpe dié vroue wat "hoogstwaarschijnlijk afgeschrikt zou worden door zulk een maatregel" (rb 156) te gaan probeer oortuig nie. Sy moes die aand nog in Johannesburg optree, maar sy was "zoo dood vermoeid [...] na een dag van groote beslommeringen, dat het mij onmogelijk was mijn plicht aldaar voor dien avond te vervullen" (rb 157).

1.6 Vrouestemreg slegs vir blankes

Blanke Suid-Afrikaanse vroue se uiteindelijke bewussyn van die waarde van stemreg was 'n mentaliteitsverandering wat die manlike politieke leiers wat dit jare later parlementêr goedgekeur het, sou uitbuit vir blanke gewin. Walker (1979: 17) stel dit so: "The relationship between the question of votes for women and votes for blacks is one of the central themes of the campaign to enfranchise women, which campaign may, to some extent, be regarded as a microcosm of the wider society in its reflection of its divisions and its fears." Suid-Afrikaanse aktiviste vir vrouekiesreg het hulle aanvanklik geensins bekommer selfs oor die vraag of swart vroue moontlik ook stemreg moes kry nie. "At best the organised suffrage

movement approached the situation of black women from the perspective of charity, not sisterly solidarity" (Walker 1990: 329). Toe stemreg na jarelange petisies aan blanke vroue toegestaan is in 1930, is die doeltreffendheid van die swart stem (van mans in die Kaap) gehalveer, "thus reducing the African electorate from 3.1 percent to 1.4 percent of the total" (Davenport 1989: 311). Bemagtiging van een groep het dus tegelykertyd daartoe gelei dat 'n ander groep van die Suid-Afrikaanse bevolking stelselmatig die stemlose wildernis ingedryf is - 'n situasie wat eers in 1994 sou verander. Walker wys daarom op die ironie van die Suid-Afrikaanse vrouekiesregbeweging: "a group of women campaigning for "justice" and equality of treatment and opportunity, while denying or ignoring similar claims from other sections of the population" (1979: 107).

In Jacobs se Reisbrievens is daar geen aanduiding dat sy of Mrs Catt protes aangeteken het teen die heersende opvattinge in Suid-Afrika in verband met die "slegs blanke"-aard van die vrouekiesregstryd en byvoorbeeld voorgestel het dat swart vroue ten minste aanwesig moet wees op die vergaderings waar hulle gepraat het nie. Aan die slot van die brief oor "Johannesburg" is daar selfs duidelik sprake van 'n hulle/ons-houding wanneer Jacobs skryf: "Met een enkel woord wil ik hier nog even vermelden, dat ook de kleurling-vrouwen zich beginnen te organiseeren en voor hun belangen strijden. Een groote bijeenkomst, onder leiding van mevrouw Amos Burnett, een vrouw van gemengd ras, die een Europeesche opvoeding heeft gehad, had deze week plaats in Potchefstroom, waaraan vrouwen, honderdvijftig in getal, van Zulu's, Amaxoses, Basuto's, Pondos, Hottentots en andere rassen, benevens van gemengd ras, deelnamen. Ik kan hiervan niets anders mededeelen, dan wat de dagbladen ervan vermelden, doch alle beschouwen deze samenkomst als een zeer belangrijk teeken. Deze eerste keer werd niet veel anders besproken dan organisatie, eenige godsdienstige arbeid, die ter hand zal worden genomen, en de belangen van het kleurling-meisje in huisdienst bij blanken. De Engelsche taal was de officieele congreestaal" (rb 165).

Jacobs se opvallende stilswye in Reisbrievens oor die insluiting van swart vroue by haar en Mrs Catt se propagering van die stryd vir vrouekiesreg in Suid-Afrika kan nie bloot goedgepraat word deur dit as "tipies van die tyd" te beskou nie. Tydens haar besoek aan haar tydgenoot en "geestverwante" Olive Schreiner (rb 104-108) moes die gesprekke waarin Schreiner se "alles overheerschende liefde voor de menschheid" en haar mededoë vir "zwakken en hulpbehoevenden" ter sprake gekom het (rb 105) sekerlik ook direkte verwysings na swartmense ingesluit het, maar dit vermeld Jacobs nie. Wel praat sy vóór haar besoek aan De Aar reeds in 'n Kaapse brief afkeurend van "negervereerders" en sê: "Vooral de familie Schreiner, met Olive Schreiner aan het hoofd, is een blinde vereerster van den kleurling. Haar geheele politiek overtuiging heeft tot ondergrond "hoe 't best voor den kleurling te zorgen"" (rb 98). [\(17\)](#)

Schreiner se standpunt was ondubbelsinnig: "That for which we labour [...] is a South Africa not mighty in wealth or in numbers, but great in freedom [...] which gives every man and woman in the land irrespective of race and sex, or speech and colour, the largest amount of liberty and justice accorded to men and women anywhere" (aangehaal in Walker 1979: 21). As gevolg van dié standpunt het haar man, S.C. Cronwright-Schreiner, homself selfs verplig gevoel om in 'n brief in Flashlight (Julie 1930) te vra dat Olive Schreiner se naam nie verbind word aan die feesvierings in 1930 nie: "For her an Act which remedied an injustice against a sex by perpetrating one against a race, would have been no victory at all" (aangehaal deur Walker 1979: 21).

So bied Aletta Jacobs se Reisbriewe uit Afrika en Azië nie slegs belangrike materiaal om die rol te bestendig wat sy en Mrs Catt gespeel het in die geskiedenis van vroueregte in Suid-Afrika nie, maar die stiltes in haar teks oor die stemreg van swartmense dui op 'n eensydigheid in haar propagering van die stryd om gelykberegting wat veral opvallend is wanneer dit vergelyk word met Schreiner se standpunt hieroor.

2. Reisbriewe en die koloniale diskoers

In Europa het Jacobs roem verwerf en sukses bereik as vegter vir die regte van haar medeonderdrukte, vir vroue, maar dit is opvallend dat haar stem in die kolonies veel minder luid opklink vir die regte van swart en bruin mense, vroue sowel as mans, as wat 'n mens van haar sou verwag het. Wat my daarom boei in Jacobs se Reisbriewe is die vraag of haar posisie as hoogs gerespekteerde en strydvaardige feministe moontlik daartoe lei dat sy selfs makliker as ander vrouereisboekskrywers aansluit by 'n dominante manlike koloniale diskoers, dat sy haar in die kolonies dus deel voel van die heersersgroep en 'n meer outoritêre narratiewe stem aanneem as wat 'n mens by baie ander vrouereisigers aantref. Dit sal gedeeltelik 'n verklaring kan bied vir eerstens die feit dat sy haar skaar by die propagering van slegs blanke vrouens se stemreg wat veral ten doel het om die blanke Afrikanermans se politieke doelstellings te bevoordeel en tweedens vir die opvallende afwesigheid van empatie met swartmense se stryd om politieke regte in die Suid-Afrikaanse gedeelte van haar Reisbriewe. (18) Ter ondersteuning van dié hipotese haal ek Holthrop (1978) aan wanneer sy wys op Jacobs se teregrywende afkeuring van Engelse suffragettes se gedrag: "Aletta Jacobs, de suksesvolle bestrijdster van autoriteiten, was zelf een autoriteit geworden, een voor onze begrippen heel ouderwetse, wereldvreemde autoriteit." (19)

Ten spyte van talle tekens van 'n nasionale, selfs republikeinse gevoel in die Unie van Suid-Afrika, was die Britse imperialisme in 1911 steeds 'n belangrike faktor en dit was onvermydelik dat Europese besoekers Suid-Afrika bewus of onbewustelik as 'n kolonie sou beskou. Alhoewel stedelike Suid-Afrika in 1911 in talle opsigte Europees was, iets wat Jacobs verbaas het, was die posisie van die swart inheemse bevolking wel in baie opsigte vergelykbaar met dié in ander koloniale lande en ek meen veral daarom dat ook die Suid-Afrikaanse gedeelte van Jacobs se Reisbriewe wel gelees kan word teen die agtergrond van koloniale diskoers. Aletta Jacobs is immers lid van die intellektuele elite in 'n Nederland wat in die jare 1911-1912 nog 'n sterk koloniale moondheid is (sien Bossenbroek 1996 en Wesseling 1995); dus deel vorm van die metropool met 'n houding oor die buite-Europese wêreld wat gevorm en afgebaken is volgens imperialistiese denke. Dit is in Jacobs se reisverhaal, veral in die stukke wat oor Mosambiek, Brits- en Nederlands-Indië handel, duidelik dat sy Portugal, Engeland en Nederland as legitieme koloniseerders beskou wie se rol nie in twyfel getrek word nie. Wanneer sy kritiek op bepaalde aspekte van die koloniale bewind het, is dit, soos by die Wes-Afrika reisiger Mary Kingsley, "merely aimed at improving rather than dismantling colonialism" (Mills 1993: 153).

2.1 Die vroulike stem in die koloniale diskoers

Soos bekend spruit die breë belangstelling in koloniale diskoers tot 'n groot mate voort uit Edward Said se boek *Orientalism* (1978). Sedert die verskyning daarvan is

talle belangrike debatte gevoer en 'n uitgebreide korpus kritiese tekste verskyn steeds, dikwels direk in reaksie op Said. (20) 'n Teks wat talle post-Said standpunte verdiskonteer en nuttige insigte kan verskaf by 'n ondersoek na Jacobs se Reisbrievens is Sara Mills se *Discourses of Difference: An Analysis of Women's Travel Writing and Colonialism* (1993). Sy wys daarop dat sommige kritici, onder andere Peter Hulme (1986) en Dennis Porter (1993), wel die ongelyksoortigheid in diskoers-strukture tydens die koloniale tydperk analiseer, maar geen aandag gee aan die manier waarop vroueskrywers andersoortige tekstuele beperkinge as mans te bowe moet kom nie (Mills 1993: 1-6). Sonder om simplisties reduserend te wees, wys Mills daarop dat vrouetekste veral wat betref die konteks waarin dit geproduseer en ontvang word, verskil van dié van mans en 'n vreemde mengsel is. Enersyds is dit dikwels nie in staat om met 'n rondborstige koloniale stem te praat of met 'n "imperial eye" (Pratt 1992) te kyk nie. Aan die ander kant is dit dikwels wel stereotipies koloniaal in inhoud, styl en figuurlike wending deur die gekoloniseerde land te presenteer as 'n vanselfsprekende, natuurlike deel van die koloniale moondheid, 'n gebied waarop Europeërs reg het, waar hulle hulle selfs geroepe voel om hulle gesag te laat geld.

Juis weens dié vermenging en kontradiksies vind Mills vrouereistekste 'n teoretiese uitdaging en sy poneer dat vrouereisigers van die negentiende en vroeg-twintigste eeue hulle werk konstrueer in 'n ketting van magskakels of -verbandings ("in a range of power nexuses"), veral van patriargale mag ("the power of patriarchy which acted upon them as middle-class women, through discourses of femininity") en van koloniale mag ("the power of colonialism which acted upon them in relation to the people of the countries they describe in their books"). Volgens Mills (1993: 18) bepaal die gelyktydige aanwesigheid (konvergensie) van en die botsing (konflik) tussen hierdie twee magsisteme die styl en inhoud van vroue se reisbeskrywings.

2.2 Aletta Jacobs se diskoers

Indien Reisbrievens uit Afrika en Azië gelees word as 'n tekstuele konstruksie wat die resultaat is van twee konflikterende diskoerse, 'n vroulike en 'n koloniale, kan die problematiese, ambivalente status van Aletta Jacobs op reis, dus buite die metropool waar sy so suksesvol magsbeperkinge ten opsigte van geslag teengegaan het, moontlik beskryfbaar gemaak word. Ten spyte van haar outoriteit het Jacobs nes ander vroue van haar tyd 'n problematiese status, "caught between the conflicting demands of the discourse of femininity and that of imperialism" (Mills 1993: 22). Dit sal duidelik wees dat die terme "vroulik" en "koloniaal" nie suiwer as gender-terme nie, maar ook metafories gebruik word.

Volgens Mills "vereis" die diskoers van vroulikheid, oftewel die tipiese vertelstyl van vrouereisigers teen die eeuwending, veral passiwiteit van die verteller en 'n besorgdheid oor menslike verhoudings - aspekte wat sekerlik beïnvloed is deur die Victoriaanse tydmoraal. (21) Hoe pas Jacobs in by hierdie karakterisering? Uit biografiese besonderhede, maar ook uit haar Reisbrievens, blyk duidelik dat Jacobs wel begaan was oor inter-persoonlike verhoudings, maar niemand kan haar van passiwiteit beskuldig nie. Dit het 'n groot invloed op haar skryfstyl wat dikwels nou aansluit by die diskoers van kolonialisme, oftewel die tipiese vertelstyl van die (meestal manlike) kolonialis wat baie klem plaas op aksie en kordate gedrag ("intrepid, fearless behaviour"), kennis en outoriteit. Dié eienskappe is kenmerkend van Aletta Jacobs, ook wat haar voorkoms betref. 'n Ooggetuie onthou haar byvoorbeeld as 'n vrou "die marcheerde als een generaal" (Arian 1995: 18).

Daar is maar min aspekte van Jacobs se teks wat tipies is van vroulike diskoers. Sy beskryf wel oomblikke van fisieke swakheid (byvoorbeeld reeds op die eerste dag in Kaapstad is sy "oververmoeid" (rb 89) en in Johannesburg skryf Jacobs (rb 157) weer sy is "zoo dood vermoeid [...] dat het mij onmogelijk was mijn plicht aldaar voor dien avond te vervullen" en is sy "voor niets anders in staat dan een frisch bad te nemen en naar bed te gaan"). Telkens egter het dié vermoeidheid nie ten doel om aandag te trek nie, maar is dit 'n lastige, selfs embarrasserende gevolg van haar openbare rol en aktiwiteite. (22) Geen van die ander tipies vroulike diskoersaspekte kry veel ruimte in die teks nie. Jacobs verwys byvoorbeeld baie selde na haar eie kleredrag of na die versorging daarvan, nooit na wat sy eet, en byna nooit na die gerief van hulle hotelkamers nie. (23)

Nes ander vrouevertellers is haar teenwoordigheid in die lande waardeur sy reis vir haar vanselfsprekend en, alhoewel die werk vir vrouestemreg 'n internasionale saaklike aangeleentheid is, word die reis - veral in ander lande as Suid-Afrika - ook grootliks vir persoonlike plesier onderneem. Vrouevertellers beklemtoon dikwels dat hulle sonder beskerming reis en "tog" niks oorkom nie en, ten spyte van die eersteklastreinkompartemente en motors met chauffeur wat telkens tot hulle beskikking gestel word in Suid-Afrika, is Jacobs tydens die "primitiefste" gedeelte van die reis na die Victoria Waterval ooglopend trots op hulle selfstandigheid. "This seems to signal to the reader that the colonised country is so much under [...] control that even women can be represented travelling through it without the "natives" daring to approach her" (Mills 1993: 22).

'n Tipiese "vroulike" eienskap waaraan Jacobs se Reisbriewe se Suider-Afrikaanse gedeelte wel voldoen is die feit dat sy geen melding maak van enige opstand van swartmense teen die blanke gesag nie. In Suid-Afrika kom dit nie eers by haar op nie, maar in "Rhodesia" kan sy haar wel voorstel dat die 300.000 inboorlinge, as hulle nie so "goedaardig van karakter waren", van hulle mag bewus kon word en die 17.000 blankes "niet zoo onderdanig zouden dienen" (rb 142).

Dit word tydens die lees van die Suid-Afrikaanse gedeelte van die Reisbriewe steeds duideliker dat haar teks deur die transgressie van vroulike diskoers en 'n sterk aansluiting by die koloniale diskoers gekenmerk word. So aanvaar Aletta Jacobs met die grootste vanselfsprekendheid outoriteit en maak uitsprake oor die land en sy mense wat getuig van gesaghebbende stelligheid en van wetenskaplike kennis van sake, veral op mediese en maatskaplike gebied. Sy verwys dikwels daarna dat sy koerante lees om op hoogte van nasionale en internasionale politiek te kan wees en vind dit ook vanselfsprekend dat verslaggewers met haar en Mrs Catt onderhoude wil voer. Hulle is bowendien steeds eregaste by talle amptelike vergaderings en bankette waar ook mans aanwesig is en sy praat skynbaar op voet van gelykheid met politici soos eerste minister Louis Botha, J.C. Smuts en oud-president Steyn. Verder vermeld Jacobs met trots dat sy en Catt burgemeesters en ander manlike ampsdraers sonder huiwering weerspreek. (24)

Aletta Jacobs se sterk selfbewuste narratiewe stem hang dan ook sonder twyfel saam met die ervare sprekerstem wat sy het op die talle byeenkomste in die land. Nooit meet sy haar optrede teen 'n man s'n nie, slegs teen Mrs Catt se retoriese styl wat sy bewonder. (25) Nooit klink sy twyfelagtig oor haar reisplanne of laat sy blyk dat 'n man se hulp benodig word nie.

Tipies van die koloniale diskoers beskryf Jacobs die land dikwels as leeg of anders bevolk deur skadelose, liefdevolle kinders (sien rb 140, 142, 144). Die "penetrasie"-woordeskat van mansreisigers ontbreek wel, alhoewel Jacobs tekens

van ekspansiedrif gee wanneer sy in haar "wakende droomen" sien ("zie"; wat ook "voorspel" kan beteken) dat "reeds over eenige eeuwen dit nog bijna onbewoonde gedeelte van het donker Zuid-Afrika door talloze Europeanen bewoond en overall aan de oevers van de Zambezie-rivier villa's, met prachtige tuinen, de plaats innemen, waar nu nog het wild gedierte alleen huist en er de menschen op den achtergrond houdt" (rb 142). Wanneer sy verder beweer dat treinreisigers deur Rhodesië agterkom "dat heel Rhodesia beneden de Zambesie-rivier, niets anders dan één groote, woeste vlakte is, bewoond voor het overgrote deel door inboorlingen, en dat het als het ware wacht op de energieke blanken, om het tot ontginning te brengen" (rb 143), is dit duidelik hoe sterk sy deel uitmaak van die koloniale diskoers.

3. Slot

Aletta Jacobs se diskoers word in talle opsigte gedomineer deur 'n stem wat eerder manlik-koloniaal as vroulik genoem kan word. Haar estetiese bewondering vir "onvervalschte natuurkinderen" (rb 115, 144) en haar moederlike gevoelens jeens die inboorlinge wat sy beskryf as "grootte kindmensen, met hun kinderlijke begrippen" (rb 322) wat "slechts goede leiding nodig hebben om tot bruikbare, zeer goede menschen op te groeien" (rb 454), is sekerlik "vroulik", maar is tegelykertyd 'n ondersteuning van die kolonialis se paternalistiese beeldspraak wat oorheersing moes help legitimeer. [\(26\)](#)

Uit Aletta Jacobs se Suid-Afrikaanse Reisbrieven blyk bowendien dat sy ook talle ander kolonialistiese opvattings deel. So keur sy in opvallend eksplisiete beskrywings "inlanders" se assimilasiestrydings af, iets wat sy van sommige se transkulturele kledingspatrone aflei (sien byvoorbeeld rb 97, 135, 134 en 170). Vergelyk veral ook haar kritieklose onderskrywing van Mrs Catt se neusoptrekkerige opmerking "a dressed native is not nice" (rb 144). Sy is verder sterk afwysend oor rassevermenging (rb 108, 147) en sluit haar dus skynbaar aan by diegene wie se Europese superioriteitsgevoel bedreig is deur die "mengvorme" van rasse wat die koloniale wêreldbeeld van twee geskeide wêreldes, die Europese en dié van die inboorling, ondermyn het. Die "First Universal Races Congress" is trouens in 1911 - die jaar waartydens Jacobs in Suid-Afrika was - in Londen georganiseer. Die "Papers on Inter-Racial Problems" getuig daarvan dat die "gemengdbloedigen" in dié tyd vir politici en wetenskaplikes, soos vir Jacobs, 'n groot probleem gevorm het (Wolffers 1997). [\(27\)](#)

Die manier waarop Aletta Jacobs in haar Reisbrieven duidelik aansluit by hierdie tipiese koloniale opvattings kan nader uitgewerk word in die konteks van representasieteorie en reisliteratuur-konvensies. [\(26\)](#) Vir die doel van dié artikel bied die vasstelling dat Aletta Jacobs deel het aan die koloniale diskoers van haar tyd 'n verklaring vir haar opvallende weiering om die kwessie van stemreg ook vir swart vroue aan die orde te stel. Sy beskryf wel haar "spreken met kleurlingen, of het liefkoozen van de zwarte kindertjes" as tekens daarvan dat sy haar "met een kleurling op een voet van gelijkheid onderhoud" (rb 98), maar dié gelykheid is uiters relatief. [\(28\)](#)

Iemand wat swartmense deurentyd as "kinders" beskryf wat witmense se "leiding" nodig het en wat vir haar "allerbespottelijkst" (rb 97), "allerdwaast" (rb 134) en "allergrappigst" (rb 135) lyk wanneer hulle pogings tot verwesterliking onderneem,

maak 'n duidelike verskil tussen die identiteite van die beskaafde Self en die "not-yet-human Other" (Spivak 1986: 266). Dat sy hulle onmoontlik werklik as gelykes beskou wat ook reg het op stemreg - dit wat sy in Europa as 'n algemene mensereg beskou het en byna 'n leeftyd lank vuriglik namens wit vroue voor gestry het – blyk uit die opvallende stilte in haar Suid-Afrikaanse Reisbriewe oor stemreg vir swart en gekleurde vroue en mans. (29)

Departement Afrikaans & Nederlands
Universiteit van die Witwatersrand
E-pos: 070ena@muse.arts.wits.ac.za

Bibliografie

Adler, Michelle. 1996. "Skirting the Edges of Civilization". Two Victorian Women Travellers and "Colonial Spaces" in South Africa. In: Darian-Smith, Kate; Liz Gunner & Sarah Nuttall (eds.). *Text, Theory, Space: Land, Literature and History in South Africa and Australia*. London & New York: Routledge: 83-98.

Arian, Max. 1995. Afwerende ogen. *De Groene Amsterdammer*, 20 September.

Barend-van Haefen, Marijke. 1996. *Op reis met de voc: De openhartige dagboeken van de zusters Lammens en Swellengrebel*. Zutphen: Walburg Pers.

Bhabha, Homi K. (ed.). 1994. *Nation and Narration*. London & New York: Routledge.

Josine. 1978. Aletta Jacobs, arts en aktiviste: de wereld voor vrouwen bewoonbaar maken. *De Groene Amsterdammer*, 15 November.

Brunt, Emma. 1978. De grootmoeder van het feminisme: boeken: Aletta Jacobs. *HP/Haagse Post*, 10 Junie.

Bosch, Mineke & Kloosterman, Annemarie. 1985. *Lieve dr. Jacobs: Brieven uit de Wereldbond voor Vrouwenkiesrecht, 1902-1942*. Amsterdam: Feministische Uitgeverij Sara.

Bossenbroek, Martin. 1996. *Holland op zijn breedst: Indië en Zuid-Afrika in de Nederlandse cultuur omstreeks 1900*. Amsterdam: Bert Bakker.

Cloete, Elsie L. 1994. *Frontierswomen as Volksmoeders: Textual invocations in two centuries of writing*. Ongepubliseerde MA-skripsie, UNISA.

Davenport, T.R.H. 1989 (1977). *South Africa: A Modern History*. Bergvlei: Southern Book Publishers.

Mist, Augusta Uitenhage. s.j. *Diary of a Journey to the Cape of Good Hope and the Interior of Africa in 1802 and 1803*. Cape Town & Amsterdam: A.A. Balkema.

Foster, Shirley. 1990. *Across New Worlds: Nineteenth-Century Women Travellers and their Writings*. New York: Harvester Wheatsheaf.

Gates, Henry Louis Jr. (ed.). 1986. "Race," Writing, and Difference. Chicago and London: The University of Chicago Press.

Glenn, Ian. 1996. Legislating Women. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 12 (1/2): 145-170.

Holtrop, Aukje. 1978. Een vasthoudende dame. *Vrij Nederland*, 27 Mei.

Huisman, Joke. 1978. Aletta Jacobs 1854-1929: op de bres voor vrouwen. *NRC Handelsblad*, 11 April.

Hulme, Peter. 1986. *Colonial Encounters: Europe and the Native Caribbean 1492-1797*. London: Methuen.

Jacobs, Aletta, dr. 1913. *Reisbrieven uit Afrika en Azië - benevens eenige brieven uit Zweden en Noorwegen. Eerste Deel en Tweede Deel*. Almelo: W. Hilarius.

Jacobs, Aletta. 1995 (1924). *Herinneringen*. Pandora, Uitgeverij Contact.

Macaré, Leens. 1978. Herinneringen van eerste "doktores" Aletta Jacobs. *De Gooien Eemlander*, 15 Junie.

Lata & Ruth Frankenberg. 1985. The Challenge of Orientalism. *Economy and Society* 14 (2): 174-192.

Mills, Sarah. 1993 (1991). *Discourses of Difference: An Analysis of Women's Travel Writing and Colonialism*. London & New York: Routledge.

Mongia, Padmini (ed.). 1996. *Contemporary Postcolonial Theory: A Reader*. London, etc.: Arnold.

Pattynama, Pamela. 1997. *Secrets and Dangers: Interracial Sexuality in Louis Couperus, The Hidden Force*. In: Clancy-Smith, Julia & Frances Gouda (eds.). *Domesticating the Empire: Languages of Gender, Race, and Family Life in French and Dutch Colonialism, 1830-1962*. Charlottesville: University Press Virginia. Op die pers, publikasie Desember.

Mary Gray. 1944. *Carrie Chapman Catt: A Biography*. New York.

Porter, Dennis. 1993 (1982). Orientalism and its problems. In: Williams, Patrick & Laura Chrisman (eds.). 1993. *Colonial Discourse and Post-Colonial Theory: A Reader*. New York: Harvester Wheatsheaf: 150-161.

Pratt, Mary Louise. 1992. *Imperial Eyes: Travel Writing and Transculturation*. London & New York: Routledge.

B. 1978. Herinneringen van Aletta Jacobs. *De Volkskrant*, 17 Junie.

Edward W. 1978. *Orientalism*. Harmondsworth: Penguin.

Spivak, Gayatri Chakravorty. 1986. Three Women's Texts and a Critique of Imperialism. In: Gates, Henry Louis Jr. (ed.). 1986. "Race", Writing, and Difference. Chicago and London: The University of Chicago Press: 262-280.

Spurr, David. 1993. *The Rhetoric of Empire: Colonial Discourse in Journalism, Travel Writing and Imperial Administration*. Durham & London: Duke University

Press.

Stockenström, Eric. 1944. Geskiedenis van die vrouebeweging en die vrouestemreg in Suid-Afrika tot 1930. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Walker, Cheryl. 1979. The Women's Suffrage Movement in South Africa. Communications No. 2. University of Cape Town: Centre for African Studies.

Walker, Cheryl (ed.) 1990. Women and Gender in Southern Africa to 1945. Cape Town: David Philip; London: James Currey.

Wesseling, H.L. 1995. Indië verlore, rampspoed geboren en andere opstellen over de geschiedenis van de Europese expansie. Amsterdam: Ooievaar Pockethouse.

Wolffers, Ivan. 1997. Tuchtigen! - er zit niets anders op. Cultureel Supplement NRC Handelsblad, 2 Mei.

[\(1\)](#) Vir die doeleindes van bladsyverwysings word dit afgekort tot rb.

[\(2\)](#) Mineke Bosch van die Rijksuniversiteit Limburg te Maastricht is tans besig om Aletta Jacobs se biografie te skryf.

[\(3\)](#) Daar is 'n hele aantal ooreenkomste tussen Jacobs en dr. Petronella van Heerden, die eerste Afrikaanse vrou wat 'n dokter geword het. Van Heerden was een van die enigste Afrikaanse vroue wat 'n groot rol in die vrouekiesregbeweging gespeel het (sien Walker 1979: 49, 62-63, 89, 96-97, 103; 1990: 328). 'n Vergelyking tussen Jacobs se outobiografiese geskrifte en Van Heerden se Kerssnuitsels (1962) en Die sestiende koppie (1965) word beplan.

[\(4\)](#) Sy het haar byvoorbeeld die lot van prostitute aangetrek en was sterk gekant teen die kamstige mediese noodsaak vir mans om bordele te besoek (Jacobs 1995: 55). Verder was sy 'n voorstander van geboortebeperkende middele en het die eerste openbare geboortebeperkingskliniek geopen in 1884 in Amsterdam. Ook op sosiale vlak was Jacobs 'n vegter vir vroueregte. Sy was byvoorbeeld een van die eerste vroue wat in Amsterdam se Vondelpark geskaats het; ander Amsterdamse vroue het dit ook in die streng winter van 1876-1877 begin doen. Sy was die eerste vrou om lid te word van die leesmuseum op die Rokin en het talle ander taboes deurbreek. So was dit destyds vir "fatsoenlike dames" so goed as verbode om tussen 12 en 16 uur deur die Kalverstraat te loop omdat die deftige here van die gragte dan op weg was na die Beurs op die Damrak en vrye spel kon hê met dié vroue wat wel daar aanwesig was. Aletta Jacobs het dit as 'n beknotting van haar eie bewegingsvryheid beskou, opsetlik daar gaan loop en ander fatsoenlike vroue aangemoedig om ook saans op straat te loop. Die gebruik by die skouburg was in dié tyd dat alle mans in die stalle en die vroue in die loges en op balcons gesit het waar hulle deur die mans tydens die pouses met verkykers bekyk is. Vroue wat sonder metgesel tog teater toe wou gaan, moes 'n kruier huur om hulle te vergesel. Ook hierdie gewoonte het Aletta Jacobs in die laat-negentiende eeu deurbreek (Jacobs 1995: 78).

[\(5\)](#) In haar Herinneringen (Jacobs 1995: 152-153) skryf sy: "Van mijn sympathie voor het handjevol dappere Boeren heb ik steeds in het openbaar getuigd. Zo vaak

de gelegenheid zich voordeed, heb ik in woord en geschrift hun belangen bepleit." Tydens 'n Amsterdamse byeenkoms van die vereniging Vrede door Recht, gryp Jacobs die geleentheid aan om sterk teen Engeland se optrede te protesteer. "Als zichtbaar resultaat hiervan beschouw ik de weigering van de Engelse regering om mij een paspoort te geven, toen ik op eigen kosten en eigen risiko naar Zuid-Afrika wilde gaan om aan die vrouwe en kindere in die konsentrasiekampe mediese hulp te verleen." Indien die reisdokument wel uitgereik is, kon Jacobs moontlik 'n Nederlandse eweknie van Emily Hobhouse geword het.

[\(6\)](#) Ek verwys deurentyd, in navolging van Jacobs, na haar reisgenote as "Mrs Catt" omdat dit haar so teken as karakter in die Reisbriewe. Die warm aard van die vriendskap tussen Jacobs en Catt kan uit die brieweboek *Lieve dr. Jacobs* (1985) afgelei word, 'n bundeling van Briewe uit die Wereldbond voor Vrouwenkiesrecht 1902-1942 saamgestel deur Mineke Bosch en Annemarie Kloosterman "ter geleentheid van 50 jaar Internasionaal Archief voor de Vrouwenbeweging 1935-1985". (Die iav in Amsterdam is opgerig met die aanvanklike doel om aan Jacobs se nalatenskap - haar argief en biblioteek - "een waardige bestemming" te gee (Bosch & Kloosterman 1985: 7). Tans heet dit die iav, "Internasionaal Informatiecentrum en Archief voor de Vrouwenbeweging".) Jacobs en Catt het mekaar in 1904 tydens die tweede Europese kongres in Berlyn vir die eerste keer ontmoet (Jacobs 1995: 244). Reeds in 1906, toe hulle 'n reis deur Midde-Europa onderneem het, het hulle planne begin beraam om op 'n wêreldreis te gaan (Bosch & Kloosterman 1985: 126). Albei het sterk persoonlikhede gehad en, ten spyte van gemeenskaplike vriendinne in die Vrouebeweging se vrese, het die twee dames se vriendskap die toets van hulle wêreldreis deurstaan. Hulle was skynbaar goed teen mekaar opgewasse en Catt het ná die reis in haar dagboek geskryf (hier in Nederlandse vertaling weergegee): "Nadat het reisgezelschap was teruggebragt tot ons tweeën [hulle gesellinne deur Afrika het hulle in Kaïro verlaat - EJ], was alles in harmonie. We hadden dezelfde wens ten aanzien van hoe we reisden en we waren het lang niet altijd met elkaar eens, maar we werden gezworen kameraden. Haar toewijding aan de zaak van haar sekse, haar kennis van vele onderwerpen, haar goede geheugen en haar onuitputtelijke energie, dat alles maakt haar tot een waarlijk bijzondere en grote vrouw. Met wederzijds respect zijn we uiteen gegaan, we zullen de meest fantastische ervaring die elk van ons ooit doormaakte, altijd blijven delen" (Bosch & Kloosterman 1985: 29). Die lof oor hulle vriendskap was wedersyds. So het Jacobs in 1924 (Jacobs 1995: 311) geskryf: "Het moet mij alleen nog van het hart dat ik, voor het eerst weder na de dood van mijn man, een gelukkig jaar [in 1911/12 - EJ] heb doorleefd. Het was een jaar waarin ik weder dagelijks verkeerde in een sfeer van liefde en intelligentie, door den omgang met een persoonlijkheid met wie ik volmaakt sympathiseerde en die ik tevens hoogelijk vereerde. Gedurende die reis van 16 maanden heb ik Mrs. Chapman Catt leeren kennen als een van die zeldzame, hoogstaande vrouwen, die in vroeger eeuwen heilig werden verklaard." Albei sukkel kennelik na die reis om weer aan te pas in hulle geboortelande. Mrs Catt skryf byvoorbeeld op 7 Desember 1912 aan Aletta: "Ook ik verlang naar de vrede van het globetrotten en zou willen dat we onze astrale lichamen vrij konden maken en samen weg konden vliegen om een bezoekje te brengen aan alles wat ons is overkomen na ons vertrek" (aangehaal deur Bosch & Kloosterman 1985: 138). Die slotreël van Jacobs se brief van 28 Junie 1929 aan Catt het gelui: "Als ik bij bewustzijn ben als ik sterf, zal het zijn met een lieve gedachte aan jou op mijn lippen" (Bosch en Kloosterman 1985: 30). Aletta Jacobs is in Augustus 1929 oorlede.

[\(7\)](#) In oorsigartikels (Blok 1978, S.B. 1978, Macaré 1978, Brunt 1978, Huisman 1978) wat verskyn na die 1978-heruitgawe van Jacobs se Herinneringen waarin een

van die 13 hoofstukke oor die "wereldreis" handel, word glad nie daarna verwys nie. Die enigste onlangse Nederlandse verwysing na haar reisverslag waarvan ek bewus is, is die kort uittreksel "Ons verblijf in Kimberley" in Bzzlletin 203: 21-24 (Februarie 1993).

(8) Jacobs skryf in die Voorwoord tot die Reisbrieven: "omdat wij de positie dier vrouwen in sommige gevallen eene verrassend gunstige vonden en in alle Aziatische landen "het ontwaken der vrouw," haar strijd voor verheffing, zoo duidelijk voor oogen zagen, kon ik mijne vreugde daarover in mijne brieven niet onderdrukken". Sy verwys nêrens direk daarna dat sy oor 'n Suid-Afrikaanse reisgids beskik nie, maar sy gee wel byvoorbeeld gereeld inligting oor inwonersgetalle en ekonomiese bedrywighede in die stede wat hulle besoek.

(9) "Wij hadden daarbij de gewoonte om op reis aantekeningen te maken en die ook uit te werken en in druk te geven als Reisbrieven" (Jacobs 1995: 231). So is hulle reise na onder andere Denemarke, Noorweë, Swede, Duitsland, Frankryk, Engeland, Skotland, Switserland, Noord-Italië, Oostenryk en Hongarye, die vsa, België en die stad Praag gedokumenteer.

(10) Die vrouekiesregbeweging was sterk afhanklik van vermoënde lede. So het Alva Belmont (1853-1933) byvoorbeeld na die dood van haar man ontpop as 'n "fervente feministe, met een speciale sympathie voor de militante techniek. Zij was formidabel rijk en trad op als Maecenas van de kiesrechtbeweging" (Bosch & Kloosterman 1985: 302). Mrs Catt was self ook 'n ryk vrou nadat haar man George W. Catt in 1905 oorlede is. Hy was 'n ingenieur en na sy dood het sy vrou sy groot konstruksiebedryf geërf. Dit het haar finansieel onafhanklik gemaak en sy kon haarself geheel en al aan die kiesregstryd wy (Bosch & Kloosterman 1985: 297).

(11) Van die min reisverslae deur Nederlandse vroue oor Suid-Afrika het so ontstaan. Tydens 1736 bring die Seeuwse susters Maria (1709-1738) en Johanna (1713-1736) Lammens enkele dae, 16-27 Julie, aan die Kaap deur terwyl hulle met hulle broer Pieter op die voc-skip Adrichem onderweg is na Batavia (Barend-van Haeften 1996: 94-101). Hulle dagboek oor die reis was vir hulle agtergeblewe familie en vriende in Seeland bestem (Barend-van Haeften 1996: 27) en is onlangs in 'n familieargief ontdek. Byna 70 jaar later vergesel die 18-jarige jonkvrouw Augusta Uitenhage de Mist in 1802-1803 haar vader en dr. Henry Lichtenstein op 'n 167 dae lange tog deur die binnelande van die Kaapse Kolonie en skryf 'n verslag daaroor in Frans vir die familiekring (De Mist s.j.). Artikels hieroor word beoog.

(12) So begin sy 'n vertelling oor vroue in Solo op Midde-Java met 'n "vooraf verontschuldiging", maar skryf dan: "Ik heb echter al zooveel wat ik hier zie en bijwoon en hoor in de pen moeten houden, om den lieven vredes wil al meer verzwegen dan gezegd, dat dit kleine tafereeltje, dat ik hier zag en op mij zoo'n diepen indruk maakte, hier wel geschetst mag worden": vroue wat die "levende have" uit mekaar se hare loswoel om dit dan "met graagte" te "verorberen", "zooals geen aap in Artis haar verbeteren zou" (rb 491-492).

(13) Dié gedeelte is tussen pp. 84 en 172. Nege van die 51 hoofstukke waarin Jacobs se reisboeke georganiseer is, handel direk oor Suid-Afrika: "Aankomst in Kaapstad (84-89; geskryf 9 Augustus 1911), "Ons verblijf in Kaapstad" (90-101; 22 Augustus 1911), "De reis naar Port Elizabeth en bezoek bij Olive Schreiner" (102-109; ongedateerd), "Ons verblijf in Port Elizabeth" (110-116; 2 September 1911), "Ons verblijf in Bloemfontein" (117-124; 7 September 1911), "Ons verblijf in Kimberley" (125-131; ongedateerd), "In Pretoria" (145-157; ongedateerd),

"Johannesburg" (158-165; 15 Oktober 1911), en "Durban" (166-172; 21 Oktober 1911). Die twee hoofstukke oor die reis na Rhodesië ("In den trein door Rhodesia en aankomst in Zambesie", 132-138, en "De Victoria Watervallen", 139-144) is indirek ook van toepassing. Op 24 Oktober is die dames reeds aan boord van die Avondale Castle, 'n vragboot wat teen die Ooskus van Afrika opgevaar en Port Said na 28 dae bereik het. 'n Aantal Suid-Afrikaanse foto's is in Reisbrieven afgedruk. Sommige is waarskynlik voorsien deur 'n destydse toeristeburo en verskil nie veel van die tipe wat Satoer jare later nog sou voorsien nie. Vier historiese interessante foto's is dié waarin dr. Jacobs en Mrs Catt verskyn saam met tien "Vrouwenkiesrecht-strijdsters in Kaapstad" (teenoor 81), Aletta Jacobs staande saam met Olive Schreiner "voor den ingang van O. Schreiner's huis" (teenoor 96), "Oud-President Steijn van Oranje Vrijstaat met twee zijner dochters. Zijne vrouw en moeder zitten voor hem" (teenoor 96) en "Mrs Chapman Catt en Dr. Aletta H. Jacobs met vele [17 - EJ] der Zuid-Afrikaansche afgevaardigden voor de vergadering in Durban tot oprichting van de Nationale Vereeniging voor Vrouwenkiesrecht in Zuid-Afrika" (teenoor 176). Volgens Annemarie Kloosterman (argiefafdeling van die iia) is daar geen ander foto's van die Suid-Afrikaanse reis in die argief van Aletta Jacobs of in die argiefstukke van Catt wat in die iia in Amsterdam bewaar word nie, maar miskien wel in die New York Public Library en die Sophia Smith College, Northampton, ma waar Catt se stukke bewaar word.

[\(14\)](#) Walker ontleen hierdie inligting aan Natal Mercury (3 Oktober 1911) en M. Peck se biografie Carrie Chapman Catt (1944: 181-182). Alhoewel Jacobs gemeen het die vroue in Suid-Afrika sal "weldra in het genot van hare politieke rechten zijn", onder meer danksy 'n "welgezinde pers" (rb 168), blyk die teendeel uit die Natal Mercury se hoofartikel (20 Oktober 1911): "We hope the women suffragists have enjoyed their picnic in Durban, but we do not think the political effect of their visit can have rewarded their endeavours, and we cannot pretend that we have any regrets for their non-success" (aangehaal deur Walker 1979:30).

[\(15\)](#) Tydens hulle besoek aan Durban het Jacobs self opgelet: "De Durbansche vereeniging voor Vrouwenkiesrecht had meer gewicht gehecht aan de komst van zoovele afgevaardigden uit eigen land, dan aan het feit, dat Mrs. Catt en ik de moeite hadden genomen over te komen en haar tot het laatste toe te helpen" (rb 168). Dit het daartoe gelei dat 'n aantal uitnodiginge hulle nie betyds bereik het nie, maar sy sluit wel af: "Van alle vrouwen die in Durban bijeen waren gekomen, ontvingen Mrs. Catt en ik de ondubbelzinnige bewijzen van waardeering en dankbaarheid, dat wij waren komen helpen."

[\(16\)](#) Effe sinies beskryf dr. Jacobs die feit dat dit nodig gevind is om die Heidelbergse vergadering met skriflesing en gebed te open. Die aanwesiges sou daardeur kwansuis "in de stemming" moes kom wat hulle "voor haar werk meenden noodig te hebben" (rb 155).

[\(17\)](#) Uit Reisbrieven blyk dit dat Jacobs steeds "kleurling" en "zwart" as sinonieme gebruik. Mense van gemengde afkoms beskryf sy as "gekruist" (rb 108) en lê veral klem daarop dat hulle nie "zuiver" (rb 147) is nie. Jacobs het Schreiner se werk goed geken. Haar vertaling van *Woman and labour* (1911, Londen en New York) het as *De vrouw en arbeid* (ook in 1911) in Amsterdam verskyn by P.N. van Kampen.

[\(18\)](#) Davenport (1989: 249-252) gee in die afdeling "The unacknowledged protest of the blacks" 'n aanduiding van die mate waarin swart politieke behoeftes in hierdie tyd reeds begin uitkristalliseer het, onder andere deur die stigting van die

anc se voorganger, die African Native National Congress in Januarie 1912, enkele maande ná Jacobs en Catt se besoek aan Suid-Afrika.

[\(19\)](#) Holtrop (1978) vervolg: "Maar tegeliktijd past het om vast te stellen dat zonder die autoritaire instelling het vrouwenkiesrecht, onderwijs voor meisjes, anticonceptie en al die andere zaken waar ze zich druk om maakte, aanzienlijk langzamer van de grond waren gekomen. En dat daarom Aletta Jacobs met reden de belangrijkste feministe van ons land genoemd mag worden."

[\(20\)](#) Sien Mani & Frankenberg (1985), asook die werk van Hulme (1986), Spivak (1986), Pratt (1992) en Spurr (1993). Bykans alle "Postcolonial Readers" bevat talle artikels wat Said se begrippe weerspreek of nuanseer. Vergelyk Gates (1986), Bhabha (1990) en Mongia (1996).

[\(21\)](#) Sien ook Adler (1996) se bespreking van Sarah Heckford (1839-1903) en Lady Florence Dixie (1855-1905) se tekste waarin sy aantoon dat die konvensies van "manlike" avontuur-verhale in plaas van die meer gebruikelike "huishoudelike" vroulike diskoers daarin voorkom.

[\(22\)](#) Sy noem verder ook dat sy "door een koortsbacil geïnfecteerd" terugkom uit Rhodesië (rb 145) en dat Mrs Catt skynbaar las het van die hoogte bo seespieël in Johannesburg (rb 161). Oor die algemeen is albei vroue egter steeds energiek en gesond.

[\(23\)](#) Kritiek op onderdak in Suid-Afrika het sy slegs een keer toe hulle hotelbeddens in Heidelberg "bevolkt waren, ook zonder dat wij er in lagen" en sy beweer dat dergelike "platte beestjes" nooit aangetref sal word "bij ons in een "Grand Hotel"" (rb 155).

[\(24\)](#) In Kaïro ontvang sy twee uitknipsels uit De Telegraaf en skroom nie om die eerste brief, "ondertekend door twee artsen uit Transvaal" met die strekking "dat mijne opvatting over de behandeling der inboorlingen in Zuid-Afrika niet de juiste is", in haar daaropvolgende Reisbrief teen te spreek nie. Jacobs bedien hulle uitgebreid van repliek (rb 277) en is van mening dat die volgende benadering gevolg moet word: "De oplossing van het kleurlingen-vraagstuk zal in Zuid-Afrika eene zeer moeilijke zijn, maar wil men eene rechtvaardige en wijze oplossing verkrijgen, dan moet men beginnen deze menschen met andere oogen te beschouwen, hun karakters te bestudeeren in de kraals, ik meen: zoolang zij nog onbesmet zijn door de aanraking met de Europeërs, en hen in deze eigen omgeving eerst tot eene hoogere ontwikkeling brengen, zoodat zij beter bestand zijn tegen de gevolgen van verleiding, verkeerde behandeling en verkeerde voorbeelden der blanken." Sy herinner lesers daaraan dat sy nie altyd alle omstandighede goed kon bestudeer nie en slegs haar indrukke weergee en ook nie verwag dat almal dit met haar eens moet wees nie.

[\(25\)](#) So noem sy dat Mrs Catt haar "reputatie, een eerste spreekster te zijn" (rb 112) gestand doen en dat haar oortuigende redevoeringe met "handgeklap en bravo-geroep" ontvang word (rb 92).

[\(26\)](#) Pattynama (1997) sê in dié verband: "Newly developed parental imagery, which acquired prominence around the turn of the century, derived from rhetorical practices that were deployed to legitimate colonial mastery. Symbols of fatherhood - and by implication, motherhood - cemented the relationship of Europeans with

native people by emphasizing the benevolent tutelage of "fathers" and "mothers." "

(27) Volgens Pattynama (1997) het rasse-identiteite teen die eeuwisseling sterk onderskeidende betekenis begin aanneem. "The colonial politics of modernity and apartheid in the Indies coincided with an emerging fear of miscegenation in Europe. Invented as a term in the late nineteenth-century vocabulary of sexuality, miscegenation became associated with a set of discourses about degeneracy and eugenics. The object of European fear was less interracial sexuality per se than the apprehensions about the decline of the (white) population that would be its inevitable result." Wolffers (1997): "De mestiezen zijn het levend voorbeeld dat het niet om twee werkelijk gescheiden werelden gaat. Een bekend spreekwoord uit die tijd was: 'God schiep de blanke mens en God schiep de gekleurde mens, maar de duivel creëerde de mulatto. [...] Men accepteerde verschillen tussen rassen (en geleidelijk begon men die verschillen ook te respecteren), maar de gemengdbloedigen werden nog lange tijd gezien als degeneraties [...]. Men zag de gemengdbloedigen liever niet omdat ze herinnerden aan het vele malen overschrijden der grenzen tussen de rassen". Sien in dié verband ook Ian Glenn (1996) se interessante artikel "Legislating Women". Hy bespreek hierin Suid-Afrikaanse literêre tekste deur blanke vroue waarin aangedring word op wetgewing om rassevermenging te verhoed.

(28) In my referaat by die XVde kongres van die ICLA in Leiden (16-22 Augustus 1997), "The discourse of difference in Reisbrieven uit Afrika en Azië (1913) by Dr Aletta Jacobs: A Dutch feminist's perspective on South Africa and the Dutch East Indies", word in groter besonderhede ingegaan op dié aspekte.

(29) Vergelyk haar opmerking: "Dat de kleurlingen in de Kaapkolonie echter het kiesrecht bezitten en uitoefenen en men hen in dat opzicht met de andere mannelijke burgers van de kolonie op voet van gelijkheid heeft gezet en hen zelfs boven de blanke vrouwen heeft geplaatst, schijnt de witte menschen niet tot nadenking te brengen" (rb 98 - my kursivering).

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 4de Jaargang, Nommer 1. Junie 1997

**Olive Schreiner en dr. Aletta Jacobs, voor die
ingang van Olive Schreiner se huis (Jacobs
1913 vol. 1: teenoor p. 96).**



Keer terug na [artikel](#)

[Ena Jansen](#) | [N.J. Jordaan](#) | [Henriette Roos](#) | [Andries Visagie](#) | [Kees Groeneboer](#) | [M.E. Nelson](#) | [Piet Swanepoel](#)

P.J. Schoeman as etnograaf en romanskrywer

- N.J. Jordaan -

Abstract

This article attempts to make the theoretical framework of post-colonialist anthropological theory (James Clifford; George Marcus; Vincent Crapanzano) applicable to the work of P.J. Schoeman. The lionization he enjoyed during his career and the neglect he has since suffered is addressed, as is the interrelation between the different roles he fulfilled during his life (as academic, government official and popular writer). The discussion centres on the narrative structure, and on the roles of the white narrator and the Bushman teller of tales, Xameb, in *Jagters van die Woestynland* (1951). While the apparatus of repression is present in various forms in the novel (the wealth and technological might of the narrator; his control of the speaking voice), I argue that the novel can not be seen to underwrite this hegemony. Although no critique is made explicit, the novel contains elements incommensurate with the Afrikaner Nationalist ideology expressed by the narrator and echoed by the early readers and critics of Schoeman's work.

1. Inleiding

Miskien is dit Schoeman se faam as middelmoet-romansier wat verhoed het dat hy ooit as wetenskaplike bestudeer of herevalueer is. Selfs binne die antropologie-departement aan die Universiteit Stellenbosch, waarvan hy die tweede departementshoof was (1938-'47), is hy grootliks vergete. Sy (seldsame) vakpublikasies het weinig nawerking getoon (hoewel oud-studente sy wispelturige persoonlike sjarme en meeslepende lesings memoreer), en word slegs by uitsondering volledigheidshalwe genoem in literatuurgeskiedenis. Verder wil dit voorkom of sy onderwerp (1) en die akademies-didaktiese houding van sy boeke daarvoor gesorg het dat die afsydigheid van die wetenskaplike gemeenskap ook die houding teenoor sy literêre werk gekenmerk het.

Daar is in elk geval genoegsame redes vir sy obskuriteit, waarvan die sukses wat hy gedurende sy lewe geniet het nie die geringste is nie. Hy is deur literatuur-historici soos Felix Lategan gekanoniseer as ongekompliseerde, sentimenteel-romantiese jeugboekskrywende Afrikaner-nasionalis. Hierdie karakterisering het aanvanklik wydlopieg en waarderend plaasgevind in die pers en uiteindelik in literêre geskiedenis, en later verstil en verkleur tot onuitgesproke afkeur, vir die hedendaagse reënboognasie onherroeplik oranje-blanje-blou gevlek. Hoewel byna al ons ouers en 'n goeie persentasie van húl ouers sy boeke uit hul jongdae ken (en bes moontlik een behandel het op skool), (2) sien niemand regtig uit daarna om aan hulle herinner te word nie.

Dit alles het meegebring dat P.J. Schoeman as populêre skrywer nog nie aanwesig was binne die post-koloniale diskoers soos gevoer in Suid-Afrika nie. As volkekundige, kan 'n mens na my mening aanvaar, het hy gedeel in die stigmatisering van die ander Stellenbosse volkekundiges as:

more than collaborators and "handmaidens" of the South African government as it sought to implement its policies of apartheid: they were the ideological spearhead and the theoreticians of the National Party prior to and during its first decades in power.

Whisson 1985: 133; aangehaal in Coertze 1991: 31

De geskiedenis van Suid-Afrikaanse "volkekunde" val buite die bestek van hierdie artikel, en ek volstaan met Coertze se reaksie: "Dit is [...] eienaardig dat Whisson (1985) en ook Sharp (1981) die voorsegginge van die staatsbeleid van apartheid verbind aan die optrede van 'n klein koterie "volkekundiges" wat in belangrike opsigte hulle akademiese vorming op Stellenbosch ontvang het. So 'n siening is 'n uiterste vereenvoudiging [...]" (Coertze 1991: 31).

In hierdie artikel wil ek 'n poging aanwend om 'n minder vereenvoudigende visie op Schoeman se werk te bied. My vraagstelling en teoretiese kader is afgelei van onlangse etnografie, waarin ek veral die observasies oor die verwickeldheid van wetenskaplike en literêre tekste waardeur. Ná 'n inleidende bespreking van relevante aspekte van etnografiese teorie, analiseer ek sekere prosesse waardeur en waarbinne Schoeman se tekste ontstaan het. Vir die begrip van hierdie prosesse vind ek dat dit nuttig is om hiërargisering as 'n sentrale konsep te hanteer.

Hierby gaan dit sowel om teks-interne hiërargië (soos die verhoudinge tussen karakters, en die rolle wat aan hul onderskeie motiewe toegeken word) as om meta-tekstuele kwessies (soos die neerslag van hierdie hiërargië in die sintaksis en kenwyses wat in die boeke gebesig word). Ek neem ook kennis van die implikasies van hiërargië in die ekonomiese en kulturele sferes waarbinne hulle optree (waarby Schoeman as veldwerker en etnograaf vir my van voorbeeldmateriaal bedien), asook binne die resepsie-konteks van Schoeman se werk. Die gerigtheid op hiërargisering bied insig in die werking van dominasie in al hierdie kontekste.



2. Die etnografiese leeskonteks

Gedurende die laaste twee dekades het daar 'n styl van etnografie gangbaar geword waarbinne pogings om kulture op omvattende, gesaghebbende wyse vanuit 'n vaste oogpunt te beskryf, laat vaar is, ter wille van die gedetailleerde beskrywing van die vorme aangeneem deur spesifieke diskoerse op spesifieke historiese momente. Dit word gekenmerk deur 'n aansienlike mate van selfrefleksiwiteit en teoretiese sofistikasie. In die voorwoord tot 'n versamelbundel etnografiese essays (*Writing culture: the poetics and politics of ethnography*) noem James Clifford enkele kenmerke van die hedendaagse etnografie: "A major consequence of the [recent] historical and theoretical movements [...] has been to dislodge the ground from which persons and groups securely represent others" (Clifford & Marcus 1986: 22); en verder, as gevolg daarvan: "we can ask new, critical questions of all ethnographies. However monological, dialogical or poliphonic their form, they are hierarchical arrangements of discourses" (id.: 17). [\(3\)](#)

Clifford bied in sy inleiding nie eksplisiete metodologiese standpuntinname nie, en die verteenwoordigers in die bundel produseer inderdaad uiteenlopende tekste. Die redakteurs was kennelik hiervan bewus: "As editors we have not prodded them

toward thematic unity or tried to contrive artificial "conversations" between them" (id.: viii). Die versameling beoog: "discussions of current possibilities for experimental work" (id.: viii; my nadruk). Verskillende agtergronde en benaderings is ter sake. Hulle deel wel 'n hoë mate van aandag vir die vorm van hul studieobjekte, wat sowel ander kulture as voorbeelde van etnografieë insluit. Clifford se "new, critical questions" is onvermydelik vaag, aangesien hy juis 'n gesindheid wil aandui wat neerkom op 'n geneigdheid om, op verskillende maniere en met wisselende oogmerke, téén die grein van tekste of hul aanvaarde resepsies in te lees.

Sherry Ortner (1984) sluit op 'n meer evaluerende toon aan by die visie van diversiteit wat Clifford bied as sy Eric Wolf aanhaal:

[...] the field of anthropology is coming apart. The sub-fields (and sub-sub-fields) are increasingly pursuing their specialized interests, losing contact with each other and with the whole. There is no longer a shared discourse, a shared set of terms to which all practitioners address themselves, a shared language we all, however idiosyncratically, speak.

in Ortner 1984: 126

Dit is ook haar eie standpunt: "The state of affairs does seem much as Wolf describes it. The field appears to be a thing of shreds and patches, of individuals and small coterie pursuing disjunctive investigations and talking mainly to themselves" (Ortner 1984: 126). Persoonlik laat sy haar minder terughoudend uit oor wat volgens haar beskou kan word as die eie-aard van die nuwe etnografie. By haar analise is dit egter nodig om in gedagte te hou dat sy eerstens haarself verteenwoordig (soos reeds blyk uit die voorafgaande aanhaling), en dus in 'n wesenlik ander posisie verkeer as Clifford en Marcus, wat 'n diskussie ter tafel lê. Dat sy hiervan bewus is, word tegelyk spelerig en nougeset aangegee, in woorde wat die bogenoemde meta-styl eksemplifieer, in haar motivering van die veranderinge wat sy beskryf: "Actors always wish to claim universality for their particular experiences and interpretations. I would suggest then that in some relatively objective sense, there was in fact a major set of revolutions in anthropological theory, beginning in the early sixties" (Ortner 1984: 127). Haar naam vir, en bondige omskrywing van die opkomende etnografie wat sy ten slotte uiteensit, ná 'n oorsig oor die voorafgaande dekades se teorieë, is:

[...] modern practice theory, [which] seeks to explain the relationship (s) that obtain between human action, on the one hand, and some global entity which we may call "the system", on the other. (4)

148; my nadruk

Sy voorsien ook 'n nouer, of minder vryblywende, formulering van wat Clifford suggestief "hierarchical arrangements of discourses" noem. Vir haar beteken die toespitsing op sodanige hiërargisering die "centrality of domination within the practice framework" (152; my nadruk). In konkrete terme word dit:

[...] the emphasis has shifted from what culture allows and enables people to see, feel, and do, to what it restricts and inhibits them from seeing, feeling, and doing. Further, although it is agreed that culture

powerfully constitutes the reality that actors live in, this reality is looked upon with critical eyes: why this one and not some other? And what sorts of alternatives are people being dis-abled from seeing?

Ortner 1984: 152

Veral in die konteks van Ortner se gepolitiseerde invulling van die aandag vir hiërargisering wat ook Clifford opmerk, behoort dit op te val dat nóg Clifford, nóg Ortner 'n agent van mag en dominasie stel teenoor 'n louter belemmerde en gehinbeerde slagoffer daarvan. Die belemmering is algemeen en onpersoonlik. Hierdie visie lê ook ten grondslag van my begrip van Schoeman.

Die anti-teleologiese visie wat Clifford hierbo opper (van tekste as "arrangements of discourses", en nie suiwer as óf instrumente van onderdrukking óf oproepe tot bevryding nie), kan volgens kritici lei tot 'n verwaarlosing van die sosiale praktyke waaruit diskoerse voortkom, en waarbinne hulle en die navorser gesitueer of vasgevang is. Wat oorbly word dan 'n feitlik uitsluitlike konsentrasie op die taalspel. Etnograwe stel hulle egter as 'n reël ten doel om 'n werklikheid te beskryf. Hulle medieer boonop tussen kulture (5) - 'n onderneming wat 'n geloof verg in die interkulturele geldigheid van representasies. Dit is dus te verwagte dat die "tekstualisering" van die kultuur vir heelwat ambivalensie gesorg het by etnograwe, afhangende van die aard van die tekste wat hulle (be)skryf, en veral namate hulle self betrokke is in veldwerk of die verwerking daarvan. John van Maanen se (bewus-arbitrêre) benoeming van 'n reeks verskillende etnografiestyle, (6) waarvan sommige binne bepaalde periodes dominant was en ander slegs marginaal voorgekom het (byvoorbeeld anekdoties tussen ontspanne kollegas), registreer diachronies die impak van die meta-stroming in die etnografie. Enersyds kan die toenemende destabilisasie (volgens Clifford: "[to be without] ground[s] from which [to] securely represent others") van die etnograaf as skrywer en wetenskaplike raakgesien word in die opeenvolging van style. Terwyl grondleggende skrywers soos Evans-Pritchard, Mead, en Malinowski (7) "Realist Tales" produseer, word die toon veral sedert die sewentigerjare aangegee deur die "Impressionist Tales" van, byvoorbeeld, James Clifford en Clifford Geertz. "Of all the ethnographic forms [...], realist tales push most firmly for the authenticity of the cultural representations conveyed by the text", skryf Van Maanen (1988: 45). Clifford se karakterisering van sy en Marcus se redaksionele oogmerke, na aanleiding van sy inleidende bespreking van Malinowski, is 'n reaksie op die ideologie van die "Realist Tale":

The essays collected here assert that this ideology [i.e. realism] has crumbled. They (8) see culture as composed of seriously contested codes and representations; they assume that the poetic and the political are inseparable, that science is in, not above, historical and linguistic processes. They assume that academic and literary genres interpenetrate and that the writing of cultural descriptions is properly experimental and ethical.

Clifford & Marcus 1986: 2

Die ondergang van die "Realist Tale" beteken egter nie alleenlik 'n destabilisasie nie; ook nie alleenlik 'n besnoeiing van die etnografiese korpus nie. Dit laat - andersyds - die teoretikus toe om ander, vroeër tekste as antropologie of etnografie te herken, toe te eien, te integreer, of leesbaar te maak. So word die prototipiese realis, Bronislaw Malinowski, met die postume publikasie van sy dagboeke ook

verteenwoordiger van 'n splinternuwe variëteit van die bieg-genre ("Confessional Tales") waarin die antropoloog alle pretensie van objektiwiteit prysgee of verloor. (9) Op 'n analoë wyse kan 'n brug geslaan word tussen Schoeman die populêre skrywer van jagverhale en sprokies, en Schoeman die obskure etnograaf. Dit is hoofsaaklik wat ek in hierdie artikel beoog, deur 'n bespreking met sy Jagters van die woestynland as fokuspunt, waarby ek uitgaan van Clifford se nadruk op die hiërargiseringe in die teks. (10) Enkele ander tekste, sowel gepubliseer (Trados die Swerwerboesman, Uit die dagboek van 'n wildebewaarder) as in manuskripvorm (veldnotas geneem in die vroeë vyftigerjare in die toenmalige Suidwes), (11) sal in die loop van die bespreking ter sprake kom.

3. Implikasies vir die lees van Schoeman se tekste

Die implikasies van hierdie trant van teoretisering vir 'n herlesing van Schoeman is ingrypend: soortgelyk aan die manier waarop die gespletenheid tussen Malinowski die dagboekskrywer en Malinowski die aartsvader van ortodokse etnografiese praktyk opgelos is, kan Schoeman se volkekunde met sy fiksie versoen word. Dit is trouens insiggewend om te besef dat die opposisie geensins vanselfsprekend, of selfs eenvoudig toepasbaar is nie. Hiervan getuig reeds die ongemak van kritici met baie van Schoeman se boeke, waaraan hulle neig om die status van "roman" te ontsê en tog binne die literêre kanon opneem, en uitsluitlik binne literêre kontekste ter sprake bring. Binne die konteks van hierdie veranderende etnografie, met sy kritiek op die tekstuele kanon en bygaande konvensies van "wetenskaplikheid" in onderwerpskeuse, outeurshouding en retoriek, kan Schoeman se tekste gesien word as pogings om 'n werklikheid waarin die Boesman- en blanke kulture déél, te representeer. (12) Hierdie leesvoorneme stel die konsepte, teorieë en evaluasiekaders van 'n wyer tradisie tot die beskikking van die leser. Soos reeds blyk uit my aanhalings van Clifford en Ortner, beteken dit tans 'n eklektiese veld, waarin die abstrakte teoretisering van Stephen Tyler ("Post-modern ethnography: from document of the occult to occult document", in Clifford & Marcus 1986) naas Vincent Crapanzano se nugtere eerstepeersrelaas (1985) kan voorkom. In my behandeling van Schoeman is die belangrikste spore van hierdie agtergrond tweeledig: Eerstens motiveer dit my aanname van die kompleksiteit van sy teks (waarin ek verskil van die geldende evaluasie van sy oeuvre as jeugliteratuur en sprokies; hetsy kwalike "hunting tales for children" (Witz 1993: 20), of "gesonde romantiek" wat "verheffend op die jong gemoed [in]werk" (Lategan 1982: 359). En tweedens motiveer dit die erns waarmee ek die verhouding daarvan met die werklikheid (of, in ander woorde, die posisie daarvan binne die kulturele sisteem; vergelyk Ortner 1984: 152 hierbo) bejeen.

Oor hierdie punt, die volgende. Die bestaande Schoeman-literatuur (gekenmerk deur eng estetiese norme) (13) weier alle erkenning van die moontlike praktiese werkdadigheid van Schoeman se diskoers. Sy boeke speel af in 'n veraf sfeer, verwyderd van hul lesers in tyd, ruimte en leefwêreld; altans, daar het hulle nog altyd afgespeel - deels omdat sy boeke deur resensente wat hom bewierook vir sy verhale oor die "onbekende", die "wilde", en die "donker siel van die inboorling" (14) geplaas is op hierdie periferie. Geen kritikus of joernalis betoog dat die sentrum, die kultuur wat hulle self met Schoeman deel, óók onteenseglik betrokke is in sy boeke nie. Selfs wanneer Schoeman in 1952 sewentien Boesmans na die Van Riebeeck-fees aan die Kaap bring, lei hul fisiese teenwoordigheid geensins tot 'n besef dat hulle en die toeskouers 'n hede deel nie. (15)

Dat Schoeman self op 'n komplekse wyse meedoen (en probeer beantwoord) aan hierdie distansierende leeswyse, wat by sy kritici en vermoedelik by meeste van sy lesers gefunksioneer het as 'n skadeloosstelling van alle potensieel kritiese momente van sy diskoers, is besonder navrant. Die passie wat kommentators by hom waardeur, (16) spruit seer sekerlik nie uit 'n eenvoudige vermaaklikheidsdrang nie. Hiervan getuig sy werksaamheid as voorsitter van die Boesmankommissie (1950-1953) en as hoofwildbewaarder van Suidwes, waartydens hy byvoorbeeld grotendeels tevergeefs, téén die uitbreiding van blanke boerderybelange, die behoud van die Boesmans se jaggebiede bepleit. Om, soos Witz, sy voorsitterskap gelyk te stel aan die "official discourse in the 1940s and 1950s", en die doelstellings daarvan tussen satiriese aanhalingstekens in kwarantyn te plaas ("It was this newly discovered "reality" which had to be taken into account when "solving" the "native problem"), bly 'n oorvereenvoudiging (Witz 1993: 21). (17)

Die feit dat Schoeman meedoen aan die leeswyse van sy kritici ten spyte van sy betrokkenheid by, in hierdie geval, die Boesmans, roep die vraag op in hoeverre hy bewus was van die wisselende aard waarin kritiek wel tot uiting gekom het in sy diskoers. Is hy byvoorbeeld bewus van 'n element van self-ontmaskering - denkbaar dekonstruksie - by sy vertellers? Dit wil voorkom of hy hom in sy skrywerskap vereenselwig gevoel het met 'n Afrikaner-Nasionalistiese, manlik-chauvinistiese woordeskat en begripsapparaat, (18) waardeur die eksplisiete selfrefleksiwiteit in sy betoog gekompromiteer word. Aangesien sy denke desnieteenstaande politieke ortodoksie oorskry, toon sy diskoers breuke - sy boeke verbrokkel - wat hom herhaaldelik aangemeet word as artistieke foute. (19) Dat sy tekste wel 'n verrassend groot mate van selfrefleksiwiteit vertoon, is vandag uit 'n enigszins literêr-teoreties geïnformeerde oogpunt nie te misken nie. Soms verdring hierdie struktuurasppek die narratief uit die teks, en neig dit inderdaad om die teks te skaak, en dit geheel in sigself op te sluit. Hierdie bewering verg natuurlik heelwat onderbouing, wat ek hoop om in die loop van my artikel te voorsien. In die slotparagraaf kom ek vir oulaas daarop terug.

Ek het in hierdie inleidende gedeelte betoog dat Clifford ewe veel 'n manier van lees as 'n wetenskaplike skryfbedryf beskryf wanneer hy opmerk: "Ethnography is moving into areas long occupied by sociology, the novel, or avant-garde cultural critique [...] rediscovering otherness and difference within the cultures of the West" (Clifford & Marcus: 23). In die lig van die oorwegings in die vorige paragraaf, maak Clifford se stelling 'n herlesing van al Schoeman se wetenskaplike tekste (met aandag vir die beperkende beelde en hiërargiseringe van hul retoriek) sáám met die populêre werk (met 'n oog vir hul kritiese en andersins aktuele lae) 'n belowende onderneming. In my veel meer beperkte analise, ondersoek ek die implikasies van die bogenoemde vrae vir 'n lesing van Jagters van die woestynland. Miskien kan ek by voorbaat waarsku dat ek my geen vindikasie van Schoeman ten doel stel nie, en ongelukkig geen uitsluitel kan bied oor die meeste van die kwessies wat ek in die vorige paragraaf geopper het nie. Al wat ek kan doen, is om te probeer aantoon in hoeverre hierdie vrae deur Schoeman se werk self opgeroep word. Ek wil aantoon dat sy werk subtiel self-refleksief is, dat dit verskeie elemente van (self-, kultuur-) relativering bevat, en dat dit intensioneel meerduidig is. Ek wil ook kortliks stilstaan by die verhouding van Schoeman tot sy kontemporêre resepsiekonteks. In my bespreking wil ek raakpunte met die verhale en evalueringswyses van enkele moderne etnografiese tekste ter sprake bring, en enkele van my interpretasies onderbou deur verwysing na Schoeman se veldnotas. Dit moet geld as introduksie van die veldnotas as potensieel ryk bron by die lees van Schoeman se fiksie sowel as sy nie-fiksie. Uiteindelik wil ek 'n voorstel formuleer om Schoeman se tekste te onttrek uit beide genoemde leeskontekse, om

reg te laat geskied aan 'n solipsistiese element waarop ek sal wys. Ek stel voor dat hierdie solipsisme die gevolg is van Schoeman se onvermoë om afstand te doen van kultureel-bepaalde kategorieë, tesame met 'n afkeer van die noodwendige gevolge van hierdie kategorieë. In hierdie verband konsentreer ek op die wyse waarop die konsep van besit na vore kom in Jagters van die woestynland, Uit die dagboek van 'n wildbewaarder, en sy veldnotas.

3. Die vertellersposisie in Jagters van die woestynland

"Toe die wêreld nog nat en vol vleie was "

"Vol moerasse?"

". . . . nat en vol vleie was [...] gewaar hy 'n

groot wit waterblom "

"'n Waterlelie . . . ?"

". . . . 'n wit waterblom op die donker waters

[...] [en daar] is die draer van die warm pylpunt vasgeknyp

tussen twee stywe lippies "

"Blare . . . ?"

". . . . vasgeknyp tussen twee stywe lippies."

Schoeman [1951]: 1-2

Só open die boek. Onder op die tweede bladsy vind die leser uit dat die luisteraar wat so knaend onderbreek as "Wit Vader" aangespreek word, en daarna, dat die verteller Xameb heet.

Xameb begin praat en, ten spyte van herhaalde pogings van die witman om hom in die diskoers te laat geld (benewens die bogenoemde vrae ook voorgestelde bystellings en alternatiewe weergawes van feite) hou hy deurgaans die hef in die hand. Hy vertel 'n kort skeppingsverhaal oor die ontstaan van die eerste Heikum-Boesman (20) (terloops: "Dit was 'n vrou"); daarna, as antwoord op van die witman se vrae, stel hy 'n tema aan die orde wat as onderliggend aan die boek as geheel gesien kan word:

"Vandat ons lewe soos nou Vandat julle witmense, en die swartmense, ons uit die lande van die lopende waters verdryf het."

"Wag 'n bietjie, Xameb! Laat ons mekaar mooi verstaan, want ek het ver gekom. As julle nie ons vee geslag het nie, sou ons in vrede saam kon geleef het."

"Ai Wit Vader, moet jy, wat al so baie van ons honger en dors en dood hier in die woestynland gesien het, ook nog so 'n leuen napraat?"

"Wat in die boeke neergeskryf is, Xameb, raak nie kort van geheue nie."

Schoeman [1951]: 3

Met sy finale teenwerping beken die blanke kleur (om 'n dubbelsinnige segswyse uit te buit). Hierdie is sy boek, waarvan hy in die volgende hoofstuk as die verteller-karakter na vore tree. En hy dank sy status as verteller nie aan sy gesaghebbendheid of aan die prontheid van sy diskoers nie - want daarin is Xameb hom kennelik vóór (21) - maar aan die voldonge feit dat hy binnekort (dit wil sê, vanaf die tweede hoofstuk) buite die ban van die aanhalingstekens te staan kom. Xameb se weergawe word egter nie alleen op die volgende bladsy, en uitgebreid in die res van die boek, bó die van die verteller verkies en onderbou nie - ook die verteller se geloofs-verbintenis tot boek-kennis (en die afhanklikheid van sy gesag daarvan) word in hierdie aanhaling ondubbelsinnig te kenne gegee. Met sy tipiese, tergende inkonsekwentheid laat Schoeman sy verteller vroeër op dieselfde bladsy sy ondervraging motiveer: "Maar, Xameb, ek het baie ver gekom om te soek na die nog lewende geel weeskindertjies van die woestynland" (3). Hoe rym dít met sy geloof in die boekgeheue, en sy verwerping van Xameb se gesproke woord? Indien die boekkennis primêr was, vanwaar dan sy afhanklikheid van Xameb? Terwyl Schoeman se werk oor die algemeen onkrities beskryf word as 'n gesaghebbende verewiging van verdwynende kulture, en hy dit by geleentheid self as sulks beskryf (Schoeman 1933: 4; hierop kom ek hieronder terug), word hierdie gesaghebbendheid in die dialogiese opbou van sy fiksie telkens gerelativeer. Verder moet in gedagte gehou word dat 'n terugkerende topos van boek- en skrifverwysings deur hierdie woordewisseling ingelei word, en dus by implikasie op losse skroewe te staan kom.

In 'n lesing soos die huidige, waarby die blikveld Schoeman se wetenskaplike en amptelike tekste insluit, moet in gedagte gehou word dat die scenario wat teks-intern, in die fiksie, met simboliese en allegoriese botone afspeel, 'n konkrete ewebeeld vind in Schoeman se akademiese en amptelike werksaamhede. Hieronder kom ek op hierdie belangrike punt óók terug.

Xameb se woorde open die boek en oorheers vervolgens die direkte rede wat die hele eerste hoofstuk beslaan. Die verteller pleit by hom om informasie, maar verlang veral om die "drie stories van die Heikum-mense" te hoor (2). Teen Xameb wat hom gedwee antwoord: "'n mens moet nie al die murgbene op een aand uitstamp nie" (26), is hy magteloos. Op bladsy 149, meer as driekwartpad deur die boek, het dit geword: "ou Xameb [het] weer 'n klomp voëls op die vuur gegooi en geantwoord: "Môre sal die groot storie begin." Sewe-en-twintig bladsye verder is dit voorlopig afgelope met die vertelling, en peins die verteller in woorde waarin die bostaande aanhaling (3) nog na-eggo: "Ek het ver gekom en reeds baie swaar deurgestaan om Xameb se stories - van ons geboorte, ons lewe, ons dood - na te spoor. Hy het die drie stories nie vertel - nie apart vertel - soos ek dit verwag het nie. Ek sal hom moet vra om orde uit die chaos te skep" (176; my nadruk).

Soos algaande duidelik behoort te wees, is hierdie verteller wat narratief betref nominaal. Sy effektiwiteit kom na vore in die skep of beding van hiërargieë - byvoorbeeld op die interpretasie-, tipografie- en gesagsvlakke. Op hierdie trant passeer die ganse boek in 'n ekstase van afwagting vir 'n openbaring van "orde uit

die chaos" wat nooit kom nie, gepaardgaande met 'n onvoorspelbare ossilasie tussen pseudo-wetenskaplike, kultuurchauvinistiese boekgebondenheid, en hierdie volkome vereenselwiging van die verteller met die verhale waarna hy soek, wat hy in sy eie kultuur mis, en nie by magte is om self te vertel nie. In hierdie afwesige "drie stories" setel die eenheid van die boek. Dit is, ten slotte, 'n relaas van 'n reis onderneem op soek na die stories, om, soos gaandeweg duidelik word, deur 'n metafisiese begroning sin te gee aan "ons" selfervaring.

Die posisie van die onmagtige verteller (as bedelaar en aasdier) kom nog duideliker na vore uit die feit dat sy soeke klandestien is, verhul onder die instrumentalistiese voorwendsel dat die witman, met sy tegnologiese superioriteit, hom ontferm oor Xameb se dogter Twihi, en onderneem om haar te bring na waar sy kan trou met 'n on-verwesterde Boesman. (22) Onderweg gebruik hy sy voertuig meer om Xameb te belemmer as om hom te help: "Wat ek nie vir hom gesê het nie, was dat ek Twihi weg van die vars spore wou kry. Ek wou baie graag nog een of twee "Toktokkie-stories" van haar hoor voordat die een of ander Radipôtso se woestynjagter haar vra om kloudorings uit sy voete te haal" (138). Sien hier die baasverteller ("die romantiese veldfilosoof", Barnard 1968: 20) gereduseer tot opskepouer by 'n Boesman-meisie, ter wille van sy boek en sy sielerus. Ironies genoeg is dit juis die drang tot kennis en insig wat 'n onoorbrugbare kloof skep tussen die verteller en sy omgewing: met sy sakboekie byderhand vir die opraap van waarhede, tree die verteller dikwels na vore vrywel as spioen. Aangesien hy universele waarhede aan sy reisgenote wil ontfutsel, ten bate van sy blanke gehoor tuis, is hy altyd op soek na 'n betekenis verskuil of weerhou ágter die sigwaarde van hul woorde. Sodoende verobjektiseer hy Xameb, Twihi, en die jagters wat hulle ontmoet. Hulle word etnografiese informante, voorbeelde van 'n tipe, "lewende fossiele". Ek het reeds beweer dat sodanige verobjektisering by Schoeman se kritici en bewonderaars verstaan kan word as 'n distansiëring om die gewete te salf by die eersdaagse uitwissing van die ras, kultuur, of wildsoort onder bespreking. By Schoeman self word dit 'n ontologiese kwessie, 'n implisiete vraag: bring die posisie van die skrywer ooit enigiets behalwe verwydering mee? Elders word die spioen-status van die verteller, omgewe deur sy materiële kultuur en met sy visie daardeur gemedieër, feitlik emblematises tentoongestel:

Omdat ek hulle [die Boesmans] 'n kans wou gee om die saak op hulle gemak te bespreek, het ek in die vragmotor gaan sit.

Ek het die spieëltjie so gedraai dat ek hulle kon dophou.

Schoeman [1951]: 31

Die simboliese lading van taferele soos hierdie binne die dialektiek van mag en beheer moet nie onderskat word nie. Die magspel speel af in onder andere die baas/kneg (en, meer implisiet, weerlose nuweling/ woestynkenner) verhoudings tussen die verteller en Xameb; in hul wedywing om die spreekbeurt; en in die balansering van die afhanklikheid van die verteller van Xameb as tolk, teen sy bitsige kommentaar in die boek wat vir Xameb ontoeganklik sal bly. Hierdie botsings en spanninge vorm 'n belangrike tema, en vergestalt 'n veel meer pragmatiese waarheid omtrent die betekenis van die Boesman vir die blanke, van die perifere kultuur vir die sentrum, as die verteller se versugting na die "drie stories". Hoewel die "drie stories" sonder twyfel eksplisiet as die onderwerp van die boek geld, bied 'n tafereel soos die bogenoemde 'n oogpunt waaruit 'n deurlopende implisiete onderwerp raakgesien kan word. Die uitgesproke doelstellings van die verteller vorm, met ander woorde, die eksplisiete onderwerp, en die wyse waarop die nastreef van sy doelstellings uitgebeeld word, die implisiete onderwerp. (Ek

kom straks uitvoeriger hierop terug in 'n kort bespreking waarin ek weereens die eerste hoofstuk van Jagters van die woestynland as uitgangspunt neem.)

Hierdie blik op die strukturering van die narratief blyk die teks te oorskry: dit bied ook sig op die resepsiekonteks. Dit werp byvoorbeeld lig op die terminologie van toe-eiening en verryking wat aanhoudend gebesig word in die loftuiting van Afrikaner-literature. Volgens Lategan het Schoeman die "natuurrykdom" en sy "belewensse in die bosse van Afrika [...] tot groot wins van die Afrikaanse prosaverhaal ontgin" (my nadruk; Lategan 1982: 355). Daarmee het hy "ons letterkunde ook verryk" (id.: 359). Dat Schoeman se reputasie as "naturelle-kenner" hierdeur nie die geringste nuansering ontvang nie, is tekenend van die vooringenomenheid van sy lesers. 'n Sinvolle bystelling sou byvoorbeeld wees dat Schoeman nie eenvoudig kennis oordra nie, maar eerder 'n adversariële ken-verhouding wat by sy lesers en in die politieke denke van sy tyd optree, in sy teks representeer of modelleer.

In die voorafgaande het hiërgië wat raakgesien is rondom die spreekbeurt (die wedywering tussen Xameb en die verteller), boekgebondenheid (die verteller se verbintenis tot die tekens van wetenskaplikheid), en instrumentele waarde (die nut van die Boesman-verhale vir die verteller en die rede vir sy hulp aan Xameb; die begrip rykdom in die kritiek) voortgevloei uit 'n oorweging van die posisie en status van die verteller-karakter. Vervolgens vergelyk ek hierdie hiërgiseringe met moderne etnografiese praktyk, en gaan dan in op 'n sentrale konsep, naamlik besit.

4. Die hiërgiese magstrukture ingebed in Jagters van die woestynland en ander tekste

In my bespreking van die verteller se karakterisering van sy interesse in die eerste hoofstuk van Jagters van die woestynland (sy soeke na die "drie stories", as 'n soort siele-prospekteerder), is die ander opvallende element wat na vore gekom het die pronte aanwesigheid van hiërgiese magstrukture, op 'n meer onthullende wyse as wat dikwels die geval is in onlangse teoreties-gesofistikeerde etnografieë. (Hierbo het ek dit 'n "pragmatiese waarheid" genoem.) Ongeag Xameb se gesaghebbendheid binne die woordewisseling, vind die gesprek tussen aanhalingstekens plaas, tussen die omslae van 'n Afrikaanse boek in Kaapstad gedruk. "Julle het ons 'n nasie van swerweling en vlugteling gemaak," sê Xameb; en die verteller koester hierdie feit nog eens op sy tong wanneer hy Xameb se mense as die "nog lewende geel weeskindertjies van die woestynland" benoem (3-4; my nadruk). In Xameb se verwysings na die tegnologiese kompleksiteit van die blanke kultuur - met sy "ysterperde [wat] die wild op die vlug jaag" (5) en Boesmans verneder tot "bedelaars van die grootpaaië" (8) - figureer hierdie magsoorwig in die diskoers wat deur die witman verteenwoordig word, veral as belemmering vir die verteller in sy soeke na betekenisgewing. Juis hierdie magsoorwig is die gronde vir Xameb se wantroue en terughoudendheid. Dit is belangrik om hierdie evaluasie nie uit die oog te verloor by die verteller se telkense barsheid nie: ook dit, moet 'n mens aanneem, tel téén hom in sy pogings om die Boesmans se vertrouwe te wen en hul verhale te bekom.

In die heersende ortodoksie van teoreties-bewuste, dialektiese, sensitiewe etnografieë, is dit gebruiklik om hiërgiseringe teë te gaan, te weier, of elders te situeer. Die Amerikaanse etnograaf, Marjorie Shostak, open byvoorbeeld haar

redaksie van Nisa, 'n !Kung vrou, se orale outobiografie met veertig bladsye se kwalifikasie en prevarikasie wat daarop neerkom dat sy haar teks as onpartydig en deursigtig aanvaar wil hê. Sy karakteriseer haarself met die intrapslag ontwapenend as die gelyke van haar informante: "I presented myself to them pretty much as I saw myself at the time: a girl-woman, recently married, struggling with the issues of love, marriage, sexuality, work, and identity - basically, with what womanhood meant to me" (Shostak 1990: 7). Dit is in skrilke kontras met Schoeman se paternalistiese en outoritêre verteller wat deurgaans "Wit Vader" of "my Baas" (in Uit die dagboek van 'n wildbewaarder) heet, ten spyte van "ou" Xameb se senioriteit; wie se informante, in die etnografiese sin, vir hom hout aandra en vuurmaak; en wat optree as bemiddelaar tot "die groot baas in Windhoek" van wie die Boesmans vir hul voortbestaan afhanklik is (Schoeman [1951]: 31; die boek is opgedra aan "kol. P.I. Hoogenhout, Administrateur, en mnr. J. Nesor, Sekretaris vir Suidwes-Afrika'). By geleentheid wend hy hierdie mag as dwang aan: wanneer Xameb huiwer om op sy vragmotor te klim, skimp hy goedsmoeds oor tronkstraf vir Twihi, Xameb se dogter - "'n Paar oomblikke lank het hy my verbysterd aangegaap, toe het hy soos 'n half besimpelde wese geweeklaag: "Twihi in die tronk Twihi in die tronk . . . ! Die kind van die winde in die tronk!" (76). Die argelose wreedheid en skielike onttrekking van empatie is bevreemdend, en tipies, (23) en, op 'n wrang manier, eerliker of minder verbloemend as die opregte Amerikaanse etnografe se aanhanklike vreugde by die eerste blyke van aanvaarding. Van die mees persoonlike betrokkenheid en warmte in Lee se The Dobe !Kung kom voor wanneer hy vertel hoe 'n !Kung vrou hom binne hul naamstelsel benoem as haar kind, 'n gebeurtenis wat hy by herhaling ophaal (56; 72). (24) Shostak presenteer haarself ook as dogter, reeds in haar voorwoord, vooruitlopend op hierdie legitimasie. Wanneer 'n verteller by Schoeman selfs kortstondig ondergeskiktheid ervaar, volg daar telkens 'n brute herneming van gesag, meesal uitgedruk in terme van beheer oor die spreekbeurt: hy skrik, Twihi lag spontaan vir hom, en as Xameb net verskoning maak, reageer hy: "Ek het 'n prop by hom ingedruk" (132). (25)

Binne agt blaaie staan die stramien waarop van die boek dus vas (insoverre enige van Schoeman se fragmentariese geskifte werklik afsonderlike, selfgenoegsame werke is). Ondanks die opvallende formeel-dialogiese opset beantwoord die hoofstuk in sy keurslyf van hiërargië nie aan die verwagting wat Van Maanen van die "jointly told tale" koester nie: "that it should open up for readers the discursive and shared character of all cultural descriptions" (1988: 136). Xameb en die verteller deel weliswaar die kultuur-beskrywing, maar hul bydraes kan geensins gelykwaardig of additief aanvullend genoem word nie - daar word 'n wedersyds-dekonstruktiewe verhouding tussen hulle opgebou. Die gesaghebbendheid en betroubaarheid van Xameb se verhale, asook van die vertellings waarby hy as tolk optree, word aangetas deur hul ondergeskikte posisie in die verteller se hiërargie: die verteller voorsien die verhale van hul Afrikaanse vorm, en koppel hulle aan fiksionele karakters in 'n roman. Aan die ander kant slaag die hegemonie van die verteller nie daarin om kritiek wat deur Xameb uitgespreek word, te ontkrachtig nie: vergelyk Xameb se aanklag (waarna ek reeds verwys het) dat die "witmense, en die swartmense, ons [Boesmans] uit die lande van die lopende waters verdryf het" (3). Hy slaag ook nie daarin om Xameb se verhale en vertolkings diensbaar te maak aan die opset van sy boek nie. Die "drie verhale", byvoorbeeld, blyk einduit ontwykend te wees. Miskien was die hoopvolle, amelioristiese tint wat Van Maanen aan sy beskrywing van 'n (spesifieke, bewus-gekose) styl gee, tog minder 'n mistasting as 'n misleiding. Clifford formuleer 'n versoenbare standpunt sônder verwysing na die intensionaliteit van die skrywer:

Ethnographic work has indeed been enmeshed in a world of enduring and changing power inequalities [...]. It enacts power relations. But its function within these relations is complex, often ambivalent, potentially counter-hegemonic.

Clifford & Marcus 1986: 9

Dit kom goed ooreen met my opvatting van die uitwerking van die hiërargië in Jagters van die Woestynland.

5. Die hiërargie van vertelperspektiewe in Jagters van die woestynland en ander tekste

Indien Jagters gelees word as 'n etnografiese popularisering met didaktiese en moraliserende oogmerke, is dit vanselfsprekend om die belangrikste element van die boek te sien in die leerproses wat die verteller op eksemplariese wyse ondergaan, en waarin die leser deel. In sy mees beknopte vorm, word hierdie proses weergegee in die volgende (reeds aangehaalde) passasie:

"Vandat ons lewe soos nou Vandat julle witmense, en die swartmense, ons uit die lande van die lopende waters verdryf het."

"Wag 'n bietjie, Xameb! Laat ons mekaar mooi verstaan, want ek het ver gekom. As julle nie ons vee geslag het nie, sou ons in vrede saam kon geleef het."

"Ai Wit Vader, moet jy, wat al so baie van ons honger en dors en dood hier in die woestynland gesien het, ook nog so 'n leuen napraat?"

"Wat in die boeke neergeskryf is, Xameb, raak nie kort van geheue nie."

Schoeman [1951]: 3

Die verteller word geleer om sy oortuiging van die superioriteit van boekekennis te relativer, en om ander diskoerse binne syne toe te laat. Xameb is aanvanklik die verteenwoordiger van die heterogene diskoers. Dit word verder gevoer in ontmoetings met die "groot jagters van die woestynland" (26) en in die verhale (met Xameb as tolk) waardeur die gang van sake voortdurend onderbreek word. Ek sal hieronder argumenteer dat dit 'n leë leerproses is, 'n plekhouer met verbreding van insig in die Boesmankultuur as gestelde doelwit, maar wat tekstueel vergestalt word as 'n reeks aankondigings sonder invulling. En dit klop met Schoeman se onderliggende geloofsartikel: die eensaamheid van die mens.



'n Oorweging van die ingebedde verhale (27) as onderbrekings belof 'n insig dieper as hul behandeling in die belerende trant van die skrywer, en op 'n ander vlak as hul optrede binne die verteller se instrumentalistiese denkraam.

Ek wil die verhale op twee vlakke as onderbrekings beskou: eerstens



beteken hulle 'n opskorting van die verteller se monoloog, en tweedens verteenwoordig hulle "vreemde liggame" in die teks - te meer na mate hul oorsprong in Schoeman se veldnotas in ag geneem word. Hulle word naamlik grootliks ongewysig uit die veldnotas opgeneem in Jagters (28) (behalwe vir die informele grammatika en enkele skatologiesmes wat gekuis word), sodat hulle na afwesige outoriteite buite die teks (die oorspronklike informante) verwys.

Die verteller motiveer en karakteriseer sy belangstelling - miskien in die hoop om dit te legitimeer in die oë van sy lesers - as beperk tot die instrumentele nut wat dit mag hê vir Boesman-administrasie: "Omdat ek gretig was om die jagters van die woestynland beter te leer ken, het ek mooi probeer verduidelik: "Omdat julle die lees so goed ken weet julle hoe om met hulle te werk. My mense en ek wil baie graag weet hoe om met julle te werk" (Schoeman [1951]: 28; my nadruk). Die dreigende ondertoon is moeilik om mis te lees. Is hier sprake van implisiete kritiek op die verteller? Ontmaskering van sy partydigheid? 'n Suiwer teks-gerigte analise vanuit 'n post-kolonialistiese verwagtingsraamwerk sou sulke afleidings bykans vanselfsprekend vind. Gelees in die lig van uitsprake soos die volgende, uit die mond van Schoeman die amptenaar:

Op grond van inligting uit verskillende bronne meen U Kommissie dat hulle [die Boesmans] goeie werkers is, so goed, dat party werkgewers wat deur die Kommissie ondervra is, hul dienste bo dié van die Ovambo verkies, (28) moet die moontlikheid egter erken word dat die verteller geensins met opset bekritiseer word nie.

Indien nader ingegaan word op die "onderbrekings", blyk dat hulle deurgaans nie voldoen aan die eise wat die verteller aan hulle stel nie. Hulle leer hom nié om met die Boesmans "te werk" nie. Wanneer hy desondanks by Xameb aandring op 'n verduideliking van 'n pasvoltooide verhaal, ontken Xameb se antwoorde dat daar enigsins 'n dieper sin of nuttige toepassing agter hulle lê: "Dis mooier om net daarna te luister as om dit af te slag" (12). Indien verby die pogings gekyk word om die boek op grond van narratiewe inhoud en geografiese agtergrond te beoordeel as 'n meer of minder suksesvolle of welgevormde genreprodukt - avontuur- of jagverhaal of reisverslag - kan dit op formele vlak as 'n uitstelspel gelees (of herken) word. Die rigtende teleologie is die ontmoeting met die oorspronklike, primêre mens, in hierdie geval die wilde Boesman jagters en hul "ou moedertjies van die sandputjies".

Vanuit 'n ander kyk op die boek se formele konstruksie, vertoon dit as 'n inperkingsspel: die leser betrag die Boesmankultuur soos vasgepen deur die relaas van die verteller. Die verteller probeer onsuksesvol om antwoorde te bekom, en voorsien intussen grondstowwe - verhale - waarvoor sy teks as raam fungeer. Ook op 'n tipografiese vlak word die verhale meesal deur titels en asteriske omraam. Hierdie verhale of sprokies word verder ingeperk binne nóg twee rame, wat saamval in Xameb: sy persoonlikheid as gids en verteller, en sy rol as vertaler.

Dit word nooit duidelik waaruit of waarna Xameb vertaal, en of die verteller vir die leser se onthalwe nóg 'n vertaalstap byvoeg, nie. In die veldnotas wat Schoeman tydens die Boesmankommissie-toere gemaak het, noem hy die gebruik van tolke, hy praat by geleentheid Setswana met 'n informant, en daar is etlike onderhoude met 'n sekere Jacob Haibib in Afrikaans. Schoeman ontmoet hom op "8-8-50" by Nurugas, "age: 69. Tribe: XKung (Qung.)". Hy voorsien 'n kort biografiese skets: Jacob was voortvlugtig gedurende die Duitse besetting van Suidwes en later in diens van die Unie se polisie as spoorsnyer. "He had all the necessary opportunity

to see & know the life & customs of the Bushmen - especially the Qung. He speaks afrikaans fairly well - & was able to understand our questions very well." (29) Die verslae van ontmoetings in die veldnotas word gekarakteriseer deur die ingrepe van blanke mag op die Boesmans se bestaan, soos byvoorbeeld gesien kan word uit Haibib se agtergrond. Ander onderhoude geskied in tronke met Boesman-gevangenes. In die fiksie word die nadruk feitlik uitsluitlik gelê op hul ongereptheid. Alles dui daarop dat die Kommissie veel meer indirekte kontak met die eintlike jagters van die woestynland gehad het, as wat selfs met Xameb as tussenfiguur gesuggereer word. (30)

Laastens (wat die teks-interne rame betref) funksioneer Twihi, die ou moedertjie, en die ander vertellers van die sprokies, as rame, wat vir die duur van hul vertelling die gesag oor die vertelling bekom, soos Xameb dit aanvanklik in die eerste hoofstuk besit. Hulle is weliswaar ingeklem binne die hiërargiese struktuur van spreekbeurte en aanhalings binne die teks - en die publikasie- en resepsiemasjienerie daarbuite - maar hul vertellings is vry insoverre hulle faal om instrumenteel sin te maak en aan die verteller se vrae en vereistes te beantwoord. Op hierdie wyse bou Schoeman die (geografiese, ontologiese) afstand van sy vertelposisie ín in die leeservaring van sy teks.

Raam op raam op raam op raam ... daar kan veronderstel word dat só 'n radikale onsekerheid as 'n verwydering, 'n verkleining, soos om deur die verkeerde kant van 'n teleskoop te loer, aangevoel sou moes word - in stede van die teenoorgestelde: die onkritiese, heelhartige ervaring van besitname en insig wat lesers te kenne gee.

Hierdie distansiëring word wel deeglik aangevoel en gereflekteer in die resepsie, in die topos van "veraf lande" en "donker Afrika" waarna ek reeds verwys het, maar word nooit op die status van die boekkennis van toepassing gemaak nie. Die kennis verwerf deur die leser van Schoeman se boeke word inteendeel, en myns insiens sonder regverdiging, beskryf as intiem: "die skrywer kry dit reg om die eie-aard van elke dier so aan die leser te openbaar dat ook dié nuwe insig kry, en liefde vir die heel onlieflikste van die diere, van die hiëna of tierwolf tot by die seekoei" (Kruger 1976: 9). "Die waarde van dié versameling sprokies lê dan juis daarin dat die skrywer in sy meelewing met die Boesman vir die leser 'n insig in dié klein mensies, oor wie daar eintlik maar min bekend is, gee" (Klopper 1984: 15). Die distansiërings waarvan Jagters van die woestynland deurtrek is, en wat ek in die voorgaande met verwysing na die posisie van die verteller bespreek het, word sodoende verontagsaam.

Die betekeniskompleks (enersyds distansiëring, andersyds toeëiening) wat hierdie sprokie-versameling vir Schoeman se lesers inhou, kan nagetrek word in 'n evaluasie van Trados (1963) as "'n indringende, meelewende studie-in-beeld van 'n ras wat aan die uitsterf is maar wie se geheimenisse nou onthul is op 'n wyse soos slegs Schoeman dit kan doen" ('n resensent aangehaal in Meyer 1989: 131. My nadruk). Dit vorm trouens die uitgangspunt van Schoeman se skrywersloopbaan: in die openingsblaaie van sy proefskrif lui dit:

Mshweshwe [...] was baie slim. Toe hy sien die jonggeslag begin die stam se wette, geskiedenis en gebruike te vergeet, toe laat hy blankes kom om alles in 'n boek op te skryf, en nou leer die seuns en dogters dit uit daardie boek in die skole.

Schoeman 1933: 4

Die ideaal wat hy hier in die vooruitsig stel, waarmee hy sy lewenswerk van stapel stuur, is die skriftelike monument wat 'n kultuur in sy geheel omvat. Daar kan egter beweer word dat sy versugting uit die staanspoor tevergeefs is, aangesien dit noodwendig 'n belangrike aspek ontbeer. Hy bejeen die ander kultuur as iets wat hy as 'n selfingeslote geheel kan omvat. Daarby ignoreer hy die verweefdheid van sy kenwyses met imperialistiese prosesse, en die hele voortdurende impak van die betrokke kulture op mekaar. Hierteenoor stel Sherry Ortner die standpunt van die moderne etnograaf, waarvolgens die sig van die individu op sy omstandighede aansienlik minder omvattend is:

To say that society and history are products of human action is true, but only in a certain ironic sense. Michel Foucault, whose later work [...] is certainly part of the current practice trend, and who is making an impact in at least some quarters of anthropology, has put this point nicely: "People know what they do; they frequently know why they do what they do; but what they don't know is what what they do does" (quoted in Dreyfus & Rabinow 1982: 187)

Ortner 1984: 157, 157n

Terwyl Foucault in sy geskiedskrywing die kontekstualisering en sintese van bestaande geskiedverhale onderneem, waarby hy historiese bronne en die werk van sy voorgangers as uitgangspunt aanvaar, konfronteer Schoeman se skrywerskap die hede, waarbinne die oorkoepelende historiese prosesse nog vaag en ondeursigtig is, en nie beskikbaar aan 'n subjek wat onderhewig is aan hulle nie. Schoeman wil ook nie "diskoerse analiseer" nie: hy wil die ware Boesman, en sodoende sy ware self, leer ken.

Sy verlange na sy ideale boek, 'n intieme besitname van die ander, met 'n gevolglike heelwording en tuiskoms van die "swerwerjagter", is dus dringend en persoonlik. En sy soektog na hierdie waarheid, hierdie tuiskoms, is by gebrek aan die historiese perspektief van 'n Foucault vervul van onsekerheid. Ek gaan hieronder verder in op die verband van hierdie verlange met die alomteenwoordige nosie van besit, en die werklikheidsbepalende rol wat dit in die verteller se diskoers aanneem.

6. Onderhandelinge oor verhale

In die aanhaling uit 1933 hierbo geld die skole van die blankes as 'n vaste verwysingspunt. Hulle funksioneer as 'n middelpunt van beskawing waardeur die bedreigde Basotho-kultuur bestendig is. Teen 1949 is dit nie meer 'n vreemde kultuur wat gememoreer moet word nie: nou is dit die Umwelt van die eie kultuur:

"Ons moet, solank daar nog van hierdie mooi wildsoorte, wilde voëls en wilde bome en blomsoorte oor is, 'n goeie studie van hulle maak. En ons moet dit vir ons nageslagte in mooi boeke nalaat. Dan kan ons kinders, en ook dié van groter Afrika, en van die wêreld, minstens lees hoe interessant hierdie land se natuurtuin eenmaal was ..." (Schoeman 1949: 19). Met hierdie werk het Schoeman iets kosbaars nagelaat, sodat óns nou kan lees hoe ryk en interessant Suidwes eenmaal was ...



My nadruk. Meyer 1989: 121

Dit lyk of Meyer veertig jaar later aanvaar dat die taak wat Schoeman in hierdie passasie in die vooruitsig stel ("Ons moet [...] 'n goeie studie van hulle maak"), volbring is deur die blote noem daarvan ("Met hierdie werk het Schoeman iets kosbaars nagelaat"; my nadruk). Schoeman se wens vir 'n plaasvervangende skriftelike rekord van die wild van Suidwes, of van die Boesmans, word omgesit in die selftevreidenheid van 'n kurator wat die verlange na 'n werklikheid laat vaar het ter wille van die monument, die simbool van besit. In die slotgedeelte van my artikel sal ek argumenteer dat Schoeman se denke in 'n teenoorgestelde rigting ontwikkel het, na 'n solipsisme en agnostisisme wat mettertyd al hoe belangriker geword het in sy geskrifte.

Ek het reeds in 'n ander verband stilgestaan by die stryd om die gesag oor die spreekbeurt. Die verteller wil selfs wanneer hy die narratiewe leisels oorgee aan die Boesmans bepaal wat en hoeveel gesê word. In Trados die swerwerboesman, Jagters van die woestynland, en Uit die dagboek van 'n wildbewaarder (om maar by die reeds genoemde voorbeelde te bly) vind die verteller dit telkens nodig om die Boesmans stil te maak. Ewe dikwels probeer hy hulle oorhaal om te praat. Die algemene trant is: "Wag, Langman, jy moet dit vir my vertel as ons in die kamp is en ek my boek het" (Schoeman 1968: 22). Die verteller skep 'n assosiasie tussen sý beheer oor die tabak-voorraad en die skiet van vleiskos, en Boesmans se vertel van sprokies. "Langman [...] was terug [...] om te vra dat ek vir hulle 'n kwagga moet gaan skiet. "As daar baie vleis in die kamp is, my Baas, sal Boesmans se tonge vanaand fluks wees om te vertel [...]" (Schoeman 1968: 22). Daardeur neem hy 'n (ekonomiese) magsposisie in waarbinne hy permanent veilig is, en sy statuur onbetwis is. Wanneer hy 'n guns wil vra, begin hy gemaak-toevallig sy pyp stop: "En hy sê ook somaar vir hulle om hande bak te hou" (Schoeman [1951]: 29). Hy is doodeenvoudig die enigste teenwoordige verskaffer van tabak. Dit is, ten minste in die oë van die verteller (en dus die leser), 'n oormag-situasie. Hier is die punt nie dat hy die Boesmans behaag om sy doel te bereik nie, maar dat hy sy verhouding met hulle deurgaans voorstel en legitimeer as 'n diensverhouding, waarbinne hy gretig is om te wys dat hy sy deel van die transaksie ruimskoots voldoen. Daarby kom dat die verteller, veral in Uit die dagboek van 'n wildbewaarder, vergesel is van Boesmans as lyfbediendes. Deur hul verhouding in sy boeke te konseptualiseer as 'n wedersyds-voordelige diensverhouding, waar die Boesmans brandhout en stories lewer as teenprestasie vir die verteller se tabak en vleis, kan hy die kwessies van hegemonie en dwang ontduik. Sy magsposisie word voorgestel in ekonomiese terme (waarin hy die Boesmans se deel in die toekomstige welvaart van Suid-Wes Afrika benadruk) sonder dat hy afstand hoef te doen van sy de facto diktatorskap, aangesien hy binne die verhouding wat hy geskets het, toevallig die enigste magnaat is. Die praktiese implikasies van hierdie houding vorm 'n tema in die veldnotas en die Verslag.

In die lig van die afwesigheid van 'n besitskonsep by die Boesmans, is sy aanmatiging egter sinneloos, soos blyk uit die talle bekommerde, angstige verwysings in die veldnotas en die voorbereidende dokumente vir die Verslag na die noodsaak om so 'n besitskonsep te probeer skep. Die insig dat die afwesigheid daarvan die onaantasbaarheid van die Boesmans beteken, is in 'n passasie soos die volgende op 'n tergende wyse net onder die oppervlak:

Try to find out whether the Bushmen have any desire (or ambition) to possess wealth. [...] If they have absolutely no desire or ambition to possess more than the bare necessities of life, it will be, to all practical

purposes, impossible for the Administration to induce them to become settled communities. Only people who are eager to acquire some form of social and economic security, are willing to work - to become wage earners - to possess livestock - to till the soil, etc., can be induced to become settled communities.

NALN [Vraelys by opstelling van voorlopige Boesmankommissieverslag]. Sy klem.

Hul bekering tot eienaarskap word as noodsaaklik vir hul oorlewing voorgestel, maar hul oorlewing (as werkers) word los gesien van hul voortbestaan as kultuurgroep. Die twee is egter nie versoenbaar nie, aangesien die Boesmans se kommunale lewenswyse fundamenteel is vir hul jagter-versamelaar kultuur. Binne die verteller se teks werk hierdie omkoop-tegniek feilloos, maar dit is miskien juis wensdenkery as troos omdat dit so faal in die realiteit van Boesman-administrasie en kulturele uitwissing. Vir die voortbestaan van die Boesmans, ag Schoeman dit noodsaaklik dat hulle die waarde van geld leer. Die motiewe agter hierdie versugting word duidelik op opeenvolgende bladsye van sy aantekeninge vir die Verslag van die Boesmankommissie:

The NC at Runtu senses a growing desire of the Bushmen to become agriculturalists - & is of the opinion that he could convert from 25 to 50% of the Bushmen to agriculturalists. [...]

With water - could double population in 20 years = labour. (Should make this = future grain store of SWA) [en laastens]

Once the Bushman learns the value of money - he will go out to work.

[Ongepagineerde aantekeninge. Sien nota 11]

As jukstaposisie is die verhaal waarmee Lee sy boek afsluit insiggewend. Dit help om 'n begrip te vorm van die werklike eensydigheid van hierdie sienswyse, wat meer verreikend is as 'n eensydige magsverhouding. Aan die einde van sy verblyf onder die Dobe !Kung, op die vooraand van Kersfees, besluit Lee om die grootste, vetste, mees imposante os in die hele distrik te koop en dit aan die Boesmans present te gee vir 'n rojale feesmaal. Wanneer sy voorneme bekend word, begin die gemeenskap soos een man om sy os te verkleineer, en hom smalend te troos vir sy swak oog vir vee, en by voorbaat te rou oor die komende maer Kersfees. Lee neem dit vreeslik ter harte, en loop gekrenk rond met sy kop onderstebo. Teen sy beterwete bly hy tog maar - en vind dat die fees 'n reuse sukses is, dat daar meer as genoeg vleis is, en dat almal hulle gate uit geniet. Ná die tyd probeer hy hul motiverings agterhaal:

"But," I asked, "why insult a man after he has gone to all that trouble to track and kill an animal and when he is going to share the meat with you so that your children will have something to eat?"

"Arrogance," was his cryptic answer.

"Arrogance?"

"Yes, when a young man kills much meat he comes to think of himself

as a chief or a big man, and he thinks of the rest of us as his servants or inferiors. We can't accept this. We refuse one who boasts, for someday his pride will make him kill somebody. So we always speak of his meat as worthless. This way we cool his heart and make him gentle."

"But why didn't you tell me this before?" I asked Tomazo with some heat.

Because you never asked me," said Tomazo, echoing the refrain that has come to haunt every field ethnographer.

The pieces now fell into place. I had known for a long time that in situations of social conflict with !Kung I held all the cards. I was the only source of tobacco in a thousand square miles, and I was not incapable of cutting an individual off for noncooperation. Though my boycott never lasted longer than a few days, it was an indication of my strength. People resented my presence at the waterhole, yet simultaneously dreaded my leaving. In short, I was a perfect target for the charge of arrogance and for the !Kung tactic of enforcing humility.

Lee 1984: 156

Dit is duidelik hoe hierdie subteks vir Schoeman moes belemmer het.

Ons het gesien dat die aflewering van die sprokie meesal nie klop met die verteller se verwagtingsraamwerk nie. Die vertelling geskied nie altyd wanneer die witman daarop aandring of wanneer hy dit verwag nie. Wanneer dit wel plaasvind, vind hy dit dikwels 'n frustrerende ervaring: die sprokie blyk uitermate kort te wees, 'n verklarende moralisering of opsomming bly uitstaande, of dit maak vir hom nie sin as 'n sluitende verhaal nie. As gevolg sien ons die verteller telkens aan die bedel vir sprokies, 'n "grondstof" waaraan hy arm is. Dit beteken dat sy ekonomiese raamwerk, waarbinne hy ryk en hulle behoeftig is, omslaan in sy teenoorgestelde. Niks dui daarop dat hierdie omgekeerde verhouding noodwendig minder as die vorige 'n gevolg van die verteller se vooringename visie is nie. Dit is beter te interpreteer as 'n onopgeloste ingeslotenheid van die verteller binne die sienswyse waaraan hy (na veronderstelling) probeer ontkom deur na die verhale van die Boesmans te luister en hulle op te teken.

In die oorkoepelende diskoers-raam neem die leser egter 'n analoë posisie in tot dié van die verteller. Die etnograaf probeer (per definisie) om een kultuur in terme van 'n ander te verduidelik; Schoeman skryf dikwels selfs eksplisiet namens die Swazi, of die Zoeloe, of die Boesman. Die ekonomie-raamwerk wat die verteller binne sy eie paradigmas isoleer, beperk ook die leser, wat slegs wyser as die verteller is insoverre hy of sy bewus is van die beperking. Dat die leser dit slegs by wyse van uitsondering is (ten spyte van die feit dat dit aanwesig is in die teks-interne meta-diskoers) blyk uit die populêre beeld van Schoeman as "een van die grootste kenners van die naturellesiel" (Kritzinger 1947: 19).

7. Schoeman se distansiëring van die rol van die gesaghebbende vertellerskarakter

These tales are not meant to capture much more than fragments [...] and are therefore difficult to integrate within a single interpretation. This is perhaps the purpose behind telling them, for they allow their teller to escape from the dictates of previous work. [...] Tales often initiate an analysis of the nature of cultural understandings and the fieldworker's role as a student. Reflective, meditative themes may develop from the story and spin off in a number of fieldworker-determined directions. The story itself [...] is a representational means of cracking open the culture and the fieldworker's way of knowing it so that both can be jointly examined. [...] The epistemological aim is then to braid the knower with the known.

Van Maanen: 121n

Ek het in die voorafgaande probeer aantoon dat Jagters van die woestynland (as tipiese Schoeman-boek) geen koherente verhaal vertel, of slotsom bereik, omtrent die Boesmans nie. Dit bied ook nie 'n oorkoepelende narratief waarbinne die Boesmans met betrekking tot die blanke beskawing gesitueer word nie. Wat dit wel bied, is die vergestaltung van 'n belemmerde en gefrustreerde ken-proses deur middel van 'n beperkte verteller. Dit bied verder, by vergelyking met ander geskryfte oor die Boesmans (soos dié van Lee en Shostak), en by oorweging van die verhouding daarvan tot die veldnotas waaruit dit ontstaan het, 'n blik op die komplekse samespel van faktore in die representasie van werklikhede.

Gelees saam met die resepsie van die werk in dagblaaië en literêre geskiedenis, verteenwoordig dit sonder twyfel 'n veelsydige "means of cracking open the culture and the fieldworker's way of knowing it so that both can be jointly examined". Veral in die ingebedde verhale oorskry Jagters van die woestynland die offisiële greep op die Boesmans. In die karakterisering van die verteller, ondergaan die diskoers van die wit beskouer ook kritiek. Die kumulatiewe indruk is van die onontwarbaarheid van die verteller en sy narratief - die betrokkenheid van die kenner in sy kennis.

Van Maanen beskryf die resultaat in die bostaande aanhaling as 'n "braid", vermoedelik om 'n harmoniese - en esteties bevredigende - samesmelting van verskillende verstaanswyses aan te dui. Schoeman gee in Jagters van die woestynland en Uit die dagboek van 'n wildbewaarder egter nie blyke van die metafisiese tuis-koms, die samesmelting van kenner en gekende, wat Van Maanen suggereer met sy huislike, moederlike, vlegsels-beeld nie. Die narratief van die boek en die resepsie daarvan staan daarenteen volledig in die teken van besitname (wetenskaplik, kultureel, ekonomies). Daar is egter terselfdertyd wél aanduidings dat Schoeman neig om homself te distansieer van die hele projek, ten spyte van sy literêre faam, sy rol as segsman vir "die inboorling", en die akademiese en amptelike poste waarin hy steeds in diens van die blanke ken- en kultuurprojek opgetree het. Verre van die integrasie van kulture vir die sintese van 'n nuwe begrip, vind ons by Schoeman 'n konfrontasie van diskoerse wat, binne sy teks, onversoenbaar blyk te wees.

Enkele voorbeelde van Schoeman se onttrekking en die gevolglike toenemende ervaring van isolasie is: "Hoe meer jare jy agter die rug kry, hoe allener word jy. Die eensaamheid is die mens se oudste erfenis" (Barnard 1968: 20), en: "Ek was van skooldae af seker een van die stilste mense in ons land, omdat ek so met die voëls en die wild en my ervarings saam geleef het. En vandat ek begin skryf het, het ek al hoe meer in 'n wêreld van my eie geleef" (Wessels 1984; my nadruk).

Besonder veelseggend is die uiting hiervan in Jagters van die woestynland: "Dit het my in stilte laat wonder of die diepste in die mens se hart slegs maar in die moedertaal spontane uiting kan vind" (Schoeman [1951]: 205). Aangesien die boek as geheel nougeset gestruktureer word deur 'n outokratiese wit verteller, en deur hom vertel word in 'n Afrikaanse weergawe van Xameb se vertalings uit 'n ongespesifiseerde verskeidenheid tale, is hierdie bedenking 'n belangrike mosie van wantroue in die kenwyse wat hierdie boek verteenwoordig, en wat noodwendig van toepassing is ook op Schoeman se veldnotas, en op sy offisiële diskoers. Sewentien jaar later skryf Schoeman ('n karakter bedien sy verteller van raad):

Vader, ek wil dat jy nog één boek moet skryf, 'n boek waarin die vrou en die jag die mindere rol speel wat dit verdien, waarin selfs die wild en die veld en ons swartmense net die agtergrond vorm van die tema, nl. dat die siel van die mens, in sy diepste wese, eensaam is en bly tot aan die einde.

Jy het dit broksgewys in baie van jou werke al gebruik [...].

Skryf 'n outobiografie, waarin jy jou eie belewenisse en emosies in die eerste persoon weergee sonder om in die derde persoon te sukkel dat ander mense moet sê wat eintlik uit jou eie gemoed kom - 'n outobiografie, nie van fisiese ervarings nie, maar van geestelike belewenisse [...].

Schoeman 1968: 151

Die boeke is dus miskien uiteindelik te verstaan as 'n selfondersoek wat nooit die kader van 'n enkele persoonlikheid oorskry nie. Soos reeds in hierdie artikel beweer is, is 'n mate van selfrelativering en skeptisisme goed te versoen met etnografie, veral in die vorme waarmee dit tans geassosieer word:

Every version of an "other" [...] is also the construction of a "self", and the making of ethnographic texts [...] has always involved a process of "self-fashioning".

Clifford & Marcus 1986: 23-4

Terwyl hierdie stelling sekerlik van toepassing is op Jagters van die woestynland, en 'n raak insig bied omtrent wat ek hierbo die "konfrontasie" van diskoerse genoem het, is dit sekerlik nie 'n bewuste oogmerk van Schoeman se skryfwerk nie. Hy gee wel blyke van hierdie insig in sy hunkering na outobiografie, maar hy beskou dit klaarblyklik nie as deel van sy etnografiese werksaamheid nie. Die etnografiese gegewens vervaag, in sy formulering, tot die "agtergrond" van 'n oorheersende gevoel van eensame beleëring. Clifford en Marcus se formulering is waardevry, en vermy ooglopend evaluerende terme. By toepassing daarvan op Schoeman dring vrae oor sy redes vir hierdie hunkering na vore. Om mee af te sluit, doen ek 'n veralgemenende motivering van Crapanzano aan die hand, waardeur ek vir oulaas die rol van die "official discourse" by Schoeman in perspektief wil plaas. Crapanzano skryf:

South Africa's apartheid, understood [...] in its broadest sense, is an extreme case of the Western predisposition to classify and categorize just about everything in essentialist terms. In this view, once an object

or being is classified, it is forever that object or being. It has an identity. It partakes of a particular essence.

Crapanzano 1985: 19

Hy bring sy voorstel vir die konseptualisering van apartheid in verband met die akteurs onder die bestel:

[M]ost anthropologists [...] never bothered to study the dominant. [...] The dominant become precut figures in some ideological argument or other: ruthless exploiters, say, motivated only by the desire for material gain and devoid, rather like the psychopath, of conscience. [...] Pathos, terror, guilt, the joy of power and acquisition, the weight of responsibility, feelings of solitude, misunderstanding, and ununderstanding, to name only a few of the dispositions and predispositions of the dominant, have to be understood [...].

Crapanzano 1985: 22

In hierdie twee aanhalings keer die kernpunte van my artikel terug. Die essensialisme waarop die eerste wys, is ooglopend in die beskaafd/wild, kultuur/natuur teenstellings in die resepsie en in die karakterisering van Schoeman se verteller. Die karikatourale domineerder van Witz is te herken in die "psychopath" van die tweede aanhaling; en so is ook Schoeman se eie "solitude" in Crapanzano se bystelling van die karikatuur. Schoeman se terugtrekking tot "geestelike belewenisse" beteken dan, in Crapanzano se woorde, sy skipbreuk op 'n eiland van woorde: "there is no vantage point outside the word-given reality in which the white South African finds himself" (1985: 28).

Departement Afrikaans & Nederlands
Universiteit van Stellenbosch
E-pos: rgo_anas@rgo.sun.ac.za

Bibliografie

Anonieme resensent. Bespreking van Trados - die swerwer-Boesman. In Grové, A.P. (red.) Resensierubriek. Die Huisgenoot. 4 Nov. 1971.

Ashforth, A. 1990. The Politics of Official Discourse in Twentieth Century South Africa. Oxford: Clarendon Press.

Barnard, Chris. Met P.J. Schoeman by "Die Laaste Watergat". In Die Huisgenoot 23 Aug. 1968 (20-23).

Biesele, Megan. 1993. Women like meat: the folklore and foraging ideology of the Kalahari Ju/'hoan. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Coertze, R.D. Aanvang van Volkekunde aan Afrikaanstalige universiteite in Suid-Afrika, in Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie. 1991, 14(2), 24-34.

Clifford, J. & G.E. Marcus (reds.). 1986. Writing culture: the poetics and politics of ethnography. Berkeley: University of California Press.

- Crapanzano, V. 1985. *Waiting: the Whites of South Africa*. London: Paladin.
- Dekker, G. 1966.¹² *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasou.
- Klerk, W.A. [1953]. *Drie swerwers oor die einders*.
- Dreyfus, H.L. & P. Rabinow. 1982. *Michel Foucault: beyond structuralism and hermeneutics*. London: Harvester Wheatsheaf.
- Gordon, R. 1992. *The Bushman Myth: the making of a Namibian underclass*. Boulder: Westview Press.
- Huigen, S. *Het verminkte beeld en de verscholen tekst: episodes uit de Zuidafrikaanse (literatuur)geschiedenis*. In *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*. 1995 (2): 12-24.
- Klopper, Sats (red.). *Schoeman skryf oor Boesmanlewe*. In *Die Transvaler*. 1984 (4 Desember): 15.
- Kritzinger, J.N.J. *Die onbegrepe siel van Donker Afrika*. In *Fleur*. 1947 1(7): 19-29.
- Kruger, J. P.J. *se diereboeke skitter*. In *Die Transvaler*. 1976 (3 Sept.): 9.
- Lategan, F.V., in G.S. Nienaber; Rob. Antonissen; André P. Brink. 1982.⁵ *Perspektief en Profiel*. Johannesburg: Perskor.
- R.B. 1984. *The Dobe !Kung*. New York: Harcourt Brace Jovanovich College Publishers.
- Malherbe, P.B. 1977. *Die kunstenaarskap van P.J. Schoeman*. Universiteit van Pretoria: Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.
- Meyer, A.C. 1989. *Suidwes-Afrika/Namibië in die Afrikaanse literêre bestel*. Unisa: Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.
- Onderwysgaset
- . 1936-1959.
- Schoeman, P.J. 1933. *Grepe uit die lewe van die Swazies en 'n verhandeling oor die "sakrale kompleks" in hulle kultuur*. Universiteit van Stellenbosch: Ongepubliseerde Phd.-verhandeling.
- Schoeman, P.J. 1949. *Op ver paaie*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Schoeman, P.J. [1951]. *Jagters van die woestynland*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Schoeman, P.J. *17 Boesmans kom na groot feeskou*. In *Die Huisgenoot*. 1952 (21 Maart): 16-7, 34-5.

Schoeman, P.J. 1963. Trados, die swerwerjagter. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Schoeman, P.J. 1968. Uit die dagboek van 'n wildebewaarder. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Schoeman, P.J. 1984. Swerwersprokies. Johannesburg: Perskor.

Sharp, J.S. 1981. The roots and development of Volkekunde in South Africa, in *Journal of Southern African Studies*, 8(1).

Shostak, Marjorie. 1990. *Nisa: the life and words of a !Kung woman*. London: Earthscan Publications.

Maanen, J. 1988. *Tales of the field: on writing ethnography*. Chicago: University of Chicago Press.

Wessels, Louis. Boesmans is "een van Afrika se grootste tragedies". In *Beeld* 22 Sept. 1984.

Whisson, M.G. 1985. Advocates, brokers, and collaborators, in R. Grillo & A. Rew (reds.) *Social Anthropology and Development Policy*. London: Tavistock Publications.

Leslie. 1993. "'n Fees vir die oog": Looking in on the 1952 Jan van Riebeeck Tercentenary Festival Fair in Cape Town, in *South African Historical Journal* 29, 5-27.

(1) In die woorde van sy hagiograaf, prof. Felix Lategan: "die ongerepte natuur van ons wye land en [...] Afrika se natuurkinders sowel uit sy ryke wilde dierewêre as uit sy inboorlingstamme" (1982: 355).

(2) Tussen 1937 en 1960 was van sy boeke 23 keer voorgeskrywe in die Kleurling- en Blanke onderwysdepartemente in die Kaapprovinsie (*Onderwysgaset*: 1936-1959).

(3) Hierdie etnografiese stroming se (meer onmiddellike) gemeenskaplike voorvader in die filosofie is Michel Foucault. Sien Dreyfus & Rabinow 1982: vii.

(4) Meer in detail, en meer tegnies as wat ek beoog om te wees, lui dit: "[...] practice anthropologists assume that society and history are not simply sums of ad hoc responses and adaptations to particular stimuli, but are governed by organizational and evaluative schemes. It is these (embodied, of course, within institutional, symbolic, and material forms) that constitute the system. [...] A practice approach has no need to break the system into artificial chunks like base and superstructure (and to argue over which determines which), since the analytic effort is not to explain one chunk of the system by referring it to another chunk, but rather to explain the system as an integral whole (which is not to say a harmoniously integrated one) by referring it to practice" (148-9).

(5) 'n Teken van die ambivalensie waarmee hierdie teoretiese selfbewustheid etnografiese opsaaal, is die toenemende mate waartoe etnografiese tekste kulturele

differensiasies poneer waar daar voorheen geen verskil vermoed is nie. "Fieldworkers are [...] being drawn increasingly to familiar places with the slightly ironic intention of making them strange [...]: the independent trucker as corporate victim [...]; the congressman as tribal chief or flunky [...]" (Van Maanen 1988: 126).

(6) Hy beskryf "Realist", "Confessional" en "Impressionist Tales" uitvoerig, en demonstreer ter afsluiting, deur die noem van "Critical", "Formal", "Literary" en "Jointly-told Tales", dat die analise en differensiasie van etnografieë op grond van innerlike, stilistiese wetmatighede, sigself onbeperk kan voortsit (Van Maanen: 7-8).

(7) Belangrike werke verskyn onderskeidelik in 1936, 1928, en 1922.

(8) Clifford verteenwoordig benewens homself ook George Marcus, Marie Louise Pratt, Renato Rosaldo, Stephen A. Tyler, Vincent Crapanzano, Michael M.J. Fischer en Paul Rabinow. Behalwe Pratt, vorm al hierdie skrywers ook by Van Maanen deel van die uitdaging wat hedendaagse etnografie aan die kanon stel.

(9) Malinowski is vir Van Maanen die skrywer van "realist tales" by uitstek, "[whose] works stress the observational side of the definitional coin, downplaying the researcher's active participation, involvement, and interest in the life worlds studied, [...] essentially detached" (Van Maanen: 10n). Sy dagboek, *A diary in the strict sense of the term* ("his scandalous diary", Van Maanen: 36n), verskyn in 1967, vyf-en-veertig jaar ná die publikasie van sy hoogs invloedryke *Argonauts of the Western Pacific* ("the book of Genesis in the fieldworker's bible", Van Maanen: 10n).

(10) Dit is, terloops, beduidend dat die aangehaalde omskrywing, in sy algemeenheid, ook op 'n fiksionele teks pas. Clifford se formulering is meer die ontgrensing van 'n studieterrein as 'n sluitende definisie.

(11) Die dokumente word bewaar in die Nasionale Letterkunde Museum (NALN) se Schoeman-versameling onder verwysingsnommers MS 50/19; MS 53/17; MS 53/19; MS 120/242.

(12) Ek het eers onlangs regverdiging gevind vir my onvergenoegdheid met die gangbare name vir die Boesman. Megan Biesele skryf in haar Author's note dat "San" in Nama, die taal waaruit dit geneem is, óók pejoratief jeens die Boesmans is. Sy noem die mense met wie sy geskryf het soms "Ju/hoan" (meervoud "Ju/hoansi"), soos hulle hulself noem, en andersins "Bushmen" (Biesele 1993). In 'n ander koöperatiewe etnografie praat Nisa ('n sogenaamde !Kung vrou) self van haar groep as "Zhun/twasi, the real people" (Shostak 1990: 4); in Lee se meer padlangse vertaling: "true or genuine people or just folks" (1984: 91). (Later voeg hy by "Zhu/twasi" [sic] was a term they grudgingly extended to San of other language groups elsewhere in the Kalahari - the Nharo, /Gwi, and !Ko - but not to their Black and White neighbors" (131), waardeur die spesifiekheid van die term natuurlik ontkragtig word.) In die verlede het hierdie groep geheet die "Sonquas" of, in Botswana, die "Basarwa"; hulle is ook genoem die "!Kung Bushmen, [...] !Kung San, [of net] !Kung" (id.). Dorothea Bleek enumereer in 1942 'n twintigtal groepe met onderling verskillende tale en kulture (in Duggan-Cronin 1942: 5-7).

Ook wat ortografie betref moet aanvaar word dat ons, ten minste as letterkundiges,

'n fiksionele, verskietende onderwerp betrag: Shostak se Nisa heet by Lee eers Nisa (12) en later N!tisa (84). Identiteite smelt saam of vermenigvuldig na gelang van die skrywer se voorkeur en die proeflesers se geduld. "Ju/'hoan" is in der waarheid "Zhun/twa" in die nuwe skryfwyse van Patrick Dickens. Dit behoort duidelik te wees dat veelvuldige verwante kulture in die verlede tot "San" of "Boesmans" gehomogeniseer is. Bleek, Lee of Shostak se etnografieë handel dus nie deurgaans oor dieselfde mense nie, en hul uitsprake kan nie sonder meer van toepassing gemaak word op Schoeman se "Boesmans" nie. Dit is trouens, selfs in die veldnotas, selde duidelik aan watter groep Schoeman se informante behoort. In sy boeke is die "Boesmans" oorwegend Heikum (Hei//kum (6) of Hei Kum (plate xxxvi - xxxviii) by Bleek).

Biesele stel voor dat "Bushmen" gebruik word om dit deur gebruik te "veredel". Ek betwyfel die haalbaarheid en ideologiese suiwerheid van haar doelwit, maar wil dieselfde voorstel maak om te voorkom dat Schoeman se onderwerp valslik met enige spesifieke groep geïdentifiseer word.

(13) As aanduiding mag geld dat sy werk, binne die vyf bladsye wat aan hom gewy word in Perspektief en Profiel, tot agt maal toe bestempel word as "romanties" (355-9). Die kennisname (en geringskatting) van sy wetenskaplike werk word saamgevat in die volgende: "Dit gee aan sy dier- en natuurbeelding 'n besondere waarde, maar dit is ook nie 'n ongemengde seën vir sy kuns nie: Schoeman die volkekundige kry soms die oorhand oor Schoeman die artis, sodat die objektiwiteit van die beeld wat die kunstenaar skeep, verbreek word deur die subjektiewe tussenkoms van die wetenskaplike met didaktiese mededeling" (358).

(14) Kritzinger 1947, ononderbroke tot by Wessels 1984. 'n Besonder kras voorbeeld vorm 'n resesent se waardering vir "daardie romantiese lewende fossiele: die Boesmans" (Anoniem 1971).

(15) Schoeman 1952. Witz 1993 beskryf die Kaapse verloop van die Boesman-uitstalling. Haar opinie van Schoeman self stem ooreen met die soort oordeel wat Whisson hierbo uitspreek (1985: 133).

(16) P.J. Nienaber: "Vir die Boesman, by uitnemendheid die swerwerkind van Suidelike Afrika, het Schoeman 'n besondere liefde. In wese self die ewige swerwer, altyd op pad na wat ánderkant hierdie sandduin lê, het Schoeman as jagter en later as hoofwildbewaarder in Suidwes ingegroei in die siel van die Boesman" (Schoeman: 1984, voorwoord).

(17) Hierby kan opgemerk word dat Witz die aangehaalde woorde kry by Ashforth (1990: 153), skrywend oor die Tomlinson verslag. Sy verwys ook na Gordon in hierdie verband (1992: 165), sonder om hom aan te haal. Gordon skets 'n beeld van die ingewikkelde "fight for survival within the world of bureaucratic politics, [in which] Nature Conservation was left to fight in bitter rivalry with the Department of Bantu Administration" (1992: 165). In sodanige formulering is daar nie 'n monolitiese "official discourse", wat deur Schoeman verteenwoordig word, te herken is nie. Crapanzano, in sy nugtere *Waiting: the whites of South Africa*, skat die rol van omvattende oplossings na waarde: "Solutions" are rhetorical figures in our particular cultural discourse that permits us from time to time to deny the overwhelmingness of social existence, to mask our impotence as individual actors, and to believe that the ideal can become the real" (1985: 330). Wat Schoeman as individu betref, wil ek hom gelyk gee.

(18) Enkele voorbeelde is sy uitgesproke verbintenis tot territoriale segregasie (wat terloops nie aan Verwoerd se party-politiek gelykstaan nie), die primitief/ontwikkeld teenstelling wat hom besig hou, en die aanhoudende verkleining in formuleringe soos "ou nasie", "die ou siel", "die dikgeslukte luislange" en die woordeskat waarbinne hy "baas" en hulle "meide", "klonkies", "kaffers", ensovoorts, genoem word. In sy tesis (1933) is 'n "meid" gewoonlik nie swanger nie, maar "dragtig". Wat sy chauvinisme betref, laat ek sy beskrywing van sy ideale boek vanself spreek: dit is "'n boek waarin die vrou en die jag die mindere rol speel wat dit verdien" (Schoeman 1968: 151). In 'n onderhoud is sy motivering wonderlik volkekundig: "Die Zoeloes glo dat as 'n man nooit 'n seun gehad het nie, hy ná sy dood gou vergete raak. Slegs in 'n seun kan hy bly voortleef. Ek het ook so leer glo [...]. Maar dit was my nooit gegun om 'n seun te hê nie. My twee dogters is vir my goud werd, maar - nou ja, hulle is dogters" (Barnard 1968: 23).

(19) Malherbe skryf tipies dat: "Terug op die ver paaie (1962) wel die omvang, maar beslis nie die samehang van 'n roman in die ware sin van die woord [het] nie" (Malherbe 1977: 10). Oor Jagters in die woestynland sê Meyer dat "die geheel in fragmente verval en daar nie werklik van 'n verhaallyn sprake is nie" (Meyer 1989: 95).

(20) Schoeman 1951: 2.

(21) "Jy vra my baie vrae, Wit Vader. Dit is nou al die derde dag wat jy van my wil weet [...]" (2) - "Ai, Xameb" (4). Hy vra 34 vrae in 8 bladsye, en kry omtrent 74 uit 256 reëls teks, minder as 'n derde van die totaal. As tagtigjarige herinner Schoeman hom dit as die belangrikste aspek van die vertelling: "Die skeppingsprokie is deur my oorlamse aristokratiese Boesman Xameb aan my vertel. Ek het hom 'n paar keer vir groter helderheid in die rede geval. Maar hy het sy eie vaste koers gehou" (Klopper 1984: 15).

(22) Hoe hierdie gegewe skakel met Schoeman se apartheidsdenke is 'n ander storie.

(23) Vergelyk sy terugkerende impuls om soos 'n dondergod sy teenwoordigheid met geweervuur aan te kondig. "Die versoeking om die dikgeslukte luislange [Xameb en sy mense] met 'n geweerskoot wakker te maak, was 'n paar oomblikke baie sterk. Maar hulle wapens was te naby aan hulle" (Schoeman [1951]: 67); "Die seun in my het baie lus gevoel om 'n skoot oor hulle koppe heen te skiet" (151). In hierdie impuls is sy telkense vereenselwiging met (gewelddadige) Westerse tegnologie sigbaar.

(24) In die gedeelte "About the author" in die voorwoord tot die reeks waarin sy boek verskyn, word verder oor Lee vermeld: "He has three children, all of whom have been adopted into the !Kung kinship system" (Lee, v). Dit tel deesdae as 'n belangrike toevoeging tot akademiese kwalifikasie; soos Schoeman se Afrikaner-skrywerskap 'n rol gespeel het by sy aanstelling as volkekundige te Stellenbosch. (Volgens 'n mededeling van emeritus prof. Schüler, oud-student van Schoeman en daarna departementshoof, tydens 'n onderhoud op 15/2/1996, is Schoeman se aanstelling bemiddel deur E.C. Pienaar, letterkundige te Stellenbosch. Selfs Dekker, wat oor die algemeen as konserwatief mag geld, vind dat Pienaar sy insiens tot nadeel van sy akademiese oordeel "hom sterk laat lei het deur sy vaderlandsliefde" (Dekker 1966: 54).)

(25) 'n Variant van hierdie situasie, tekenend van hul relatiewe posisies binne die

verteller se hiërargie van spreekbeurte, kom voor waar die verteller eers "ou Xameb beveel om die byltjie te bring" om hout te kap (117), en daarna sy weergawe van Xameb se vertelling inlei met: "ou Xameb [het], sonder dat ek hom gevra het, met sy storie begin" (118; in beide gevalle my nadruk). Dit is moeilik om te besluit of hieruit meer selftevreedenheid spreek oor Xameb se tegemoetkomendheid, of meer verontwaardiging omdat hy uit sy beurt praat.

(26) P. 8. Hul spore word vir die eerste keer op p. 123 raakgesien. Hierdie is 'n boek van uitstel. Textus interruptus.

(27) Soos vertel of vertaal deur onder andere Xameb, Twihi, die "ou moedertjie van die sandputjies" (153), of in die musiek van die dans (170-1).

(28) Die verhale van die olifant en die reën (15), Heisib, die leeu en die gorrelpyp (21), die man met die volmaan voor sy bors (43), die volstruis en sy vuur (57), Son-eib se dood (59), en van Heisib wat na die Gemsbokkoei vry (72), is voorbeelde van stories waarvan die oorspronklikes in die veldnotas te vinde is.


(29) Die aanhaling kom uit 'n ontwerp vir die Verslag van die Boesmankommissie (1950-53). NALN MS 53/17.

(30) As geheel, vertoon die strukturering van die dialektiek in die romans geen verwantskap met die optekensituasie nie: "Omdat die Boesmans oral uiters onwillig was om aan ons mee te deel: tot watter stam hul behoort: Heikum; Qung; Naron het ek besluit: om die een seremonie waaraan almal v.d. groepe wat ons besoek het, die meeste aandag gee, te neem as een van 'n paar maatstawwe, om die groepe te klassifiseer" (Veldnotas gemaak gedurende 1950. Sy nadruk.) "We got the impression that they were scared of something or other. The result was that during this long & arduous journey, we only contacted 77 Bushmen, mostly of the Qung tribe. Many of them were unwilling to tell us to what tribe they belong" (Voorlopige aantekeninge vir Boesmankommissie verslag). Wanneer Schoeman lank na sy aftrede sy leserspubliek vertel van die tog, word dit: "[...] in die drie jaar dat ons intensief onder die Boesmans gewerk het, het ek met minstens tienduizend in aanraking gekom [...]" (Wessels 1984).

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknummers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#) [Bo](#)


Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 4de Jaargang, Nommer 1. Junie 1997

Schoeman in gesprek met 'n Swazi-hoofman



Keer terug na [artikel](#)

"Xa-Xeib – Man met volmaan voor sy bors". Uit die veldnotas.



Keer terug na [artikel](#)

"Olifant & Reënt - het mekaar getrou". Uit die veldnotas.

kom in on-dood. ²³Hy het sagter leis: (26)

Hy vat sy, sy + hoog + hierie + saak, en
 di twee stap. toe hy naly hom, wil
 h sheet, maar sy wieie. en se "nee,
 nie skiet nie. Hy is 'n jongste, sal sy
 vlei be der g."

toe wil hy gooi - en sy
 se "nee-nee.g, sal nie gooi. Bekom
 hom en val of hom."

en toe daar val - spat alles in
 di soot bloed van hom. Hy doodloof
 toe vlei toe, en sy skreeu "nee!
 dis drinkwate" - en so + so,
 en hy moet rond doodloof met di
 nare bloed aan hom.

Olifant + Reënt - het mekaar
 getron. (Qu-af) (Xanus)
 een gold saam geleef, tot een dag
 lang hul musie - na hul een gesels
 het.

Reënt se toe "alles wat leef, leef
 deur my."

Olifant se "weet jy, nie ek is sterkste in
 di wereld?"

Reënt = "Ek is baas v. d. hele wereld,
 en as jy nog grootbek spyt,
 sal ek al my gold vat en na my
 nense toe gaan."

Olifant "maak my nie, ek sal
 lewe van vlei en wate, bob + wate."

Reënt: "maak toe alle droog... en
 voort huis toe."

Olifant sukkel rond by vlei - niks,
 grawe by bob - droog. toe hy nie
 meer kan hou nie, v. dors, grawe

Keer terug na [artikel](#)

Leeujag

Bron: Speciale versamelings, J.S.Gericke Biblioteek, U.S.



Keer terug na [artikel](#)

[Ena Jansen](#) | [N.J. Jordaan](#) | [Henriette Roos](#) | [Andries Visagie](#) | [Kees Groeneboer](#) | [M.E. Nelson](#) | [Piet Swanepoel](#)

'n Vrou in die kolonies: oor die grense van taal en tyd.

- Henriette Roos -

Abstract

This article compares four texts, written between 1679 and 1993, in which, for varying reasons, the seventeenth-century Maria Sibylla Merian, features as a central figure. I hope to show, in the first place, that in spite of barriers of time and space, there do still exist connections between people, ideological issues, and even literatures often regarded as being in conflict. Secondly, I would like to argue that the individual characteristics of older and modern texts don't necessarily lead to estrangement between reader and work; that especially when reading comparatistically, the past still lives dynamically and fruitfully in the present.

1

Vanaf haar vroegste kinderjare opgelei as miniatuurkunstenaar in die Frankfortse ateljees van haar vader en stiefvader, beide bekende grafiese kunstenaars, het die sewentiende eeuse Maria Sibylla Merian ontwikkel van 'n pligsgetroue Duitse huisvrou en tekstielontwerper, tot een van die beroemdste en mees gerespekteerde entomoloë en botaniese kunstenaars van haar tyd. Die twee volumes van haar navorsing oor ruspes is erken as wetenskaplike baanbrekerswerk, hoewel sy in hierdie vroeë publikasies ook dikwels 'n onmiskenbare persoonlike toon laat hoor het. Ek haal aan uit die Engelse vertaling van *The wonderful transformation and singular flower-food of caterpillars* (Sibylla Merian 1679: 47-48, vertaal deur Natalie Zemon Davis 1995):

Many years ago when I first saw this large moth, so prettily marked by nature, I could not marvel enough over its beautiful gradation of colour and varying hue, and I made use of it often in my painting. Later, as through God's grace I discovered the metamorphosis of caterpillars, a long time went by until this beautiful moth appeared. When I caught sight of it, I was enveloped in such great joy and so gratified in my wishes that I can hardly describe it.

Op haar weg na algemene erkenning en roem het sy as jong vrou Duitsland verlaat, van haar eggenoot geskei en met haar twee dogters by die puriteinse Labadiste sekte in Friesland aangesluit. Haar verblyf hier is beëindig in 1691 toe dié gemeenskap begin verbrokkel het, waarna sy haar as 'n bekende kunstenaar in Amsterdam gaan vestig het. Hier het sy skilderye aan geesdriftige bewonderaars verkoop, en haar entomologiese studie het haar in aanraking gebring met plant- en dierkundiges, versamelaars en die patrisiër eienaars van die beroemde "kabinette" van die tyd. Een van die bekendstes was Nicolaas Witsen, burgemeester van Amsterdam en op daardie stadium voorsitter van die *voc*. Hy was iemand wie se versameling ook 'n portfolio van gekleurde tekeninge en gravures van plante en insekte uit die nuwe Hollandse nedersetting aan die Kaap ingesluit het. Merian het

haar besoeke aan hierdie "koloniale" versamelings uitdruklik vermeld (Davis 1995: 167), maar haar toenemende belangstelling in die fauna en flora van Suriname, een van Nederland se Wes-Indiese kolonies, is waarskynlik veral aangewakker deur die verhale wat jare vantevore van die Labadistiese sendelinge in Friesland gehoor het. In 1699, op die ouderdom van 52, het sy self 'n uitgebreide en uiters vrugbare reis na Suriname gefinansier. Sy is slegs vergesel deur haar jongste dogter, en het haar togte, waarnemings en navorsing hoofsaaklik in die geselskap van swart slawe en Indiane onderneem. Sy was 'n merkwaardige uitsondering op die tradisionele koloniale reisiger. Swak gesondheid het haar gedwing om na twee jaar na Amsterdam terug te keer, waar in 1705 haar nou wêreldberoemde *Metamorfose* van die insekte van Suriname verskyn. Dit was 'n wetenskaplike werk gebaseer op hoogstaande oorspronklike navorsing en van groot artistieke waarde, "presented with an overall narrative strategy of aesthetics, artfully moving the European reader between the familiar and the strange" (Davis 1995: 183). Teen 1711 was sy oor die ganse Europa bekend onder die eretitel "Juffrouw" Merian, 'n naam (gekoppel aan haar nooiensvan) wat sy tot haar dood in 1711 gedra het.

Gedurende die agtiende eeu het haar statuur toegeneem soos wat meerdere uitgawes van haar twee groot werke verskyn het, maar die negentiende eeu daarenteen, het byna totale vergetelheid meegebring. Haar naam het uit die geskiedskrywing oor wetenskaplike vooruitgang verdwyn en haar ontdekkings en bevindings is aan ander, manlike opvolgers toegeskryf. Haar noukeurige beskrywings in *Metamorfose* is beoordeel as "idle stories", voorgesê deur "cunning negroes", vol "simple errors which no boy entomologist" would have made (Schiebinger 1989: 78-79). Vandag egter word Maria Sibylla Merian geleidelik weer in ere herstel, en sy word erken as die heel eerste persoon in die geskiedenis van die entomologie wat die transformasieprosesse so essensieel aan die lewensiklus van insekte volledig waargeneem, begryp en beskryf het.

Die unieke aard van Merian se werk bied dalk nie alleen 'n verklaring vir haar verlies van status gedurende die negentiende eeu nie, maar kan ook 'n rede wees vir die toenemende belangstelling vandag in haar en haar werk. Belangstelling van 'n nuwe generasie plant-en dierkundiges, kunshistorici, byna almal wat geïnteresseerd is in kultuur- en vrouestudies, en selfs onder letterkundiges. Zemon Davis (1995: 190, 211) beskryf *Metamorfose* as "... ethnographic writing indifferent to the established cultural boundaries", en besluit dat Merian "elaborated ways of thinking about non-Europeans that moderated European claims of superiority made by [her] male contemporaries". Merian het die inheemse mense se kennis van die medisinale waarde van plante en vrugte in haar werk op 'n objektiewe, selfs simpatieke manier vermeld; sy het verwys na die verskriklike moeilike bestaan van die swart vroue wat sy ontmoet het, en beskryf selfs die beplande aborties wat hierdie slavinne ondergaan het op 'n begrypende toon. Vandag word van haar oorspronklike werk in die Surinaams Museum vertoon, - "part of a collection that Suriname intellectuals consider a "national heritage" for a multiethnic postcolonial society" (Davis 1995: 214). Klaarblyklik was Merian haar tyd ver vooruit.

2

Dit is juis die verwysing na Merian se "indifference to cultural boundaries" wat my belangstelling gewek het in die geskiedenis van die letterkundige transformasies wat Merian en haar werk in die loop van drie eeue ondergaan het. Na my wete is

daar slegs vier tekste in Nederlands en Afrikaans waar die Merianmotief betekenisvol ontwikkel word. Tekste wat opmerklik verskillende genres, periodes en kulture verteenwoordig, maar tekste wat nietemin heg ineenskakel met behulp van 'n netwerk van verwysings, aanhalings, en selfs deur visuele beelde.

Ek wil al vier die tekste oorsigtelik bespreek, en slegs in die geval van twee van hulle in meer detail ingaan.

3

Merian word 'n eerste keer direk vermeld in Petrus Dittelbach se *Verval en Val der Labadisten* (1692), maar dan slegs om heftig verwyd te word dat sy haar man verlaat het en hom "tot waansin gedryf het". Dittelbach, 'n ontnugterde en afvallige Labadis, was veral gegrief deur Merian se gebrek aan emosie en behoefte aan selfbelydenis, en deur haar onwilligheid om inligting omtrent haar familiesake aan die sektelede te gee. Volgens hom het sy ook haar dogters beïnvloed sodat hulle "zo wel van ijzer als de moeder" was (Stuldreher-Nienhuis 1945: 72; Davis 1995: 160). Hierdie sewentiende-eeuse dokumentêre teks vol veroordeling van die subversiewe invloed van die Labadiste op konvensionele moraal en mores behandel Merian bloot as 'n mislukte eggenote en 'n onnatuurlike vrou; dit ignoreer haar toe reeds aansienlike wetenskaplike en artistieke prestasies, en reflekteer duidelik die menings van die "gewone man" van daardie tyd.

Byna presies 250 jaar later verskyn die Meriankarakter vir die tweede maal in 'n Nederlandse teks, nou een geskryf deur 'n vrou: Jant Stuldreher-Nienhuis se *Verborgene paradysen*. Het leven en de werken van Maria Sibylla Merian 1647-1717. Die boek se titel dui alreeds op 'n radikale perspektiefverskil: terwyl sy uitgebreid verwys na haar voorganger se boek, spreek Stuldreher-Nienhuis haar minagting vir Dittelbach se "scheldschriften" (1) direk en deurlopend uit. *Verborgene Paradysen* is inderdaad 'n boek wat handel oor ongewone paradys, en dan in die eerste plek in dié sin dat in teenstelling met wat die tydgenote van sowel die outeur as haar onderwerp as 'n geskikte leefwyse vir 'n vrou sou beskou het, Sibylla Merian se lewe as sinvol en met vreugde gevul uitgebeeld word. Die paradysmotief word dan ook op verskeie vertelvlakke ontgin. Die verslae van die Labadistesendinge omtrent Suriname word saamgevat as dat: "[m]en had zich in het Paradijs gewaand" en Sibylla se reaksie hierop word weergegee as 'n ervaring van "lichtende visioenen van een tweede Eden" (Stuldreher-Nienhuis 1945: 69). Die versamelings en kabinette wat sy in Amsterdam besoek, word beskryf as 'n "klein Paradijs van schoonheid" (id. 88) en wanneer hulle eers in Suriname self is, roep haar dogter uit: "Hier komt het Paradijs naar je toe, Moeder!" (id. 100). Die titel van die biografie word gekoppel met Stuldreher-Nienhuis se verklaarde doel met die skryf daarvan, in hierdie paragraaf wat Merian se veronderstelde gedagtes terwyl sy siek in Suriname is, weergee: "aan haar kunstenaarsziel werd geopenbaard, dat er Verborgene Paradysen op aarde waren geschapen, waaraan de zwoegende en jachtende mensheid blind voorbijging" (id. 117).

Maar in die tweede plek, en dan waarskynlik onbewus so bedoel, reflekteer die Paradysverwysings ook 'n soort late Romantiese perspektief by die outeur: iemand wat die Tweede Wereldoorlog deurleef het, en wat klaarblyklik die visie van die tipiese intellektuele Westering verteenwoordig, naamlik dat Suriname as 'n toonbeeld van 'n ongerepte, tropiese paradys gesien moet word.

Die vertelstyl is buitengewoon dekoratief en plek-plek emosioneel, die houding ten opsigte van haar onderwerp byna aanbiddend. Die verblyf in Suriname word op barokke wyse beskryf: kleure, vorme, sensasies, beelde van juwele en lig en teksture kom in oorvloed voor; verbeelde gedagtes en fiksionele dialoog word breedvoerig gerapporteer, vertellerskommentaar word subjektief en in groot detail gegee. Die beskrywings van Merian se kinderjare in Duitsland is net so presies gedoen, maar dan in 'n meer "primitiewe" styl - tonele van koringblomme en papawers, en 'n bruingebrande, langbeen en kaalarm meisie wat oor die velde swerf op soek na vlinders en motte. Maar ek wil nie 'n eensydige beeld van die teks oproep nie. Dit is nie slegs 'n voorbeeld van mooiskrywery nie. Stuldreher-Nienhuis het inderdaad deeglike en omvattende navorsing gedoen; die bibliografie, die katalogisering van alle Meriantekeninge en publikasies en die aanbod van name, feite en getalle is met die grootste sorg versamel. Hierdie geringgeskatte boek deur 'n onbekende Noord-Nederlandse outeur word dan ook vandag steeds gebruik en aangehaal deur navorsers en selfs skeppende kunstenaars.

Wat my veral interesseer, is die vraag na die intensies van die outeur. Waarom hierdie byna aanbiddende geskrif, hierdie soeklig op 'n toe amper onbekende figuur van Duitse afkoms, en dan nog onder oorlogsomstandighede geskryf? (2) In haar voorwoord peins die outeur omtrent die feit dat geluk soveel te meer waardeer word indien dit deur lyding vooraf gegaan is ("Maar heerliker straalt het licht, waar het donker lang toefde ..." Stuldreher-Nienhuis 1945: 8), en dat Merian een van die min uitverkorenes was wat Skoonheid kon ontdek en aan andere kon bekendstel. Binne hierdie konteks het sy die Meriangeskiedenis dalk as 'n ligbaken gedurende moeilike tye beskou, as 'n bewys van die blywende waarde van die kuns en die wetenskap en as 'n bevestiging van individuele sin. Die herhaalde verwysings na Merian wat nie die pad wou loop soos dit uitgestippel was deur haar moeder en die se tydgenote nie, kan vandag se leser ook as 'n herkenbare feministiese aanslag interpreteer (Stuldreher-Nienhuis 1945: 7, 17, 29).

Die derde voorkoms van die Merianmotief is wanneer die bekende Bertus Aafjes vir Maria Sibylla Merian gebruik as die onderwerp en titel van 'n geleentheidsgedig, geskryf in 1945 en uitgegee in 'n beperkte bibliofiele edisie, pragtig geillustreer met kleurafdrukke van haar bekendste gravures. (3) 'n Nota op die agterblad erken Verborgene Paradijzen as die bron van hierdie illustrasies, maar Aafjes se erkenning moes eintlik meer aspekte van sy teks betrek het. Die leser wat beide tekste ken, word getref deur die manier waarop Aafjes tonele, beskrywings en selfs sinne en paragrawe uit Stuldreher se teks gebruik. Hierdie verwysings kom regdeur die 29 bladsye van die gedig voor, die mees uitgebreide oorname dié waar Merian se besoek aan die eksotiese versamelings in Amsterdam beskryf word. Die voorwerpe, beelde, kleure en emosies (Aafjes 1952: 23-24) kom direk uit die bladsye van Verborgene paradijzen (Stuldreher-Nienhuis 1945: 86-88). Maar Aafjes selekteer, sny, vergroot en herrangskik ook die oorspronklike: klein kronologiese "foute" soos dié betreffende die naam van 'n huis, (4) en, baie interessant, wanneer hy in 'n lang strofe op kleurvolle wyse beskryf hoe die skadufiguur van die Duitse eggenoot (5) sy middag verspeel in die geselskap van meisies en drank.

In die laaste van die vier afdelings waaruit die gedig bestaan, konkludeer die digter wie Merian eintlik was:

... op het voor de wereld poovre
 Weet zij de schoonheid te veroovren
 Van het verborgen paradijs;
 Is dit niet 't doel van 's leven's reis?

Aafjes 1952: 25

Ek dink dat hierdie woorde, so ná verwant aan daardie doelwit van Stuldreher-Nienhuis wat hierbo aangehaal is, ook die basiese uitgangspunt van Aafjes se gedig saamvat. Daar bestaan inligting dat hy die gedig geskryf het kort nadat 'n baie goeie vriend, ene dominee Henkes, saam met 'n paar ander Nederlandse ondergrondse versetstryders teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog deur die Duitse bewind geïnterneer is. Aafjes het blykbaar geglo dat sy vriend die dood kon ontsnap indien hy hierdie gedig, met as onderwerp 'n vrou wat geweldig deur Henkes bewonder is, sou skryf en aan hom opdra. Die lewe van Merian word dus voorgehou as inspirasie vir 'n groep gevange versetstryders, en dien as 'n viering van individuele ondernemingsgees en vryheid, verwoord in 'n byna heroïese styl. Die ryklik-versierde, individualistiese illustrasies dra by tot die besondere allure van die teks, en plaas dit op 'n heel ander vlak as sy meer bekende en gekanoniseerde werk - die teks is hier dus ook 'n liefdesdaad. [\(6\)](#)

4

In die oorblywende deel van die bespreking gaan ek konsentreer op die vierde teks, omdat na my mening dit in hierdie hedendaagse Afrikaanse roman is waar die gebruik van die Merianmotief werklik 'n "indifference to the established cultural boundaries" verteenwoordig. Karolina Ferreira verskyn in 1993, 'n roman geskryf deur Lettie Viljoen, een van die beste onder die talle vroue-outeurs wat vandag die Afrikaanse prosatoneel oorheers. Viljoen het in die tagtigerjare met twee novelles gedebuteer, albei die verhaal van 'n vrou op haar eie, haar soldaat-eggenoot afwesig, waarskynlik omdat hy by die toenmalige Swapofaksie aangesluit het, 'n besluit waardeur die vrou in nog 'n groter mate deur die omringende gemeenskap verwerp word. Viljoen se derde werk, 'n uitgebreide roman getitel Belemmering, is 'n baie enigmatiese vertelling wat blykbaar die meeste (manlike) resensente steeds verwar. Dit is die verhaal van 'n groep mans wat uitkamp in 'n afgesonderde grot, voortdurend besig om die omringende area te karteer, om nooit uitgevoerde aanvalle op en ontsnapping van naamlose vyande te beplan, terwyl op grondvlak 'n jong vrou met haar gewone lewe aangaan. Hierdie oppervlakkige oorsig van haar vroeëre werke wil daarop wys dat die onverwagse teenwoordigheid van 'n sewentiende-eeuse eksentrieke wetenskaplike in 'n hedendaagse Afrikaanse roman nie heeltemal so onverwags behoort te wees nie. Dit kan verder, na my mening, 'n uiters boeiende en verrykende voorbeeld van die beïnvloeding tussen tekste bied.

Laat ek begin met 'n eerste, dalk ietwat oppervlakkige, maar nietemin hoogs sigbare en treffende intertekstuele verwysing. Lettie Viljoen, onder haar regte naam Ingrid Gouws, is opgelei as 'n beeldende kunstenaar, en het in die geval van Karolina Ferreira die boekomslag self ontwerp. Dit is hierdie omslag wat die eerste leidraad bied vir 'n ondersoek na moontlike verbande tussen die Afrikaanse teks en die wêreld van Sibylla Merian. [\(7\)](#)


Skets 'n mens die buitelyne van die verhaalverloop, tree verdere aspekte van die Merianwêreld na vore. Karolina Ferreira, 'n wit, middelklas Afrikaanssprekende vrou, vroeër woonagtig in 'n groot kusstad, bly vir sewentien weke in 'n Vrystaatse plattelandse dorpie waar sy navorsing oor 'n seldsame motsoort doen. Karolina, wat 'n baie traumatiese persoonlike situasie agtergelaat het (die besonderhede daaromtrent maak sy nooit bekend nie - nes Merian ook haar persoonlike leed

verswyg het!), besluit om haar aan haar wetenskaplike arbeid toe te wei, 'n loopbaan as entomoloog waarvoor sy as kind reeds deur haar vader opgelei is. Sy bring haar dae deur op soek na motte in die veld rondom die dorpie, altyd vergesel deur 'n jong gekleurde man, 'n homeopaat.

Die gebeure vind plaas aan die begin van die negentigerjare, daardie periode wanneer die geweldige politieke verandering in Suid-Afrika net 'n aanvang begin neem. Voorspoed is 'n tipiese kleindorpse milieu en die konserwatiewe wit gemeenskap, sosiaal heeltemal afgesonder van die uitgestrekte swart township, probeer om die eerste tekens van transformasie te ignoreer. Elke aand sluit Karolina en Willie by die mans in die plaaslike hotel se dameskroeg aan, 'n vertrek byna uitsluitlik besoek deur eng chauvinistiese, selfs gevaarlike mans: die polisiemanne, die boere, onderwysers, die magistraat. Maar Karolina is ook 'n bedrewe snoekerspeler en whisky drinker, en daarom ignoreer almal vir Willie en verdra haar maar, terwyl 'n paar selfs onhandig by haar probeer toenadering soek. Hierdie sosiale bedrywighede bedek egter die vrese en bedreigings en demoniserende mites wat 'n veranderende maatskappy tipeer. 'n Hele paar keer val daardie bedekking weg, en kom konflik en terreur openlik voor. Aan die einde van die verhaal vind daar 'n gewelddadige rassekonflik plaas, waartydens een vleuel van die hotel afbrand, maar van waaruit, soos 'n feniks, die herboude gedeelte herrys om die begin van 'n nuwe era te simboliseer.

5

Om opnuut te begin, om te beweeg van een ontwikkelingsfase na die volgende, waartydens opmerkbare veranderinge in vorm en struktuur plaasvind binne 'n relatiewe kort tyd (met ander woorde, die proses van metamorfose) (8) - hierdie handelinge vorm die werklike band tussen Sibylla en Karolina. (9) Karolina en etlike van die karakters wat nou met haar verbind kan word, ondergaan spesifieke fisiese veranderinge. Willie vertel aan haar dat toe hy jare vantevore van politieke vervolging gevlug het en ernstig verwond was, hy deur Boesmans behandel is met 'n pap van blare en modder en vet; hy het gelê soos "'n larwe in 'n kokon" (Viljoen 1993: 95) totdat hy weer begin lewe het en ontdek het hy besit die vermoë om die onsienlike te kan sien. Die een dorpenaar wat 'n goeie en getroue vriend van Karolina word, die prokureur Pol Habermaut, lyk gewoonlik of hy besig is om in een groot waterplas op te los, soos wat sy vet lyf en waterige oë en onophoudelike gedrink ook voorspel. Maar na die brand in die hotel lê Pol in die hospitaal, uitgedroog en "toegewikkel in windsels soos 'n mummie" (Viljoen 1993: 188), sigbaar besig om 'n nuwe lewensstadium te betree. Hierdie verwysings na mense wat hulle gedra soos ruspes en larwes en kokonne terwyl hulle groot veranderinge ondergaan, betrek ook Karolina se nuwe vriendin, die Suid-Amerikaanse kunstenaar Adelia Farber. Die man wat Karolina se minnaar word, ook 'n vreemdeling in die dorp, is 'n Buddha wat aan haar stories vertel van 'n Buddha wat groen geword het nadat hy lank net dennenaalde geëet het. En Karolina self lyk soos 'n jong mot - "[h]aar vel het 'n geel blekerigheid ... Haar donker hare is happerig gesny. Sy lyk soos iemand in wording. Onafgewerk." (Viljoen 1993: 12) - nadat sy byna elke dag in haar kamer, soos in 'n kokon, die middag omgeslaap het. Later word sy bruiner as "sy ... haar ongesonde bleekheid mettertyd afskud" (Viljoen 1993: 52); en wanneer die liefde vir Jess haar houding teenoor die lewe en mans en seks transformeer, word haar nuwe skoonheid beskryf in terme van 'n volwasse mot: "Onder die lig is haar skouers sag en vroulik



gerond, die sweet daarop fyn soos die stof op die vlerke van motte; haar hare gloei en brand, dit stoot welig uit die wortelsakkies na bowe, dit staan donker en lewendig om haar kop" (Viljoen 1993: 149).

Die geestelike en ideologiese transformasies wat Karolina ervaar, waarvolgens sy verander van 'n "onskuldige, 'n idioot" (Viljoen 1993: 51) tot 'n potensiële "heroïese" figuur (Viljoen 1993: 123), struktureer die sentrale tema en plot van hierdie roman. (10) Viviers (1996) het alreeds in groot besonderhede die aard en vorm van daardie metamorfose beskryf, en ek gaan hier slegs opsom. Vergesel van en gelei deur haar intieme vriende, kom Karolina tot nuwe begrip van die sosiopolitieke waarhede en moontlikhede van haar land, sy verwerf nuwe insigte in mense en hul verwickelde verhoudings, en sy hanteer op harmonieuse wyse sowel die vroulike as die feministiese aspekte van haar bestaan. Deur 'n diepgaande peiling van haar innerlike lewe, veral by wyse van drome wat die leser nie anders kan as om in 'n Jungiaanse betekeniskonteks te plaas nie, maak sy vrede met haar verlede as dogter, as suster en as verwerpte minnares, terwyl sy die grense aan haar voorgeskryf deur 'n patriargale maatskappy heeltemal ignoreer. Sy voltooi haar navorsing en oortref selfs dit wat haar vader bereik het. Deur die inspirasie van die Buddhis Jankowits leer sy om die verlede te vergeet, om dit wat onnodig en vals is af te lê. En met verwysing na daardie aanhaling hierbo uit Merian se eerste boek kan 'n mens sê: Karolina, soos Sibylla, ervaar uiteindelik "groot vreugde" (Viljoen 1993: 190). Die verhaal eindig egter op 'n onsekere noot - die moontlikhede vir verder veranderings bly daar; metamorfose, as deel van die lewensiklus, is nooit voltooid.

6

Sibylla Merian het in die loop van die afgelope drie eeue vir verskillende mense verskillende dinge beteken, en gewoonlik is sy beoordeel vanuit die subjektiewe perspektief eie aan elke nuwe waarnemer se eie bestaan. Selfs die resente beskouings, en van hulle verskyn elke dag meer, verskil onderling opmerklik in inhoud en toon. Volgens sommige hedendaagse beoordelaars is sy die verpersoonliking van die oeroue, sluwe koopvrou en vakmens, iemand wat ruspes bestudeer het net omdat sy meer symateriaal wou verkoop (Schiebinger 1989; id. 1993); ander wat meer esteties geïnteresseerd is, glo dat sy en haar botaniese tekeninge "stand at the apex of the Golden Age of Dutch art" (Freedberg 1991). En soos wat Karolina in Viljoen se roman inderdaad ook is, verteenwoordig Merian vir baie die ideaal van die geëmansipeerde vrou. (11) Dis seker nie verniet dat Stuldreher-Nienhuis (1945: 15) in haar boek spekuleer omtrent Merian se vader wat eens gewens het dat deur sy dogter se werk, sy naam onsterflik sou word nie.

Uit al die tekste hierbo bespreek, blyk egter die kontinuïteit van gedeelde belange en die interessante aksentverplasings wat saamgaan met veranderde situasies. Dit is prosesse wat sowel op Sibylla Merian in al haar gedaanteverwisselings slaan, as wat dit, na my mening, metafories die steeds vitale verhouding tussen die ouer en die nuwe en die Afrikaanse en die Nederlandse letterkundes beskryf.

Departement Afrikaans & Nederlands
Universiteit van Suid-Afrika



Bibliografie

Anonieme resensent. Bespreking van Trados - die swerwer-Boesman. In Grové, A.P. (red.) Resensierubriek. Die Huisgenoot. 4 Nov. 1971.

Aafjes, Bertus. 1952 (1946). Maria Sibylla Merian. Amsterdam: Meulenhoff.

Davis, Natalie Zemon. 1995. Women on the margins: three seventeenth-century lives. Cambridge: Harvard University Press.

Dittelbach, Petrus. 1692. Verval en Val der Labadisten, of Derselver Leydinge, en wyse van doen in haare Huys-houdinge, en Kerk-formering, als ook haren op- en nedergang, in hare Colonien of volksplantingen, nader ontdekt. Amsterdam: Daniel van Dalen.

Freedberg, David & De Vries, Jan (eds.). 1991. Art in History, History in Art: studies in seventeenth-century Dutch culture. Santa Monica: Getty Center for the history of Art and the Humanities.

Hattingh, M. en H. Willemse. (reds.). 1994. Vernuwning in die Afrikaanse letterkunde. Belville: ALV.

Schiebinger, Londa. 1989. The mind has no sex? Women in the origins of Modern Science. Cambridge: Harvard University Press.

Schiebinger, Londa. 1993. Nature's body: gender in the making of modern science. Boston: Beacon Press.

Stuldreher-Nienhuis, J. 1945. Verborgen paradijzen. Het leven en de werken van Maria Sibylla Merian 1647-1717. Arnhem: Van Loghum Slaterus.

Valiant, Sharon. 1993. Maria Sibylla Merian: recovering an Eighteenth-century legend. Eighteenth-century Studies 26 (3): 467-479, Spring.

Viljoen, Lettie. 1993. Karolina Ferreira. Kaapstad: Human en Rousseau.

Viljoen, Lettie. 1994. Vernuwning. In: M. Hattingh & H. Willemse. (reds.). Vernuwning in die Afrikaanse letterkunde. Belville: alv.

Viljoen, Lettie 1996. Landskap met vroue en slang. Kaapstad: Human en Rousseau.

Viviers, Tanya 1996. Prosesse van transformasie in Karolina Ferreira (1993) deur Lettie Viljoen. Ongepubliseerde tesis ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir 'n Meestersgraad aan die Universiteit van Stellenbosch.

[\(1\)](#) Stuldreher-Nienhuis 1945: 73. Dit is nogal vermaaklik om te lees dat sy Dittelbach beskryf as: "[d]eze man, die de indruk maakte wel serieus te zijn, maar in hoge mate subjectief en emotioneel, vaak overspannen en altijd werkend op effect, zeer belust op sensatie ..." is, wanneer sy grootste klagte teen Merian juis haar emosielose houding was.

(2) Die kopie wat ek gebruik het, is die tweede, hersiene uitgawe met meer as twintig pragtige kleurafdrukke, benewens nog ander illustrasies en afbeeldings. Dit lyk my 'n ongewoon luukse publikasie vir wat toe die oorlogsjare in Nederland was, en die werk het blykbaar ook goed verkoop.

(3) In elke kopie van die eerste uitgawe kom 'n ander seleksie van gekleurde afdrukke van Merian se werke voor. Ek is bewus van vier herdrukke.

(4) Aafjes verwys na die huis "In den rozetak" wat Merian na haar terugkeer uit Suriname gekoop het, as die huis waarin sy jare vroeër, met haar eerste aankoms in Amsterdam, gewoon het.

(5) Die aard van Merian se huwelik en die redes vir haar egskeiding bly grotendeels onbekend. Verwysings na Johan Graff se "onbehoorlike gedrag" word gemaak in dokumente uit daardie tyd, maar is nooit nader omskryf nie en dit is ook later ontken. Merian self het nooit na of die huwelik of egskeiding of haar eggenoot se latere hertrou en vaderskap verwys nie. Dat sy en haar dogters onder haar nooiensvan bekend gebly het, is baie veelseggend.

(6) Dit is dalk nodig om daarop te wys dat 'n vergelykende studie van die Aafjeswerk met Gorter se Mei waarskynlik tot nog meer interessante ooreenkomste in styl, beelde en temas sal lei.

(7) Op die voorblad van Karolina Ferreira is 'n tekening deur die outeur (illustrasie 1), haar weergawe van die kleurafdruk (illustrasie 2) uit *Metamorphosis*, nommer 12, getitel "Banana" (Stuldreher-Nienhuis 1945: 175). Hierdie spesifieke tekening en die bron word egter nooit genoem nie; daar is slegs 'n kort nota op die flap van die omslag wat vermeld dat die omslagontwerp gebaseer is op "'n studie deur Sibylla Merian". Dit is die enigste verwysing in die Viljoenroman na Merian, haar werke of na werke wat oor haar verskyn het. Dit is egter baie duidelik dat Viljoen uitgebreid op Verborgene paradysen gesteun het in die opbou van 'n verwysingsraamwerk vir haar eie roman.

(8) 'n Byna woordelike (vertaalde) oorskrif van die definisie van entomologiese metamorfose wat verskyn in die *Encyclopedia Britannica*, vol 15, 1976 uitgawe.

(9) Die barre omgewing van die Suid-Afrikaanse dorpie waarin Karolina haar bevind, mag ver verwyder lyk van die Merianmilieu. Maar die berugte snoekerkamer waarin die grootste deel van die verhaaldebeure afspeel, word herhaaldelik beskryf as 'n "giftige groen wêreld", as 'n "groen wêreld soos gesien in 'n koorsdroom"; 'n bedreigende plek, vreemd, en bevolk deur reptielagtige mans. Inderwaarheid 'n wêreld baie soos die Surinaamse een waar Merian ook nie moes gewees het nie.

(10) Adelia sê aan Karolina: "Maar vroue is nie maklik helde nie. Jy kan nie 'n heroïese portret van 'n vrou op dieselfde manier skilder soos jy dit van 'n man kan nie. 'n Man se ervaring - hoe afwykend ook al - word onmiddellik as 'n verruiming van menslike ervaring gesien; die ervaring van 'n vrou bly afwykend, eksentriek, idiosinkraties." (Viljoen 1993: 122).


(11) Hier kan vermeld word dat die jongste Viljoenroman, *Landskap met vroue en slang* (1996), op geen direkte wyse by die Merianmotief aansluit nie, maar tog baie evokatief herhalende beelde en frases wat daarmee verband hou, gebruik.

Herhaaldelik word in hierdie verhaal van 'n kunstenaars en haar talentvolle "susters" die paradysbeeld, soos in Stuldreher-Nienhuis se werk, ontgin, en verwysings na wilde piesangs, motte, vlinders, en 'n tropiese klimaat kom deur die hele verhaal voor.

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 4de Jaargang, Nommer 1. Junie 1997

Illustrasie 1: Omslag van Karolina Ferreira (Viljoen 1993)



Keer terug na [artikel](#)

Illustrasie 2: "Banana" uit die Metamorphosis (p. 40)



Keer terug na [artikel](#)

[Ena Jansen](#) | [N.J. Jordaan](#) | [Henriette Roos](#) | [Andries Visagie](#) | [Kees Groeneboer](#) | [M.E. Nelson](#) | [Piet Swanepoel](#)

Postmodernisme, subjektiwiteit en geskiedenis: Louis Ferron se Turkenvespers as 'n historiese collage (1)

- Andries Visagie -

Abstract

The postmodernist element (among other things) in Louis Ferron's novel, *Turkenvespers* (1977) becomes apparent in Ferron's playful irreverence for historical fact and chronology. History functions as a problematizing aspect in the efforts of the character Kaspar Hauser to attain coherent subjectivity. Kaspar unsuccessfully reverts to borrowed identities from both the historical and the literary past to constitute himself as an autonomous subject. This article examines the concomitance of history and subjectivity as represented in *Turkenvespers*. Furthermore, the various visions of history accommodated by Ferron's novel are explored and subsequently collated with postmodernist conceptions of history.

1. Inleiding

In die Nederlandse literêre wêreld word die begrip "postmodernisme" met groter huiwering gehanteer as in Suid-Afrika waar die postmodernisme sedert die jare tagtig 'n dominante stroming is. Volgens Anthony Mertens (1988: 147) is die aantal Nederlandse prosawerke wat voldoen aan die norme van die postmodernisme as 'n internasionale verskynsel baie beperk. Hy bestempel die werke van slegs 'n handvol skrywers soos Bert Schierbeek, J.F. Vogelaar, Cees Nooteboom, Louis Ferron, Sybren Polet en Gerrit Krol naas enkele werke van W.F. Hermans en Harry Mulisch as postmodernisties. Hy is ook van mening dat die Nederlandse postmodernisme nie met die Franse poststrukturalisme gelykgestel kan word nie aangesien die Franse filosofie en literêre kritiek slegs 'n geringe invloed op die Nederlandse literêre toneel het. Teenoor Elrud Ibsch (1989: 370) se vasstelling dat die postmodernisme "in alle breedte" in die Nederlandse literatuur aanwesig is, beweer Ad Zuiderent (1989: 436) dat die postmodernisme 'n term is wat vanuit die Verenigde State oorgeplant is sonder die nodige nuansering vir die Nederlandse literêre toneel.

Met dié uitsprake voor oë is dit nie verbasend dat die postmodernistiese skrywer Louis Ferron as 'n uitsonderlike figuur binne die Nederlandse literatuur beskou word nie (vergelyk byvoorbeeld Goedegebuure, 1977: 704; Matthijsse, 1979: 85 en De Winter, 1980: 35). Wesseling (1987: 31, 32) wys daarop dat Ferron se werk op inhoudelike en kompositoriese vlak sterk onder die invloed van die Noord-Amerikaanse postmodernisme staan. Ferron het byvoorbeeld ook romans van postmodernistiese skrywers soos Vladimir Nabokov en Ishmael Reed vertaal. Sy inspirasiebronne is dus eerder buite die grense van Nederland geleë. Meer nog as deur die Amerikaanse literatuur word Ferron se literêre agtergrond bepaal deur die Duitse romantiek. 'n Deurlopende belangstelling by Ferron is die

ontstaansgeskiedenis van die fascisme wat volgens hom 'n uitloper van die romantiek is. Ferron beskryf homself as "een volbloed romanticus in de 19de-eeuwse betekenis" (Roggeman 1983: 15), maar voeg dadelik by dat hy as 'n produk van die twintigste eeu ook beskik oor 'n refleksiewe vermoë ten aansien van sy eie fasinaties en drifte. In die trilogie wat *Turkenvespers* (1977) voorafgaan, word onder meer die Beiere van Ludwig II en Richard Wagner (Gekkenschemer 1974), die Weimar-republiek (Het stierenoffer 1975) en die Derde Ryk self (De keisnijder van Fichtenwald 1976) in oënskou geneem (Mertens 1981: 3). In *Turkenvespers* word 'n verdere aspek van die geskiedenis van die Duitstalige lande ondersoek, naamlik die dekadensie ten tyde van die vorige eeuwisseling in Wenen. In Ferron se uitbeelding van hierdie tydperk van die Oostenrykse geskiedenis word die anachronistiese gegewe van 'n Turkse inval in Wenen betrek. Die Turke het Wenen in werklikheid nooit binnegeval nie, maar wel die stad bedreig in die sestiende en sewentiende eeu.

2. 'n Intertekstuele subjek

Soos in die meeste postmodernistiese romans word die subjektiwiteit van die karakters ook in *Turkenvespers* aansienlik geïnterproblematiseer. Volgens Lies Wesseling (1991: 2) word Ferron se romans gekenmerk deur die aanwesigheid van skimagtige figure met 'n onduidelike afkoms wat tevergeefs probeer om 'n respektabele identiteit te verower. In sy filosofiese projek het Michel Foucault (1970: 387) weliswaar die einde van die subjek aangekondig, maar die postmodernistiese literatuur word voorlopig nog oorheers deur 'n toegespitste vraagstelling rondom die status van die subjek. In verskeie postmodernistiese romans is daar 'n nostalgiese hunkering na die sekerheid wat die humanistiese subjek bied - dit wil sê, die individu as 'n outonome wese met selfkennis en 'n "menslike essensie" wat deur die geskiedenis heen toenemend uitreik na 'n volmaakte realisering (Hutcheon 1988: 226). Hierdie hunkering word egter verýdel deur die onvermydelike desentrering van die subjek. Tog is dit belangrik om daarop te let dat die desentrering van die subjek nie altyd neerkom op 'n ontkenning van subjektiwiteit nie: in die postmodernisme word die subjek geïnterproblematiseer deurdat die bestendige ideologieë rondom subjektiwiteit gehistorieseer word (Hutcheon, 1988: 159). In sy latere werk, veral in 'n werk soos *The care of the self* (deel 3 van *The history of sexuality*), spits ook Foucault (1986) hom toe op 'n historiese rekonstruksie van die subjek waardeur hy die diskoers oor subjektiwiteit oopstel vir bevraagtekening.

In *Turkenvespers* word die subjektiwiteit van die hoofkarakter, Kaspar Hauser, deur middel van intertekstualiteit geïnterproblematiseer. Ferron siteer nie alleen uit die wêreldgeskiedenis nie maar ook uit die Westerse filmgeskiedenis en die literêre verlede van Wes-Europa. Soos Hutcheon (1988: 127) aandui, word daar met die paradiese intertekstualiteit van die postmodernisme tekste vanuit sowel die "wêreld" as die kunste betrek om die grense tussen dié twee terreine te ondermyn. In 'n onderhoud verklaar Ferron byvoorbeeld: "het feit dat ik vorig jaar in Berlijn met vakantie ben geweest, dat is een ervaring die ik mag gebruiken, dat is stelen uit de werkelijkheid, maar ik mag ook stelen uit de boeken, die ik gelezen heb. Ook die vertegenwoordigen een facet van de werkelijkheid" (Roggeman 1983: 9). Ferron wil die "grens tussen verbeelding en werkelijkheid volledig opheffen, omdat alles verbeelding is. De wereld, een droom" (Roggeman 1983: 19). Teen die agtergrond van hierdie uitsprake moet nagegaan word hoe die historiese dimensie van Kaspar

Hauser as intertekstuele subjek in Turkenvespers ontplooi word.

In Ferron se roman probeer Kaspar telkens om definisie aan sy onstabiele identiteit te gee deur buite homself uit te reik na 'n verskeidenheid ankers. Sy identiteit word onder meer bepaal deur die historiese figuur uit die negentiende eeu, Kaspar Hauser, maar ook deur die drama Kaspar wat die Oostenrykse skrywer Peter Handke (1979) in 1966 geskryf het en wat gebaseer is op dieselfde Kaspar Hauser se geskiedenis. Verwysings kom ook voor na *Jeder für sich und Gott gegen alle* (Elkeen vir homself en God teen almal), 'n film wat die Duitse filmregisseur Werner Herzog in 1974 oor die lewe en individuasiëproses van Kaspar Hauser gemaak het (Nothnagel 1984: E8, F4). Die lewensgeskiedenis van Ferron se Kaspar stem verder in sekere opsigte ooreen met dié van *Simplicius Simplicissimus*, 'n karakter uit die werk van die sewentiende-eeuse Duitse skrywer Hans Jacob Christoffel von Grimmelshausen. Ook ander fiksionele intertekste speel 'n bepalende rol: die verskillende verwysings na Hollywood-films suggereer uiteindelik dat Kaspar 'n karakter in 'n film is. Hy verlang selfs daarna om 'n personasie in 'n roman te wees (208-209) en stel hom by geleentheid selfs voor as 'n karakter uit 'n fiksionele werk (132). Om die intertekstuele doolhof in die roman verder te kompliseer, word ook Ferron se biografie betrek om gestalte te gee aan Kaspar se steeds verskuiwende, hologramagtige subjektiwiteit.

Die historiese Kaspar Hauser was 'n Duitse weeskind wat in 1828 op die ouderdom van sestien sy opwagting in die strate van die stad Nürnberg gemaak het nadat hy sy hele lewe lank in 'n kelder opgesluit was. In sy hand het hy twee briewe van sy (onbekende) oppassers en 'n gebedsboekie gehad. Hy kon wel sy naam skryf, maar kon slegs enkele onduidelike sinne prewel waaronder: "Ich möcht a söchana Reiter wern wie Vater is" ("Ek wil net so 'n ruiter soos pa word") (Leonhardt 1987: 70). Hauser, oftewel "die kind van Europa", het gou opslae gemaak in Duitsland en uiteindelik ook die verbeelding van mense elders in Europa aangegryp. Hauser het vinnig geleer praat en skryf, maar in 1833 kom sy kortstondige vryheid tot 'n einde wanneer hy onder geheimsinnige omstandighede aan 'n meswond beswyk (Leonhardt 1987: 11). Die vermoede bestaan dat hy, soos ook vroeër in 1829, die slagoffer van 'n sluipmoordaanval was. Daar is aanduidings dat Hauser moontlik die seun van groothertog Karl van Baden en sy vrou, Stephanie de Beauharnais, was. In 'n komplot rondom die troonopvolging in Baden is Kaspar na bewering kort na sy geboorte ontvoer om tot sy sestiende jaar in 'n kelder opgesluit te bly (Leonhardt 1987: 187).

Die ooreenkoms tussen die historiese Kaspar Hauser en die fiktiewe Kaspar van Turkenvespers is ooglopend: albei het 'n onsekere afkoms en bowendien was daar by albei 'n verlanse om groter sekerheid oor hulle identiteit te verkry. Die figuur van Kaspar Hauser is besonder goed geskik om as metafoor te dien vir 'n besinning oor subjektiwiteit. In Turkenvespers verwys Kaspar na die historiese Kaspar Hauser as sy leeftydgenoot (17), sy dubbelganger (89), sy ongebore broer (90), sy "kwade vriend" (175) en sy naamgewer (286). Hy beweer verder dat hy Hauser van sy identiteit ontvreem het om sy teenwoordigheid op aarde te laat geld: "wat moest ik zonder naam? Ik wilde zo graag op deze wereld aanwezig zijn" (138). Kaspar koppel met ander woorde sy soeke na 'n identiteit aan naamgewing - deur die taal probeer hy om deel van die sosiale bestel te word. Volgens Hutcheon (1988: 168) bestaan daar binne die postmodernisme die opvatting dat die ponering van subjektiwiteit 'n enonsiatiewe handeling is. Dit is in en deur die taal dat die mens homself as 'n subjek definieer. Die aanname dat die subjek deur die taal gekonstitueer word, impliseer dat die sprekende subjek nie geheel en al outonoom en in beheer van sy eie subjektiwiteit is nie omdat betekening in die taal immers

nooit afgesluit kan word nie. Die diskoers wat met verloop van tyd in die historiografie en in die kunste oor Kaspar Hauser ontstaan het, belemmer Kaspar se pogings in Turkenvespers om 'n sturende greep op die ontwikkeling van sy identiteit te kry. Hy kom voortdurend te staan voor die diverse voorstellings van Hauser in film en literatuur. Kaspar moet toesien hoe sy subjektiwiteit teen sy eie wense verstrooi word. Anthony Mertens (1981: 4; 1983: 54) merk op dat Ferron met sy maniëristiese tegnieke telkens demonstreer dat sy personasies vermomnings van vermomnings is. Die onsekerheid van hulle identiteite word onderstreep deur dié karnavaleske aspek van Ferron se romans. Ferron beskryf sy werk dikwels in terme van 'n film, 'n toneelstuk of poppekas om die onegte, gemaskerde aard van sy personasies te beklemtoon (vergelyk byvoorbeeld Kruithof 1977: 77).

Wanneer Kaspar in Turkenvespers sy masker afhaal, verskyn hy eers in die vermomnings van 'n Peter Handke-karakter of 'n Werner Herzog-filmpersonasie voordat die historiese Kaspar Hauser na vore tree. In die hoofstuk getitel "Kaspar leert lopen zoals Handke Kaspar leerde lopen" beskryf Kaspar tydens 'n besoek aan sy voormalige pleegmoeder, Alma Korngold, hoedat sy die "vondeling Hauser" (266) in sy kelder leer loop het. Die vier Kaspar Hauser-tekste wat in die roman betrek word, vervloei in hierdie episode sodat 'n ontologiese verwarring ontstaan tussen die verskillende (historiese én fiksionele) wêreldes wat in hierdie tekste voorkom. In die wêreld van Kaspar die kolporteur (Kaspar se beroep is om te smous met pornografiese foto's en stroke film wat hy in sy koffer rondra) was Alma weliswaar sy pleegmoeder, maar die gegewe van 'n vrou (Alma) wat Kaspar in 'n kerker versorg, betrek Jeder für sich und Gott gegen alle van Herzog. Die hoofstuk "Kaspar leert lopen zoals Handke Kaspar leerde lopen" is 'n pastiche van Handke se drama, Kaspar (vgl. Handke 1979: 108, 109). Die eerste sin wat Handke sy karakter in Kaspar laat uitspreek, is ook die eerste sin wat die veelvlakkige, gekunstelde Kaspar van hierdie hoofstuk uiter. Daar word beskryf hoedat "hij, na zijn loopstudies pagina's lang te hebben volgehouden, eindelijk zijn mond opende en lispelde dat hij graag wilde worden wat een ander eens geweest was" (266). Hierdie sin roep uiteraard ook die woorde op wat die historiese Kaspar Hauser gedurig herhaal het kort na sy vrylating uit die kelder. Die sentrale problematiek rondom subjektiwiteit in Turkenvespers word met dié woorde kernagtig saamgevat: Kaspar strewe na die verwerping van 'n eie identiteit met verwysing na ander identiteite wat hom voorafgegaan het. Identiteit is klaarblyklik dus slegs moontlik binne 'n sosiale en historiese verband. Kaspar se eerste sin is verder ook 'n illustrasie van die sprekende subjek wat homself van meet af aan in taal konstitueer.

Die Freudiaanse inslag in Ferron se werk (vgl. Ferron 1978a: 78) blyk onder meer in die opnoem van vaderfigure tydens Kaspar se loopoefeninge. Op Alma se vraag na die identiteit van die "ander" wie se voorbeeld Kaspar wil navolg, antwoord hy: "Een ruiter." Maar hij had ook wel "een hoedenmaker" of "de prins van Baden" of "de aartshertog van Mayerling" kunnen zeggen" (267). Die verwysing na 'n ruiter en die prins van Baden is 'n toespeling op die onbekende vader van die historiese Kaspar Hauser terwyl die hoedemaker verwys na Kaspar die kolporteur se misdadige biologiese vader (en ook na die vader van Sternheim, die regisseur wat Kaspar se lewe agter die skerms beheer). Die Aartshertog van Mayerling is die vader van die kind waaraan mej. Kamenow, Kaspar se verloofde, uiteindelik geboorte skenk. Die behoefte van dié Kaspar om met 'n vaderfiguur te identifiseer, het sekerlik 'n Freudiaanse inslag, maar dié behoefte word verydel deur die afwesigheid van 'n enkele koherente vaderfiguur. Die versplintering van die vadersubjek word deur Alma tot 'n onhoudbare uiterste gevoer wanneer sy grappenderwys Elisabeth Bathory by die lys van vaders voeg. Kaspar stort ineen by die aanhoor van Alma se suggestie. Elisabeth Bathory is in werklikheid 'n karakter

uit die Dracula-legendes (Blok & Wesseling 1988: 179). Tydens 'n karnavalbal ("Faschingbal") vermom die Oostenrykse kroonprins, die Aartshertog van Mayerling, hom as Elisabeth Bathory en dit is in hierdie gedaante dat hy mej. Kamenow verkrag. In 'n sekere sin is Elisabeth Bathory dus wel 'n vader, maar "sy" verteenwoordig eerder 'n pervertering van die vadergegewe. In plaas daarvan om die gekunstelde Kaspar te help om sy identiteit te konsolideer, veroorsaak die uiteindelik versplinterde en verwronge beeld van 'n vadersubjek 'n soort regressie by hom: Kaspar stort neer en draai sy pupille na binne "op zoek naar een wereld waarin de dingen nu eindelijk eens zouden zijn wat ze behoorden te zijn" (267). Sy pogings om buite homself uit te reik om binne 'n sosiale verband 'n duidelik omlynde identiteit te verwerf, het misluk en hy keer terug na sy private illusies.

Kaspar se sukkelende pogings om 'n outonome subjektiwiteit te konsolideer met behulp van die identiteite uit die (literêre) geskiedenis is 'n illustrasie van Foucault (1977: 161) se Nietzscheaanse genealogie - die geskiedenis in die vorm van 'n doelbewuste karnaval. Anders as in die tradisionele geskiedskrywing is dit nie meer moontlik om 'n gebrek aan individualiteit met die vasstaande identiteite van die verlede aan te vul nie. Die postmoderne mens word eerder van individualiteit ontdaan deur die oormatige keuse van moontlike identiteite. Kaspar word die trefpunt van verskillende identiteite wat hom as subjek eerder ontbind en verstrooi as om 'n konsoliderende funksie te vervul.

Teen die einde van Kaspar se loopoefeninge à la Handke word sy eerste gesprek met Korngold, die Mahleragtige komponis wat sy pleegvader word ("A la manière de Grimmelshausen", 57-60), kortliks opgehaal. In hierdie gesprek en in die hoofstuk getitel "The man you love to hate" word nog een van die vele identiteite voorgestel wat meewerk aan die versplintering van Kaspar as subjek, naamlik die karakter Simplex (Simpelmans, 59) uit Grimmelshausen se barokroman *Abenteuerlicher Simplicius Simplicissimus*.

In Grimmelshausen se roman word die lewensloop van 'n weeskind, Simplex, tydens die Dertigjarige Oorlog in Duitsland geskets. Die roman het 'n sterk outobiografiese inslag. Nadat 'n groep soldate sy boereouers uitgewis het, ontferm 'n kluisenaar hom oor Simplex en bied aan hom 'n opvoeding en 'n naam. Uiteindelik beleef Simplex etlike avonture te midde van die oorlogsellendes. Hy word berug vir sy skelmstreke, maar kom ten slotte tot inkeer. Net soos in die geval van die historiese Kaspar Hauser is Simplex 'n weeskind met 'n onsekere afkoms. In die hoofstukke getiteld "The man you love to hate" en "A la manière de Grimmelshausen" siteer Ferron uitvoerig uit hoofstukke 3, 4, 5, 6 en 8 van die eerste boek in Grimmelshausen se roman.

In "The man you love to hate" word Grimmelshausen se beskrywing van die aanval en moord op Simplex se familie deur verbytrekkende soldate soms woordeliks weergegee. Ferron huiwer ook nie om duidelik aan te dui watter bron hy hier gebruik nie: "als ik mij niet aan Hauser verwant had gevoeld, dan had ik toen en op dat moment Simplicius Simplicissimus tot mijn schaduw moeten uitroepen" (40). Die leser word gedwing om daarvan kennis te neem dat die fiksionele gegewe van Ferron se roman vervleg is met 'n verdere fiksionele gegewe uit die literêre verlede. Die reeds geïntegreerde ontologiese grense tussen die onderskeie fiksionele wêreldes word verder ondermyn deur die filmiese voorstelling van die gebeure.

Ferron se fiksionele Kaspar en Grimmelshausen se Simplex word ingebed in die oorkoepelende fiksionele vlak van 'n film wat boonop ook 'n droom kan wees ("In mijn kinderjaren droomde ik ook films over galante luitenants", 38). Hierdie

procédé het duidelike implikasies vir die subjektiwiteit van die Kaspar-figuur: sy identiteit word nie bloot deur intertekste uit die geskiedenis en die literatuur bepaal nie; hy is klaarblyklik ook 'n karakter in 'n Sternheim-film. Sy pogings om 'n selfstandige identiteit te verwerf is in werklikheid futiel aangesien hy deur iemand anders, naamlik Sternheim, "geregissee" word. Hierbenewens blyk dit dat die moord op sy vader en die verkragting van sy moeder, wat 'n bepalende invloed op sy identiteit het, volgens Sternheim geen duidelike motivering het nie: "vraag me niet wat ik met dit alles voorheb. Er is veel celluloid op de wereld, dat moet gevuld" (43). Kaspar as subjek word dus geheel en al bepaal deur die willekeur van die regisseur Sternheim. Die leser kom hiermee byna onvermydelik te staan voor die metafiksionele insig dat al die karakters in Turkenvespers, dus ook Sternheim, onderworpe is aan die "willekeur" van die skrywer.

Tydens sy verblyf by die Korngolds vra Kaspar homself af of hy dan gebore is om voortdurend "met schimmen geconfronteerd" te word: "Wat deugt er niet aan mij, dat mensen van vlees en bloed mij ontwijken?" (71). Die radikale fiksionalisering van die subjek Kaspar word in Turkenvespers skynbaar gestuit deur "vlees en bloed" sodra Ferron se biografie as bykomende interteks betrek word. In 'n onderhoud verklaar Ferron dat daar in sy werk dikwels weeskinders voorkom: "Er is mij een verleden onthouden en daarmee een identiteit" (Ros 1980: 30). Ferron was naamlik die seun van 'n Duitse soldaat wat tydens die Duitse besetting van Nederland in die Tweede Wêreldoorlog met sy moeder in Haarlem bevriend geraak het. Kort na sy geboorte is hy na Bremen in Duitsland geneem om deur sy ouma grootgemaak te word. Sy pa het intussen in die oorlog gesneuwel. Teen sy sesde jaar het sy moeder hom egter na Nederland laat terugkeer. Sy naam is terselfdertyd verander van Karl-Heinz Beckering na Aloysius Ferron. Oor hierdie gebeurtenis uit sy kinderjare merk Ferron op: "Het moet voor een kind een krankzinnige ervaring zijn geweest, die natuurlijk levenslang doorwerkt. Je verandert van naam en in zekere zin ook van identiteit" (Diepstraten 1980: 5). Terug in Nederland het sy moeder hom verwaarloos en hy het uiteindelik 'n deel van sy jeug in 'n kinderskool en by pleegouers deurgebring (Diepstraten 1980: 3, 5).

In Turkenvespers is Kaspar, net soos Ferron in 'n sekere sin, 'n oorlogsweskind wat in die sorg van 'n tweede "ouerpaar" (die Korngolds) kom. Van die insidente wat Ferron in Duitsland beleef het, keer ook in Turkenvespers terug. As kleuter het Ferron byvoorbeeld die bombardement van Bremen beleef. Tydens die bombardement is die dak van sy ouma se huis weggeskiet; tydens hierdie gebeurtenis moes Karl-Heinz die toilet dringend besoek: "Toen ik zag dat ik zó, door het dak heen, tegen de rood schemerende lucht aankeek, pakte ik het op het toilet staande potje en besloot mijn behoefte dan maar op straat te doen. Een toilet zonder dak had kennelijk zijn functie verloren" (Ferron 1978b: 198). Tydens 'n lugaanval van die Turke op Wenen tref min of meer dieselfde ongeluk ook vir Kaspar in Turkenvespers: "Boven me verging een wereld. Het dak werd boven mijn troon weggeslagen, puin en stof regenden op mijn rug" (322).

Deurdadig laat Ferron sy outobiografie saamvloei met Kaspar se geskiedenis werp hy lig op sy siening van die verhouding tussen geskiedenis en identiteit en terselfdertyd op die Freudiaanse grondslag van sy benadering tot die geskiedenis. 'n Persoonlike geskiedenis is naamlik 'n voorvereiste vir 'n koherente, outonome subjektiwiteit waarop die individu sy toekoms kan grondves. Kaspar se verstrooide, onsamehangende identiteit is daaraan te wyte dat hy "een jongen zonder verleden en derhalve zonder toekomst" (94) is. In 'n gesprek met Martin Ros (1980: 32) maak Ferron ook die stelling dat die mens niks meer is as sy geskiedenis nie. Geskiedenis bepaal identiteit en wanneer dié geskiedenis ontbreek, is daar dikwels

die behoefte om die hiaat self in te vul, hetsy deur 'n soort Vatersuche (Ferron beweer dat sy skryfwerk neerkom op 'n soektog na sy vader - Roggeman, 1983: 8) of deur die uitreik na maskers uit die historiese en literêre verlede. Reeds vroeg in Turkenvespers kom Kaspar egter tot die besef dat geen mens sy eie geskiedenis kan skryf nie (33); sy pogings om 'n eie geskiedenis en identiteit deur middel van geleende identiteite te konstrueer, is van meet af aan tot mislukking gedoem.

Met die onontwarbare collage van intertekste wat laag op laag in die subjek van Kaspar gekonsentreer word, dit wil sê ook die interteks van die skrywer se outobiografie, slaag Ferron daarin om gestalte te gee aan 'n figuur van "bordkarton". Volgens Ferron wil hy aantoon "dat alles van bordkarton is" en daarom skryf hy "over bordkarton en in bordkartonnen bewoordingen" (Kruithof 1977: 77). Die kunsmatige subjekte wat in Turkenvespers voorkom, dra daartoe by dat die leser se aandag op die tekstuele aard van die romanwêreld gevestig bly. Ook Kaspar soek uiteindelik toevlug in die wêreld van tekste en tekens. Hy verkeer egter onder die wanindruk dat indien hy homself kan konstitueer as 'n fiksionele karakter - "plat ... als een papiertje" met die "onstoffelijkheid van een romanfiguur" (208) - hy die werklikheid kan ontvlug en 'n nuwe en afgeronde identiteit kan verkry. Kaspar wil dus die laaste spore van "vles en bloed" in sy subjektiwiteit afskud om op dieselfde vlak as sy geleende fiksionele gedaantes te kan funksioneer. Dit is nie voldoende om 'n masker te dra nie; hy wil self 'n masker word om sodoende 'n sterker aanspraak op 'n (weliswaar fiksionele) identiteit te kan maak. Die leser is egter daarvan bewus dat Kaspar in elk geval reeds 'n fiksionele karakter uit 'n Sternheim-film is sodat ook hierdie pogings van hom om die wêreld van drome, illusies en fiksie te betree futiel is. Die ironie in die volgende uitspraak van Kaspar is dus duidelik: "Ik hoorde niet bij de orde der dingen, maar was ondergebracht bij de tekenen. De Hauser, achtervolgd door zijn Hauser, was in zijn angst iedereen voorbijgelopen, voor niemand meer bereikbaar, zelfs niet meer voor de door hemzelf opgeroepen fantomen" (226).

Kaspar se getrouste "fantom", die historiese Kaspar Hauser, keer egter gou weer terug om Kaspar in sy nuwe illusies uit te lag (236). Kaspar se nuut versonne gestalte is naamlik dié van 'n toegewyde ouer, 'n rol wat hom met die hoop vervul dat hy finaal van sy geleende identiteite kan ontsnap. Deur sy ouerskap wil hy moontlik vergoed vir sy onvermoë om sy identiteit met verwysing na 'n outonome vaderfiguur te definieer: "in dit kind moet alles gebeuren wat mij onthouden is. Daartoe moet het een vader hebben en die vader ben ik" (317). Kaspar se ouerskap word egter deur 'n netwerk van ambivalensies gekenmerk: die kind oor wie hy hom ontferm, is byvoorbeeld nie sy eie nie, maar die kind wat die Aartshertog van Mayerling (vermom as Elisabeth Bathory) tot Kaspar se verontwaardiging by mej. Kamenow verwek het. Kaspar word verder in die oorlogshospitaal opgeneem waar dr. Celinek swangerskapsimptome by hom diagnoseer (221, 222). Kaspar konstrueer vir homself 'n ingewikkelde ouerskapsrol waarin hy nie bloot die vader van die kind is nie, maar ook 'n soort moeder. Daar word gesuggereer dat Kaspar tot orale seks met die kroonprins gedwing is waartydens hy "bevrug" is. Hierdie gebeurtenis is na alle waarskynlikheid 'n inbeelding van Kaspar self waardeur hy homself poneer as die draer van die "metafysische afspiegeling" van mej. Kamenow se kind (224).

Hierdie verwronge bevrugting deur die kroonprins as 'n "spel van biologiese vergissingen" (225) verkry vir Kaspar 'n dieper dimensie deurdat sy identiteit vir 'n oomblik aan hom openbaar word terwyl hy Mayerling se saad sluk: "Ik, die mijn hele leven al op zoek was naar mijn naam, had deze daar en op dat moment gelezen in de meest afschuwelijke verrukking die een mens overkomen kan. Het was een

naam waar nog geen naam voor was gevonden, al begreep ik niettemin dat ik benoemd was" (225). Tydens sy ontmoeting met Mayerling - 'n simbool van die maghebbende owerheid - verkry Kaspar 'n blik op die essensie van sy identiteit soos dit in sy naam beliggaam word. Hierdie identiteit kan egter nie omskryf word nie omdat dit behoort tot die domein van die onvoorstelbare - dit is nie moontlik om 'n greep op die getotaliseerde essensie van 'n volledig teenwoordige subjektiwiteit te verkry nie. Kennelik bestaan hierdie essensie, maar dan slegs as "een naam waar nog geen naam voor was gevonden" en wat daarom nie gerepresenteer kan word nie. Kaspar kan nie ontkom aan 'n veelvoudige, gedesentreerde, postmoderne subjektiwiteit nie. Hierdie subjektiwiteit is noodwendig "multiple, layered, and non-unitary; rather than being constituted in a unified and integrated ego, the "self" is seen as being constituted out of and by difference and remains contradictory" (Giroux 1991: 30).

Die slot van die roman is dan ook 'n finale bevestiging van die onvermydelike intertekstuele subjektiwiteit waarmee Kaspar moet saamleef. Die laaste hoofstuk van *Turkenvespers* heet "Kaspar Hauser" en is 'n beskrywing van Kaspar se besoek aan 'n bioskoop in Amerika waartydens 'n Sternheim-film vertoon word. Die film is in werklikheid 'n voorstelling van Kaspar se lewe in Amerika. Die film sluit 'n toneel in wat weer eens herinner aan Handke se Kaspar: "de man ... besloot een ander te worden dan wie hij geweest was. Maar omdat hij niet wist wie hij geweest was, wist hij ook niet wie hij worden moest, zodat het een besluit was sonder gevolgen" (332). Die sentrale problematiek in die roman, naamlik Kaspar se vrugtelose soeke na 'n identiteit, word hiermee opnuut geskakel met die belang van die geskiedenis in die skepping van 'n identiteit. Die afwesigheid van 'n koherente persoonlike geskiedenis maak dit vir Kaspar onmoontlik om sy subjektiwiteit te definieer. Die subjek as 'n individu of as 'n kollektiwiteit is afhanklik van 'n teleologiese siening van die geskiedenis. Dit word problematies om aan 'n individuele subjek gestalte te gee indien die geskiedenis nie meer aanvaar word in sy vertroude rasionele, metafisiese vorm as die optimistiese oplossing van kontradiksies nie (David Carroll in Hutcheon, 1988: 170). In *Turkenvespers* word die teleologiese, rationale benadering tot die geskiedenis doelbewus ondermyn deur die beskrywing van die Weense fin de siècle te vermeng met fantastiese en anachronistiese gegewens. Soos daar in die slotsinne van die roman aangedui word, is Kaspar binne hierdie opset daartoe gedoem om sy uitsiglose soektog na identiteit oor en oor te herhaal.

Anthony Mertens (1981: 7) merk op dat Ferron in sy romans onder meer die effek van mag op sy karakters ondersoek. Hierdie karakters word dan as proefpersone by die geskiedenis ingeskryf. Ook in *Turkenvespers* word 'n bepaalde politieke visie geformuleer met verwysing na Kaspar as 'n subjek sonder "een gemarkeerd levensbeeld" (Ferron in Wijgh 1977: 39). Kaspar word verteenwoordigend van "de kleine man" (Musschoot 1983: 28), dit wil sê die gewone burger wat te staan kom voor magskonfigurasies waarop hy of sy geen greep kan kry nie. Ferron dui aan dat sy laaggeplaaste ek-figure die wêreld vanuit 'n "kikker-perspektief" (Kruithof 1977: 77) beskou waardeur die omringende magte 'n nog onaantasbaarder, vreemder en oorweldigender voorkoms verkry. Die onbeholpe karakters het 'n sterk behoefte om deel te hê aan die gebeurtenisse van die geskiedenis en het daarom dikwels 'n strewe om aanvaar te word deur die gesagsdraers in hulle samelewing. In *Turkenvespers* wy die amptenaar Edler von Eynhuf byvoorbeeld al sy energie aan regsopptrede om tot 'n hoër rang binne die staatsdiens bevorder te word. Wanneer hy eindelijk opgang maak en teoreties in 'n posisie is om sy stempel op die wêreld te kan afdruk, verval die staatsdiens egter tot 'n magtelose institusie wat net homself kan reguleer.

In Ferron se roman word die desentringing van Kaspar se subjektiwiteit weerspieël in die omringende magsverhoudings. Net soos Kaspar se subjektiwiteit die effek van 'n duiwelingswekkende maskerspel is, verander die gesig van mag in Wenen voortdurend. Kaspar se versugting na 'n outonome identiteit kan nouliks deur die onstabiele en onsamehangende magsverhoudings van die omringende werklikheid geakkommodeer word. In ooreenstemming met die Foucauldiaanse beskouing van mag (vergelyk Foucault 1978: 93, 95), kan die mag in Turkenvespers nie getotaliseer word binne 'n enkele soewereine subjek nie. Die mag berus eerder op 'n veranderende substraat van magsverhoudings wat gedurig tot nuwe vorms van mag aanleiding gee. Wanneer die toestand van verval in Wenen 'n hoogtepunt bereik, is dit nie duidelik of die mag by die Turke, die koning, die kroonprins, die wegbreekrepublieke of die ondergrondse burokrasie berus nie. Die effekte van mag bly egter konstant: honderde mense word daagliks uitgewis.

Dit is opvallend dat die magsfigure in die roman dikwels afwesig is of in 'n gemaskerde gestalte verskyn. Daar heers byvoorbeeld onsekerheid of die bejaarde keiser, Franz Joseph, nog lewe (131). Wanneer Kaspar vir Mayerling van aangesig tot aangesig ontmoet, is die kroonprins onherkenbaar vermom as Elisabeth Bathory. Die tekens van die Turke se aanslag op Wenen is oral sigbaar, maar die enigste "Turke" wat in die stad sigbaar is, is in werklikheid Weners in Turkse kostuums: Kaspar moet byvoorbeeld toesien hoedat lede van die "Austro-Turquoise studentenverbond" (146) met hulle Turkse kleredrag vir Friedrich Freiherr van Sayn ontvoer. Binne hierdie vloeibare, karnavaleske magsituasie is dit onvermydelik dat Kaspar se pogings om met verwysing na die omringende sosiale en politieke werklikheid koherensie aan sy subjektiwiteit te verleen, klaaglik misluk. Omdat hy "nu eenmaal niets" (280) is, word sy identiteit noodwendig in 'n sekere mate gevorm deur die gebeurtenisse wat rondom hom plaasvind: "Hoe meer ik mezelf wilde zijn, des te duidelijker werd ik door de machten buiten mij om bepaald" (280). Sy identiteit word egter ingevul deur die versplinterde werklikheid waarbinne hy hom bevind. Net so min as wat Kaspar daarin kon slaag om hom deur middel van geleende identiteite uit die historiese en literêre verlede as 'n outonome subjek te vergestalt, slaag hy daarin om met behulp van die sosiale en politieke aktualiteite sy eie essensie te ontdek.

3. Turke in Wenen: 'n spel met die geskiedenis

Ferron se vrye omgang met die geskiedenis in Turkenvespers het verskeie kritici tot die slotsom gebring dat die roman nie aan die generiese verwagtinge van die historiese roman voldoen nie. Volgens Mertens (1983: 47) bedryf Ferron geen geskiedskrywing in sy romans nie: dit is nie die lotgevalle van "de kleine man" as 'n sosiale fenomeen wat in kaart gebring word nie. Ferron konsentreer op die "kleine man" se drome en die beelde wat hy van homself vorm sodat daar eerder sprake is van 'n psigogram as van 'n sosiogram. Die funksie van die historiese verwysings is bloot om "couleur locale" te verskaf, aldus Mertens. Hierteenoor herken Wesseling wel 'n vorm van kontinuïteit tussen Ferron se werk en die genre van die historiese roman, naamlik die metahistoriese moment in sy romans: "Een roman als Turkenvespers is volledig ingericht op de overdracht van een visie op de aard en de kenbaarheid van de geschiedenis" (1987: 30). Kaspar se onvermoë om enige sin of orde in die chaos van gebeurtenisse rondom hom te herken, illustreer volgens Wesseling (1987: 30) die gedagte dat historiese prosesse nooit as sodanig kenbaar is op die oomblik wanneer hulle voltrek word nie. Die geskiedenis, 'n

konstruksie van die menslike gees, neem eers na verloop van tyd 'n duideliker vorm aan. In sy romans voer Ferron sekerlik 'n gesprek met die konvensies van die historiese roman, maar dit is nodig om hierby rekening te hou met sy uitspraak dat "de geschiedenis de geschiedenis van iedereen afzonderlijk is" (Roggeman 1983: 18). In *Turkenvespers* word boonop aangetoon hoedat Kaspar met verwysing na 'n apokaliptiese model van die geskiedenis "sin of orde" aan sy "afsonderlike geskiedenis" probeer toeken.

Die opvallendste anachronisme wat in *Turkenvespers* voorkom, is waarskynlik die Turkse inval tydens die Weense fin de siècle. Generaal Suleiman, na wie telkens in die roman verwys word as die aanvoerder van die Turkse invalsmag, het Wenen wel in 1529 met sy leër van 200.000 soldate probeer binneval, maar moes na verskeie weke van gevegte onverrichter sake die aftog blaas teen die Oostenrykse troepe onder aanvoering van die Hertog van Salm (Tapié 1971: 59). In 1682 het 'n ander Turkse leier, Kara Mustafa, Wenen met 'n mag van 100.000 man aangeval. Met die hulp van die Poolse koning, Johan Sobieski, kon die Oostenrykse Habsburg-monargie die Turke egter weer eens verdryf (Lane-Poole s.a.: 226-237). Hierdie twee veldtogte van die Turke was deel van 'n uitgerekte aanslag wat die Ottomaanse Ryk teen die lande in die Donau-gebied gevoer het. Hongarye was byvoorbeeld vir 150 jaar in die hande van die Turke. Die duidelikste aanduiding dat Ferron in *Turkenvespers* veral verwys na die eerste Turkse inval is die vermelding van Suleiman as die aanvoerder van die aanvalsmag (86, 316) waarvan die Janitsaren die elitekorps was. Soos Henk Hoeks (1978: C1) opmerk, is Wenen slegs die dekor vir die romangebeure en is die geskiedenis 'n hulpkonstruksie in die ontplooiing van die verhaal. Dit is dus nie werklik relevant of presies kontroleerbaar watter Turkse inval in die roman betrek word nie.

Die tydruimtelike raamwerk wat in *Turkenvespers* geskep word, is 'n anachronistiese collage wat bestaan uit grepe uit die Wes-Europese geskiedenis vanaf die oorloë tussen die Habsburgs en die Ottomaanse Ryk tot en met die Tweede Wêreldoorlog (Wesseling 1987: 26). So is dit moontlik om op grond van die verwysings na keiser Franz Joseph I en die algemene sfeer van dekadensie in Wenen aan te neem dat die roman in die Oostenrykse fin de siècle afspeel. 'n Groot aantal figure uit die historiese werklikheid van die eeuwisseling of die omringende tydperke maak hulle buiging in Ferron se collage: Franz Schubert, Gustav Mahler (Korngold), Ludwig Wittgenstein (Friedrich Freiherr von Sayn), Robert Musil (die "man zonder opvallende eigenschappen", 95), Sigmund Freud ("de man met het puntbaardje en de cilinderhoed", 202), Franz Grillparzer, Charlie Chaplin (Kaspar se medepassasier op die boot na Amerika, 313), ensovoorts.

'n Komplekse figuur uit die historiese werklikheid wat 'n prominente rol in die roman speel, is die filmregisseur Sternheim. Volgens Wesseling (1990: 171) is die opvallendste manier waarop Ferron afwyk van die konvensionele procédé om gedokumenteerde figure in die historiese roman op te neem, die konstruksie van saamgestelde karakters. Wanneer Sternheim vir die eerste keer as karakter voorgestel word, word daar onmiddellik 'n saamgestelde identiteit aan hom toegeken: "ik (meende) in hem een beroemde regisseur te herkennen, de ontdekker van de goddelijkste aller vrouwen en zoon van een hoedenmaker" (42). Die verwysing na Sternheim as die ontdekker van die "goddelijkste" vrou herinner aan die Hollywood-regisseur, Josef von Sternberg (1894-1969) wat in Wenen gebore is en bekendheid verwerf het met films soos *Der blaue Engel* (1930) en *Shanghai Express* (1932). Marlene Dietrich, waarskynlik die "goddelike" vrou na wie Kaspar verwys, het in 'n groot aantal van sy films gespeel (Baxter 1991: 873). Erich von Stroheim (1885-1957), nog 'n Oostenrykse filmmaker (en akteur) wat in Hollywood

naam gemaak het, is egter die regisseur wat die "zoon van een hoedenmaker" was (Koszarski 1983: 5). Von Stroheim was boonop die mentor van Von Sternberg (Baxter 1991: 874). Die naam "Sternheim" is 'n samevoeging van Von Sternberg en Von Stroheim.

Die karakter van Sternheim is grootliks gebaseer op die biografie van Von Stroheim en nie soseer op die geskiedenis van Von Sternberg nie. Die titel van die hoofstuk "The man you love to hate" in *Turkenvespers* is 'n toespeling op die benaming wat in verband met Von Stroheim gebruik is na sy gereelde verskyning as 'n militêre booswig in films soos *La grande illusion* en *Five graves to Cairo* (Manvell 1991: 875). In *Turkenvespers* verskyn Sternheim dan ook onder meer as 'n luitenant, die aanvoerder van die soldate wat Kaspar se ouerhuis stroop (42). Von Stroheim het verder enkele films (byvoorbeeld *The merry widow* en *The wedding march*) gemaak wat in Oostenryk rondom die eeuwending afspeel en die dekadensie van dié tyd uitbeeld (Koszarski 1983: viii). Selfs die oogglas wat Sternheim gedurig in sy oogkas vasdruk (42, 104, 245) stem ooreen met Von Stroheim se voorliefde vir 'n oogglas. Sternheim se bedenklieke moraliteit (vergelyk byvoorbeeld sy kommentaar op die wreedheid en verraad in *Wenen*: "'Waarom niet?" zei Sternheim toen de regent, als eens zijn vader, aan het spies was geregen en Eynhuf en Kunz hun diensten aan generaal Suleiman hadden aangeboden", 314) herinner ook enigszins aan Von Stroheim wat nie daarvoor teruggedeins het om die waarheid te verdraai nie: in Hollywood het Von Stroheim byvoorbeeld te kenne gegee dat hy van adellike afkoms was terwyl sy vader in werklikheid 'n nederige hoedemaker, Benno Stroheim, was (Koszarski 1983: viii, 5). Een van die films wat Kaspar in die huis van die Korngolds in sy drome sien afspeel (93) is 'n film van Von Stroheim, naamlik *Greed*. Ferron maak dus aan die een kant uitvoerige gebruik van Von Stroheim se biografie in sy konstruksie van Sternheim se karakter, maar aan die ander kant wend hy hom tot ingrypende fiksionaliseringstegnieke soos wanneer hy Freud uitbeeld as Sternheim se lyfkneg (108, 109).

Ferron merk op dat *Turkenvespers* balanseer op die rand van werklikheid en verbeelding. Sy oogmerk is om die grense tussen realiteit en fantasie te vervaag deur onder meer "à la Nabokov ... doelbewust literaire puzzeltjes te maken" (Van Benthem Jutting 1977: 20). In 'n karakter soos Sternheim, op sigself 'n voorbeeld van 'n "literair puzzeltje", word elemente uit die geskiedenis op so 'n manier gekombineer dat hulle mekaar as 't ware fiksionaliseer. Die ontologiese verskille tussen figure soos Von Sternberg, Von Stroheim en Freud en daarby die fiksionele gegewens wat Ferron in die personasie van Sternheim konsentreer, vervaag sodra die leser hom (feitlik noodgedwonge) daarop instel om die geskiedenis saam met gefabriseerde gegewens as fiksie te hanteer. In sy verhaal "Soevereine reis" uit *Alpengloeien*. Vertellings uit een keizerrijk en later skryf Ferron (1984: 35) dan ook: "De ware historicus is hij die ... van mening is dat de geschiedenis alleen door dichters geschreven kan worden. Historie is niets anders dan verbeelding."

In 'n groot aantal onderhoude en essays laat Ferron hom insiggewend uit oor die poëtikale opvattinge wat sy vrye omgang met historiese feite onderlê:

Omdat ik mij heel erg bewust ben van het feit dat de historie niet bestaat, althans niet in die zin dat er één interpretatie van de geschiedenis zou zijn. Iedere generatie maakt zijn nieuwe interpretatie van de geschiedenis. En dat feit, dat verhevig en versterk ik. Als er dan geen vastliggende geschiedenis bestaat, dan behoud ik mij in mijn romans ook het recht voor om op eigen houtje alvast maar de historische werkelijkheid te "vervalsen", met de bedoeling om

duideliker te maken wat er zich in wezen afspeelt. En dat is natuurlijk heel subjectief.

Roggeman 1983: 10

Ferron eien homself dus die reg toe om die geskiedenis te wysig sodat hy sy eie interpretasie van die verlede kan weergee. Hy gee verder toe dat sy spel met anachronismes, saamgestelde karakters en verdraaiings van historiese feite waarskynlik meer oor homself en sy eietydse opvattinge oor die historiografie en die literatuur meedeel as wat dit 'n beeld van 'n bepaalde historiese tydperk gee: "hoe werkt iemand van 1980 met zijn historische opvattingen van 1980 en hoe bekijkt hij de geschiedenis? Dat zijn dus geen historische romans. Dat zijn ideeënromans" (Roggeman 1983: 17). Historiese materiaal bied aan Ferron 'n basis om sy mensbeeld sigbaar te maak; dit is met hierdie doel voor oë dat hy hom dit veroorloof om die onderskeid tussen feit en fiksie te verdoesel en historiese feite te verdraai (Ferron in Blok & Wesseling 1988: 184).

Foucault se teorie oor 'n geskiedenis van die hede vertoon in enkele opsigte ooreenkomste met Ferron se opvattinge oor die historiografie, vergelyk Ferron se stelling dat die "geschiedschrijving ... hoe dan ook, ook het schrijven over het heden" behels (Blok & Wesseling 1988: 185). Foucault (1988: 37) wil met sy genealogie aantoon dat dít wat is, nie altyd daar was nie: die mees vanselfsprekende dinge kry hulle beslag in die samevloei van ontmoetings en toevallighede in die loop van 'n wankelrige, brose geskiedenis. In Turkenvespers kom Kaspar tot die insig dat dit 'n illusie is om te aanvaar dat 'n mens 'n besliste greep op "de dingen" van die hede kan hê (149). Die mens rig sy optrede naamlik op dít wat hy onderskei as die "krachtlijnen ... langs welke de dingen zich voltrekken" (149), maar hy struikel telkens omdat hy nie beseft dat die omstandighede van die hede nie net deur dié historiese "krachtlijnen" bepaal word nie: "Naast de beschreven wetten van bloei en verval, van macht en onderwerping, van streven en ontredering, spelen die van neuspoliep en maagcattare die evenzeer hun stempel op het doen en laten van volk en enkeling drukken" (149). Die geskiedenis is nie net 'n verhaal van grootse gebeurtenisse nie, maar is ook 'n brose proses waarin toevallighede soms 'n rigtinggewende rol kan speel. So lewer Foucault (1977: 155) 'n pleidooi vir 'n geskiedskrywing waarin die historikus sy visie instel op die dinge wat nie noodwendig deur vernaamheid of grootsheid omhul word nie, naamlik die liggaam, die senuweestelsel, voeding, spysvertering en energieë.

Volgens Mertens (1977: 122) word die geskiedenis in Turkenvespers voorgestel as 'n reeks toevallighede wat alleen betekenis kan kry wanneer dit vertel word, met ander woorde in 'n verhaal ingepas word. Die struktuur in die geskiedenis word aangebring deur diegene wat dit vertel. In Ferron se roman verteenwoordig Kaspar met sy apokaliptiese interpretasie van die omringende werklikheid, die pogings van "de kleine man" om die historiese gebeurtenisse wat bo en buite hom voltrek word, te verklaar. Geskiedenis is vir Ferron immers die geskiedenis van elke afsonderlike individu (Roggeman 1983: 18). In die pluralistiese postmodernistiese wêreld is daar, soos Kaspar op 'n vroeë ouderdom beseft, "meerdere werkelikheden ... die ieder naar eigen maat gemeten dienen te worden" (39). Dit is byvoorbeeld Eynhuf se oortuiging dat elkeen die tyd beleef soos hy dit wil beleef: "Voor wie zich druk maakte om het beleg, kon een seconde een eeuwigheid duren, voor wie er zich niet aan stoorde en vertier zocht in Grinzing of Prater kon een nacht wellicht in één tel verstrijken" (151). Tog glo hy aan die bestaan van 'n "objectieve raderwerk" (151) wat daarvoor sorg dat elkeen uiteindelik 'n intersubjektiewe tydsbeleving kan ervaar. Hierdie sogenaamde objektiewe tydservaring word egter gedikteer deur die

amptenary sodat dit volgens Eynhuf die verstandigste is om tyd in terme van opeenvolgende bevorderings binne die staatsdiens te meet. Ook Eynhuf - net soos Kaspar, Kunz en mej. Kamenow - is 'n prototipe van "de kleine man" wat volgens Kunz altyd aan die kortste ent trek (186) in sy pogings om te voldoen aan die eise wat na sy eie oordeel deur die hoër magte in die samelewing gestel word. Eynhuf se blinde idealisering van die staatsdiens lei hom tot 'n destruktiewe siening van die verband tussen tyd en werklikheid.

Kaspar se keuse om op sy beurt die chaotiese gebeure in Wenen binne 'n apokaliptiese model van die geskiedenis te interpreteer, volg op sy wanhoop dat hy "op een verkeerde tyd en in een verkeerde omgewing op de wereld" (173) geplaas is. Hy is byvoorbeeld onder die indruk dat "voor alle andere mensen ter wereld" (174) die Turke al in 1683 finaal verdryf is. Hy beskou sy ervaring van die geskiedenis dus juis nie as intersubjektief nie. Met hierdie dilemma voor oë gaan Kaspar op soek na 'n model van die geskiedenis waardeur die lewensloop van die individu geskakel kan word met die groter tydsgehele van die geskiedenis: "Niets bleek nog op zijn plaats te staan en nog lang niet alles was gewend aan de nieuwe ordening van zaken ... Ligt dat aan de gebeurtenissen of ligt dat aan de mensen die de gebeurtenissen moeten interpreteren? Wie over een sluitend schema beschikt waarin hij de loop der geschiedenis en de gang van de enkeling kan passen, mag het zeggen" (192). Net soos Kaspar hom in sy soeke na 'n koherente subjektiwiteit wend tot die toeëiening van die identiteite van reeds bestaande literêre of historiese figure, reik hy uit na 'n oorbekende "sluitend schema" om koherensie aan sy beleving van sy eietydse geskiedenis te gee: die apokalips met sy Bybelse konnotasies word die matrys waarbinne Kaspar die gebeurtenisse in Wenen pas.

Ferron merk op dat die apokaliptiese stemming in Turkenvespers 'n dekor is vir die werklikheidsbeleving van die ek-figuur, dit wil sê Kaspar: "Op het moment dat dat decor gemist kan worden, mieter ik het weg en dan komt alleen die ik-figuur met zijn identiteit, die hij kennelijk niet heeft, in al zijn povere glorie naar voren" (Kruithof 1977: 77). Met die apokaliptiese model van die geskiedenis in Turkenvespers verwoord Ferron dus nie sy persoonlike visie op die geskiedenis nie, maar dit illustreer wel sy siening van die uiteenlopende maniere waarop die enkeling die historiese werklikheid beleef.

Die voorspellings wat Jesus in die Bybel maak oor die ramspoed van die eindtyd resoneer sterk in Ferron se roman; vergelyk die volgende voorspelling uit die evangelie volgens Lukas: "Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander ... hongersnode en epidemies sal op baie plekke voorkom. Daar sal skrikwekkende dinge wees en groot tekens van die hemel af" (Lukas 21: 10, 11). Kaspar beskryf byvoorbeeld hoedat in Wenen "[e]pidemieën begonnen te woeden, waaronder de zogenaamde Turkse ziekte. De hongerende bevolking schraapte kalk en gips van de muren" (205). Soos die uur van afrekening nader, verskyn nie minder nie as vyf mane in die lug; die finale apokalips word voorspel met die verskyning van die sewende maan. Vermoedelik tydens mej. Kamenow se bevrugting het dit halfses in die môre geword en vir die duur van die krisis sou dit so bly (220).

Vir Kaspar verteenwoordig mej. Kamenow se swangerskap die fokuspunt van die apokaliptiese gebeure in Wenen. Tydens sy besoek aan die Aartshertog van Mayerling ontvang Kaspar die tyding dat mej. Kamenow die kroonprins se kind verwag. Hierdie nuus roep 'n soort visioen by Kaspar op waartydens hy die saad van die kroonprins (Elisabeth Bathory) ontvang en 'n fantasmagoriese vooruitskouing kry van die laaste besoekings wat op die inwoners van Wenen wag.

Die beskrywing van die ellendes stem sterk ooreen met die apokaliptiese beelde wat in die Bybelse boek Openbaring voorkom. Kaspar stel hom in dieselfde rol as die apostel Johannes voor wat die openbaring van God op die eiland Patmos ontvang het: "Het wachten was nu nog op de engel die tussen de zee staat en het land en die mij het boekje zou geven, zeggende "neem het en eet, voor uw buik zal het bitter zijn, maar in uw mond zal het zoet zijn als honing" (226). Die woorde van die engel is 'n woordelike aanhaling uit Openbaring 10: 9. Die hoogtepunt van die Turkse aanval op Wenen, 'n lugaanval, val saam met mej. Kamenow se bevalling. Sy kom om gedurende die aanval en Kaspar besef dat die verantwoordelikheid nou op hom rus om die kind te versorg (308, 322).

Die kind verteenwoordig aanvanklik die utopiese element binne die apokaliptiese afloop van die gebeure: die geboorte van die kind uit die puin van die stad sou moontlik sin kon gee aan die doodslag en vernietiging. Die kind sou 'n hoopvolle nuwe begin kon inlei. Dit is egter net Kaspar, en in 'n mindere mate mej. Kamenow, wat soveel betekenis heg aan die ongebore, buite-egtelike kind van die kroonprins. Mej. Kamenow neem monsteragtige proporsies aan gedurende haar swangerskap en wanneer die kind uiteindelik gebore word, het hy 'n ongesonde pers kleur (314). Juis in Amerika - 'n land wat volgens Sternheim (315) nie na die verlede hunker nie, maar op die toekoms gerig is en beter as Oostenryk daarvoor geskik is om utopiese ideale te akkommodeer - word 'n einde gemaak aan die utopiese ideale wat aan die kind gekoppel is. Daar word naamlik "degeneratieverschijnselen" (330) by die kind gediagnoseer - die kind is in werklikheid 'n voortsetting van die verval wat in Wenen aan die orde was en nie die beliggaming van 'n hoopvolle nuwe begin nie. Die ontluistering van Kaspar se utopiese illusies gaan gepaard met 'n geïntensiverde terugkeer van die identiteitsproblematiek. Kaspar word in die slotparagrafe van die roman as 'n volkome ontredder figuur voorgestel.

In Turkenvespers word die geskiedenis nie uitsluitlik op 'n speelse, postmodernistiese manier gehanteer nie. Kritici soos Goedegebuure (1977: 708) en Hoeks (1978: C1) omskryf die beeld van die geskiedenis in die roman as 'n gekonsentreerde visie op verlede, hede en toekoms. Die Wes-Europese geskiedenis van 'n paar eeue word tot 'n kort tydsbestek verdig in 'n procédé waarin differensie en diskontinuiteit grootliks genegeer word. "Alles is al geweest" (77), verklaar Kaspar in Turkenvespers; net soos sy stiefvader leef hy in "een versteend heelal" (125) waarin "wat morgen geschieden zou zich in het pleistoecen of daaromtrent ook al had voorgedaan" (27). Die land waarin hy woon is al so oud "dat ieders levensweg al door een ander werd ingesleten" (241). Die geskiedenis word klaarblyklik deur 'n eenselwige en onveranderlike teenwoordigheid gekenmerk. Hierteenoor word daar in die Derridaanse dekonstruksie aangetoon hoedat gebeurtenisse bestaan uit veelvuldige kettings van differensiële verhoudings sodat 'n historiese gebeurtenis nie as 'n teenwoordigheid geponeer kan word waaraan 'n absolute en alles-insluitende betekenis toegeken kan word nie (vgl. Ryan 1982: 24). In 'n uiteensetting van sy visie op die geskiedenis verklaar Ferron (in Blok & Wesseling 1988: 179) egter dat daar geen wesenlike veranderings in die geskiedenis is nie; die een gebeurtenis kan maklik met 'n ander verwissel word. In verband met Turkenvespers beweer Ferron dat hy daarvan uitgegaan het dat "er echt geen historische ontwikkelingen bestaan, dat de wereld niet echt verandert" (Roggeman 1983: 17). Hierdie oortuiging het hy probeer voorstel "door de tijden door elkaar te laten lopen, waardoor het beleg van Wenen door de Turken in dezelfde periode plaatsvindt, waarin Schubert rondloopt" (Roggeman 1983: 17).

Ondanks die metafisiese visie op die geskiedenis waaraan Ferron in Turkenvespers

uiting gee, akkommodeer hy ook opponerende beskouings van die geskiedenis in sy roman. By monde van Von Sayn oftewel Wittgenstein word die metafisiese siening van die werklikheid gekritiseer: gedurende een van die steeds wisselende magsoornames in Wenen verskyn Von Sayn saam met Korngold voor die volk waartydens Von Sayn 'n pleidooi lewer vir die afskaffing van alle metafisiese rompslomp sodat die volk die dinge kan aanskou soos hulle werklik is (244). Von Sayn se afkeer van die metafisika en die "[o]nbenoembare" (142) korreleer met Wittgenstein se bekende stelling in sy *Tractatus logico-philosophicus* dat 'n mens moet swyg oor dít waaroor daar nie gepraat kan word nie (Wittgenstein 1960: 189). Hierdie oproep van Von Sayn word uiteraard nie die motto van 'n karakter soos Kaspar nie: in sy droomwêreld reik hy telkens uit die onbenoembare en stel hy sy vertrouwe in metafisiese sekerhede soos byvoorbeeld in die apokalips as 'n model vir sy ervaring van die werklikheid.

In *Turkenvespers* dramatiseer Louis Ferron die spanning wat bestaan tussen "het streven naar het absolute enerzijds en de plicht tot "ontzekering" anderzijds" wat volgens hom die wese van sy kreatiwiteit uitmaak (Ros 1980: 30). Kaspar se behoefte aan absolute sekerhede, naamlik sy soeke na 'n koherente identiteit en 'n model van die geskiedenis wat hom van meet af aan van 'n riglyn vir sy onseker bestaan kan verseker, word gestel teenoor die onvermydelike desentring van sy subjektiwiteit en die mislukking van sy teleologiese model van die geskiedenis. Kaspar is 'n prototipe van die mens wat in 'n postmoderne bestaan terughunker na ewige buitehistoriese waarhede, maar telkens te staan kom voor die eindelose problematiserings en "ontsekerings" van sy tyd: "Achter iedere waarheid schuilt een tegengestelde waarheid en iedere waarde is ontstaan uit haar tegendeel. De wereld is een ál te doorzichtig geschilderd decor en de spelers vallen ál te vaak uit hun rol of menen daarentegen juist dat hun rol iets met de werkelijkheid gemeen heeft" (Ferron 1978b: 222).

Department of Afrikaans
University of Zululand
Private Bag X1001
Kwadlangezwa
3886

Bibliografie

Anonieme resensent. Bespreking van Trados -- die swerwer-Boesman. In Grové, A.P. (red.) Resensierubriek. *Die Huisgenoot*. 4 Nov. 1971.

Baxter, John. 1991 (1984). Lemma: Josef von Sternberg. In: Nicholas Thomas (ed.). *International dictionary of films and filmmakers: 2. Directors*. Chicago & London: St James, 872-875.

Blok, Aad & Lies Wesseling. 1988. De geschiedenis bestaat niet: interview met Louis Ferron. In: Aad Blok, Gerard Steen & Lies Wesseling (reds). *De historische roman*. Utrecht: Stichting Grafiet, 176-188.

De Winter, Leon. 1980. De mythe bij Louis Ferron. *Bzzlletin* 9 (80): 35-37.

Diepstraten, Johan. 1980. Johan Diepstraten in gesprek met Louis Ferron over de autobiografie. *Bzzlletin* 9 (80), 3-17.

- Ferron, Louis. 1977. *Turkenvespers*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Ferron, Louis. 1978a. Louis Ferron: een niet geëngageerd auteur. *De Nieuwe*, 24 Maart.
- Ferron, Louis. 1978b. *De hemelvaart van Wammes Waggel*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Ferron, Louis. 1984. *Alpengloeien. Vertellingen uit een keizerrijk en later*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Foucault, Michel. 1970 (1966). *The order of things. An archaeology of the human sciences*. London: Tavistock.
- Foucault, Michel. 1977. *Language, counter-memory, practice. Selected essays and interviews*. Oxford: Basil Blackwell.
- Foucault, Michel. 1978 (1976). *The history of sexuality. Volume 1: An introduction*. New York: Pantheon.
- Foucault, Michel. 1986. *The care of the self. The history of sexuality volume 3*. London: Penguin.
- Foucault, Michel. 1988. *Politics, philosophy, culture. Interviews and other writings 1977-1984*. New York & London: Routledge.
- Giroux, Henry A. 1991. Introduction. *Modernism, postmodernism, and feminism: rethinking the boundaries of educational discourse*. In: Henry A. Giroux (ed.). *Postmodernism, feminism and cultural politics. Redrawing educational boundaries*. Albany: State University of New York, 1-59.
- Goedegebuure, Jaap. 1977. *De ontregelde illusionist. Tirade 21, Desember: 704-708*.
- Grimmelshausen, Hans Jacob Christoffel von. s.a. *Abenteuerlicher Simplicius Simplicissimus*. München: Wilhelm Goldmann.
- Handke, Peter. 1979. *Stücke I*. Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag.
- Hoeks, Henk. Ferron zet decors achter decors: de geschiedenis wordt theater. *De volkskrant*, 11 Februarie.
- Hutcheon, Linda. 1988. *A poetics of postmodernism. History, theory, fiction*. New York & London: Routledge.
- Ibsch, Elrud. 1989. Postmoderne (on)mogelijkheden in de Nederlandse literatuur. In: W.F.G. Breekveldt, J.D.F. van Halsema, E. Ibsch & L. Strengtholt (reds). *De achtervolging voortgezet. Opstellen over moderne letterkunde aangeboden aan Margaretha H. Schenkeveld*. Amsterdam: Bert Bakker, 346-373.
- Koszarski, Richard. 1983. *The man you loved to hate. Erich von Stroheim and Hollywood*. Oxford: Oxford University Press.

- Kruithof, Jacques. 1977. Louis Ferron: "Ik ben een monumentenbouwer". Vrij Nederland, 22 Oktober.
- Lane-Poole, Stanley. s.a. Turkey. London: T. Fisher Unwin.
- Leonhardt, Ulrike. 1987. Prinz von Baden genannt Kaspar Hauser. Eine Biographie. Reinbek bei Hamburg: Rowohlt.
- Matthijsse, André. 1979. Louis Ferron: de droom ten einde gedroomd. Bzzlletin 8 (71): 83-87.
- Mertens, Anthony. 1977. Cirkelen om het zwarte gat van het waar gebeurde. De groene Amsterdammer, 21 Desember: 122.
- Mertens, Anthony. 1981. Louis Ferron. In: Ad Zuiderent, Hugo Brems & Tom van Deel (reds). Kritisch Lexicon van de Nederlandstalige literatuur na 1945. Brussel: Samson; Groningen: Wolters-Noordhoff, 1-9.
- Mertens, Anthony. 1983. Kleine man, wat nu? De Vlaamse gids 67 (1), 47-55.
- Mertens, Anthony. 1988. Postmodern elements in postwar Dutch fiction. In: Theo D'haen, & Hans Bertens (eds). Postmodern fiction in Europe and the Americas. Amsterdam: Rodopi; Antwerpen: Restant, 143-160.
- Musschoot, Anne Marie. 1983. Louis Ferron: gefascineerd door het kwade. De Vlaamse gids 67 (1): 27-34.
- Nothnagel, Klaus. 1984. Werner Herzog - Regisseur. In: Hans-Michael Bock (red.). CineGraph. Lexikon zum deutschsprachigen Film. München: text + kritik, B1 - E11.
- Roggeman, Willem M. 1983. Gesprek met Louis Ferron. De Vlaamse gids 67 (1): 7-21.
Dit is die lesers eerste kennismaking met die woord *gulde*, en wanneer Otje baie bly is oor die noot wat die voëls aangedra het, sê Tos baie uitdruklik dat dit geld is, en hulle dit om daardie rede nie kan hou nie. Na hierdie kennismaking met die *gulde* eksplisiet as geld, het ek aanvaar dat verdere eksplisitering nie nodig is nie. In nog ses voorbeelde uit die boek waar die woord *gulde* in die vertaling voorkom, is daar ook ander elemente in die teks wat as klassifiseerders funksioneer - woorde soos *noot*, *geld*, *betaal*, *kos*, *kleingeld*, *sent*. Om hierdie rede het ek geen verdere verduideliking van *gulde* gegee nie. Hier is dus 'n voorbeeld van hoe die vertaalde boek vir kinders nuwe kennis bybring, in hierdie geval van 'n vreemde geldeenheid.

2.1.2 Geboue en hul inrigting

... naar een straat waar Tos en Otje in een portiek stonden te wachten	::	'n straat waar Tom en Ottie in 'n portiek, dit is 'n toegeboude boog by die ingang van 'n gebou, staan en wag
--	----	---

'n Komponentanalise (Newmark 1988: 114 en Nida 1975) van betekenselemente in portiek en twee moontlike vertalings daarvoor, stoep en veranda, het getoon dat portiek nie met een van die twee vertaal kon word sonder om te bots met die illustrasies en ook met die verhaalorganisasie nie. Ek het dus portiek behou, met die invoeging van 'n verduidelikende frase (kursief gedruk in die voorbeeld hierbo) by die eerste gebruik daarvan in die teks.

ze kan me helpen in de keuken... of hoe heet dat op een schip... de kombuis	::	sy kan my help in die kombuis ... of wat 'n mens dit ook al noem op 'n skip
---	----	---

Omdat Afrikaans slegs die een term gebruik, het ek die tweede hier vervang met die invoeging "of wat 'n mens dit ook al noem op 'n skip".

2.1.3 Tafelgebed

de heer aan het hoofd van de tafel zei: "Mag ik om een ogenblik stilte verzoeken?"	::	die heer aan die hoof van die tafel sê: "Kan ons 'n oomblik stilte kry vir 'n tafelgebed?"
--	----	--

Die gebruik in baie Nederlandse huise is dat elkeen in stilte bid voor ete. Dis wat bedoel word as daar een ogenblik stilte versoek word. Afrikaanse kinders is gewoond dat hardop gebid word aan tafel. Dus sal die vertaling vir hulle onverstaanbaar wees sonder die invoeging van die klassifiseerder vir 'n tafelgebed.

2.1.4 Vreemdetaalelemente in die bronteks

Tos word op 'n stadium deur meneer Pardoës ingeroep om te tolk vir Franse gaste.

Tos luisterde en zei: "Aha. Ja ja, wie wie."	::	Tom luister en sê: "Ooo. Ja, ja, whie, whie. (So klink die Franse woord vir "ja".)"
--	----	---

Die skryfster van die bronteks het waarskynlik aanvaar dat die Nederlandse

kinderleser óf die klank van die Franse oui ken, óf dit uit haar teks sal kan aflei. Ek het dit nodig gevind om 'n verduidelikende sinnetjie in die Afrikaans in te voeg.

Die daaropvolgende deel waar Tos moet tolk, is in 'n groot mate selfverduidelikend, sodat dit slegs nodig was om die een verduidelikende woord in die Nederlands uit te brei tot 'n sinnetjie in die vertaalde teks:

"Ze hebben geen grieven," zei Tos. "Ze willen grieven eten."	::	"Hulle het nie griewe nie," sê Tom. "Hulle wil griewe eet."
"Grieven eten?"	::	"Griewe eet?"
"Grives," zei Tos. "Lijsters. In Frankrijk eten ze lijsters."	::	"Grives," sê Tom. "Dis die Franse woord vir lysters. In Frankryk eet die mense lysters."

2.2 Verstelling tot iets met dieselfde assosiasie

2.2.1 Kossoorte

Kossoorte van een kultuur kan dikwels vir 'n ander kultuur vertaal word met iets wat nie presies dieselfde is nie, maar wat 'n soortgelyke assosiasie het. In Otje is slierten bami vertaal met toue spaghetti. Bami is 'n soort Indonesiese pasta wat in Suid-Afrika min of meer onbekend is. Die verstelling tot spaghetti is bedoel om dieselfde assosiasie te hê van 'n soort kos wat in slap toue voorkom. Daar is teen die gebruik van die Afrikaanse woord sliert besluit omdat dit so sterk met hare geassosieer word, en tweedens ook miskien buite jonger kinders se woordeskat val.

Knakworst is weergegee met rooiworsies. Hoewel die kleur van die twee verskil, is die afmetings ongeveer dieselfde en word dit met dieselfde tipe ete geassosieer. Hierdie tipe vertaling noem Newmark (1988: 3) "a cultural equivalent". Hy beskryf dit ook as "an approximate translation".

2.2.2 Vervoermiddels

'n Vervoermiddel wat in die hele verloop van die verhaal 'n groot rol speel, is Tos se bestelwagentjie. Dit is dus belangrik om 'n vertaling te kry wat vir die kindersleeser begryplik en aanvaarbaar is en wat maklik lees. Dit lewer 'n vertaalprobleem op in die sin dat dit 'n soort voertuig is wat nie algemeen in ons land voorkom nie. Weer eens het ek geprobeer om met behulp van komponentanalise aan te toon watter eienskappe ter sprake is. Die Nederlandse term is ontleed saam met 'n paar moontlike vertalings, naamlik trokkie of bakkie, paneelwa, afleweringswa en kombi.

Uit hierdie ontleding het geblyk dat afleweringswa in die meeste opsigte ooreenstem met bestelwagene behalwe dat die tipiese Nederlandse bestelwagene kleiner is as die afleweringswaens in Suid-Afrika.

Die vertaling stasiewa is nogtans gekies omdat dit eerstens vir kinders 'n meer bekende begrip is (afleweringswa word nie so dikwels gehoor nie) en tweedens omdat dit 'n korter woord is en dus minder lomp en lekkerder vir voorlees. Daar is dus ook addisionele oorwegings, naas die feite wat deur die komponentanalise aan

die lig gebring word, en 'n interaksie van faktore wat 'n rol speel by die uiteindelijke keuse van die vertaler.

Die feit dat in hierdie artikel slegs twee voorbeelde van komponentanalise gegee is, beteken ook nie dat dit slegs by uitsondering aangewend word nie. In werklikheid doen enige vertaler dit min of meer intuïtief. Dis slegs by meer ingewikkelde gevalle dat dit nodig word om dit werklik op papier uit te werk.

Die volgende is nog 'n voorbeeld van 'n vervoermiddel waarvan die naam as 'n vertaalprobleem beskou kan word:

Ik geloof zelfs dat ik een mandje heb gezien dat ze boven op alle rommel had gezet op haar bakfiets.	::	Ek verbeel my tot dat ek 'n mandjie gesien het wat sy bo-op al die rommel gesit het op haar bakfiets.
--	----	---

Hoewel die woord bakfiets nie in algemene gebruik is in Afrikaans nie, kom dit nietemin in die Woordeboek van die Afrikaanse Taal voor en is dit so volkome deursigtig in die konteks, dat dit bloot so gebruik is. Die saak self is bowendien goed bekend ('n melkfiets of roomyskarretjie), wat onmiddellik die begrip vergemaklik. Trouens, dit is die vertaler se mening dat ons hier te doen het met 'n woord wat goedsikks 'n bietjie beter gepropageer kan word, aangesien dit 'n werklike behoefte vervul. Ook hier sou die illustrasie wat in die bronteks verskyn, 'n verdere bydrae kon lewer tot begrip.

2.2.3 Eiename en titels

Die eiename in die bronteks van hierdie werk is van so 'n aard dat sommige steun op assosiasies wat deur die vertaler in die doeltaal herskep moet word (vergelyk Nelson 1992). Hier word slegs een voorbeeld gegee wat ook agtergrondkennis van die brontaalkultuur betrek:

Hoofdverpleegster zuster Snijbiet	::	hoofverpleegster Suster Spinasie.
-----------------------------------	----	-----------------------------------

Die suster word geteken as 'n streng en onsimpatieke figuur. Snijbieten is 'n soort beet waarvan die blare soms afgesny word en as moesgroente gekook word. Dit is meesal nie gewild by kinders nie. Om die onbekende groentesoort te vervang met een wat wel bekend is, maar 'n ewe ongewilde assosiasie het, is spinasie gekies.

Titels kan ook problematies wees. Wachtmeester Jansen is 'n karakter wat telkens weer verskyn in die verhaal van Otje. 'n Wachtmeester is 'n onderoffisier. Sonder om presies in te gaan op rangestruktuur, is sersant gekies om as naaste ekwivalent te dien wat ook dieselfde tipe assosiasie sal oproep en waarskynlik bekend genoeg is onder Suid-Afrikaanse kinders.

2.2.4 Die gebruik van "asseblief"

Daar is gevind dat in 'n groot aantal voorbeelde die woord asseblief ingevoeg moes word om wel dieselfde assosiasie as die Nederlandse teks te hê, byvoorbeeld:

"Zal ik een kopje thee	::	"Kan ek vir jou 'n koppie tee maak?" "Ja,
------------------------	----	---

zetten?" "Ja," zei Tos	::	asseblief," sê Tom.
------------------------	----	---------------------

Om iets wat aangebied word, met 'n blote "ja" te aanvaar, word in Nederlands nie as onbeleef ervaar nie. Daarom moet asseblief in Afrikaans ingevoeg word om 'n ekwivalente vertaling te verkry (vergelyk Lado 1957: 8). Daar is ook 'n hele aantal voorbeelde waar in die Afrikaanse vertaling asseblief ingevoeg is om 'n ekwivalente assosiasie te kry as die Nederlandse gebruik van graag, even of die infinitief, byvoorbeeld:

"Heel stil zijn allemaal"	::	"Bly asseblief almal doodstil."
---------------------------	----	---------------------------------

Daar is egter ook nege voorbeelde opgespoor waar in die bronteks die woord alsjebliëft/astubliëft gebruik is. By nadere ondersoek blyk dit dat elkeen van hierdie 'n voorbeeld is van smeking (een selfs van gebed) in 'n benoude situasie. Dit is uiteraard ook in die vertaalde teks met asseblief weergegee. Die verskil tussen die twee kulture se gebruik van asseblief wortel dus blykbaar in die intensiteit van emosie of afwesigheid daarvan. Omdat dit in die Nederlandse kultuur geassosieer word met smeking, word dit nie gebruik in alledaagse situasies nie. Hierdie groter intensiteit sal ook weergegee kan word deur asseblief tog te gebruik in Afrikaans.

2.3 Verwerking tot 'n parallelle stelsel of situasie

2.3.1 "Alsjebliëft"

Aansluitend by die laaste voorbeeld onder 2.2.4 kan genoem word dat die Nederlands alsjebliëft by oorhandiging van iets in die Afrikaanse vertaling verwerk is tot frases wat in Afrikaans in 'n parallelle situasie gebruik sou word, soos "Dis vir jou" of "Hier het jy hom nou" Die een keer waar die Frans gebruik is in vernederlandsde spelling (Vwala) is in die vertaling ook weergegee met 'n vreemdetaalelement - "Here you are".

2.3.2 "Huis" en "woonstel"

Nog 'n voorbeeld van 'n verwerking tot 'n parallelle situasie kry ons in die volgende:

De tantes woonden in een keurig huis op de derde étage in de Klaverstraat	::	Die tantes woon in 'n netjiese woonstel op die derde verdieping in Klawerstraat.
---	----	--

Vir Suid-Afrikaanse begrippe is dit onmoontlik om 'n huis op die derde verdieping te hê. Aan een van hierdie twee moes 'n verstelling gemaak word. In werklikheid het ons hier te make met twee huise bo-op mekaar. 'n Moontlikheid sou wees om huis te behou en die derde verdieping weg te laat, maar dit lewer probleme met verhaalorganisasie op, aangesien daar verderaan in die verhaal 'n paar keer die trappe op- of afgegaan word na en van die voordeur, wat in die geval van 'n woonstel makliker voorstelbaar is. Dus is derde verdieping behou, en huis vervang met woonstel.

2.3.3 "Giro"

Die giro-diens van die poskantoor wat gebruik kan word vir die oorbetal van geld op 'n girorekening met 'n spesifieke nommer bestaan glad nie in Suid-Afrika nie. Daarom is die volgende verwerking gemaak:

een roze giro-envelop	::	'n pienk koevert van 'n kitsbank
-----------------------	----	----------------------------------

Weer eens is dit 'n geval waar 'n gedetailleerde begrip van die vreemde saak nie ter sake is vir die volg van die verhaal nie, dit is in die betrokke situasie bloot nóg 'n papier. Derhalwe is giro verwerk tot kitsbank as iets wat in die doeltaalsisteem vir almal bekend is.

3. Samevattende vertaalstrategie ten opsigte van kultuurgebonde elemente in 'n kinderteks

Die eerste keuse wat 'n vertaler moet maak, is die omvattende strategie wat hy gaan volg: Gaan hy die hele verhaal transponeer na 'n ander kultuur of gaan hy bloot 'n deursigtige vertaling maak sonder 'n totale verskuiwing van milieu? Vertaling slaan 'n brug tussen twee kulture waarvan die twee tale wat ter sake is, 'n integrale deel vorm. Hoewel die vertaler dus primêr met tale werk, moet hy as uitgangspunt aanvaar dat die bronteks ingebed is in die bronkultuur waarvan hy as vertaler die merkers/ konnotasies moet kan uitken. Die vertaler moet op grond van sy vertrouwdheid met die doelkultuur kan antisipeer wanneer 'n blote vertaling ondeursigtig sal wees vir die doeltaalleser.

Dis belangrik om te bepaal of 'n begrip van die vreemde objek/ gewoonte funksioneel is vir die verstaan van die verhaal, of vir die atmosfeer daarvan. Daarom kan vreemde name (soos kastaiings en beuke) soms behou word as dit 'n ondergeskikte rol het in die verhaal, terwyl die soort wel begryp word óf uit die konteks óf deur die invoeging van 'n klassifiseerder.

'n Klassifikasie van die soort probleem is noodsaaklik. Is dit 'n kwessie van die benoeming van 'n vreemde objek; 'n vreemde gewoonte wat geen parallel het in die doeltaalkultuur nie; 'n ander manier om iets te doen wat in die doeltaalkultuur ook bestaan (byvoorbeeld aanspreekvorme); of enige van bogenoemde waaraan 'n besondere assosiasie verbonde is?

Daar moet 'n keuse gemaak word oor die manier waarop elke probleemgeval opgelos kan word, byvoorbeeld met behulp van metateks; deur die verstelling tot iets in die doeltaalkultuur met dieselfde assosiasie; deur verwerking tot 'n min of meer parallelle stelsel/situasie in die doeltaalkultuur; of deur 'n kombinasie van twee of meer van hierdie metodes.

By die vertaling van 'n kinderboek moet in gedagte gehou word dat die oorspronklike illustrasies gewoonlik saam met die vertaalde teks gepubliseer word. Dit bied verdere verduideliking aan die lesers, dikwels ook van dié dinge wat nie so gewoon is nie, en is dus nog 'n hulpmiddel vir die opklaar van probleme. Die illustrasies bring egter ook mee dat die vertaler moet sorg dat sy vertaling daarmee

korreleer.

Wanneer meer as een doeltaalekwivalent oorweeg word, kan die neem van 'n beslissing vergemaklik word deur gebruik te maak van komponentanalise.

Die toepassing van bogenoemde strategieë kan ook deur middel van 'n vloiediagram soos volg voorgestel word:

4. Vloiediagram vir vertaal van vreemde begrip

- Afrikaanse ekwivalent beskikbaar?
 - JA - Gebruik
- NEE
 - Is volledige begrip van hierdie element funksioneel om verhaal te volg?
 - JA
 - Metateks: langer verduideliking as net een woord, soos by portiek
 - Verstel tot iets met dieselfde assosiasie: rooiworsie vir knakworst
 - Verwerk tot parallele situasie/stelsel: stadsraad vir gemeente, sersant vir agent
 - Metateks: langer verduideliking as net een woord, soos by portiek
 - Komponentanalise: Is daar een moontlikheid wat in alle eienskappe ooreenstem met BT-element?
 - JA
 - Is daar ander oorwegings wat dit tog onaanvaarbaar maak
 - JA - Weeg op teen ander minder ideale ekwivalente; sien 2.1.1.4.2
 - NEE - Gebruik
 - NEE - Soek naaste moontlike ekwivalent
 - Oorweeg ander aspekte soos vreemdheid
 - lengte van woord
 - Kies mees funksionele
 - NEE
 - Klassifiseerder wat begripkategorie aangee: bome (+ name, voël (+ name)
 - Gee algemene i.p.v. spesifieke term (bv. genus i.p.v. spesie, soos vink vir gors)
 - Vervang met iets wat ongeveer ekwivalent is soos inkopies vir boodskappe

Potchefstroomse Universiteit vir CHO

Bibliografie

Barthes, R. 1967. L'analyse rhétorique. (In: Littérature et société: Problèmes de méthodologie en sociologie de la littérature. Brussel. Université libre. Institut de sociologie. Pp. 31-35).

- Barthes, R. 1988. *The semiotic challenge*. New York. Hill & Wang.
- Bassnett-Mcguire, Susan. 1980. *Translation studies*. London. Methuen.
- Erdmenger, M. & H.-W. Istel. 1973. *Didaktik der Landeskunde*. München. Max Hueber.
- Haffter, P. 1984. Sosiokulturele voorveronderstellings en moontlike oplossings vir die weergawe daarvan in literêre vertalings. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 24 (1): 17-31.
- House, Juliane. 1977. *A model for translation quality assessment*. Tübingen. Gunter Narr Verlag.
- Klingberg, G. 1986. *Children's fiction in the hands of the translators*. Lund. Bloms Boktryckeri.
- Lado, R. 1957. *Linguistics across cultures*. Ann Arbor. University of Michigan Press.
- Nelson, M.E. 1991. "Ze willen grieven eten": Teorie en praktyk van die vertaling van 'n Nederlandse kinderboek. Ongepubliseerde proefskrif (D.Litt.). PU vir CHO.
- Nelson, M.E. 1992. Perspektiewe uit die tekswetenskap op die vertaling van eiename in 'n kinderboek. *Spil Plus*, 22B: 39-59.
- Newmark, P. 1981. *Approaches to translation*. Oxford. Pergamon Press.
- Newmark, P. 1988. *A textbook of translation*. New York. Prentice Hall.
- Nida, E.A. 1975. *Componential analysis of meaning*. The Hague. Mouton.
- Schmidt, Annie M.G. 1980. *Otje*. Amsterdam. Querido.
- Schmidt, Annie M.G. 1991. *Otje vertaal as Ottie deur Marietjie Nelson*. Bylaag tot proefskrif "Ze willen grieven eten": Teorie en praktyk van die vertaling van 'n Nederlandse kinderboek. PU vir CHO.

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 4de Jaargang, Nommer 1. Junie 1997

Idiomatiese taalgebruik en die afstand tussen Afrikaans en Nederlands

- Piet Swanepoel -

Abstract

Although Afrikaans and Dutch have a common stock of idiomatic expressions, a great number of divergent idioms also exist. These idiomatic differences can greatly influence the comprehensibility of texts for speakers of the two languages. Annotation and translation of texts are two of the measures currently taken to increase their comprehensibility. In this article it is suggested that these measures, the teaching of the idiomatic expressions of the two languages, and research on the idiomatic differences between Afrikaans and Dutch can be greatly enhanced if a theoretical switch is made from the traditional theory of idiomatic expressions to a cognitive theory. The problems with the traditional theory are explored and the cognitive alternative is explicated.

1. Inleiding: Idiomatiese verskille en die begryp van diskoerse

Die term idioom/idiomatiese uitdrukking word algemeen gebruik om te verwys na enige vaste uitdrukking waarvan die idiomatiese betekenis nie (geheel en al) uit die letterlike betekenis van die samestellende dele daarvan afgelei kan word nie (vergelyk byvoorbeeld Everaert 1992 en Nunberg, Sag en Wasow 1994). Tipiese voorbeelde in Nederlands en Afrikaans is idiomatiese uitdrukkings soos:

(1)

- a. 'n bitter pil om te sluk/een bittere pil moeten slikken
- b. blou/blauwe Maandag
- c. jou siel aan die duivel verkoop/zijn ziel aan de duivel verkopen
- d. 'n stok in die wiel steek/een spaak in het wiel steken
- e. die kastaiings vir iemand uit die vuur krap/de kastanjes voor een ander uit het vuur halen

Waar die noue verbintenis tussen Afrikaans en Nederlands gemanifesteer word in die groot aantal idiomatiese uitdrukkings wat hulle deel, blyk die selfstandigheid van die twee tale ook uit die groot aantal idiomatiese uitdrukkings wat hulle nie deel nie as gevolg van die verskil in die ekologiese, kulturele en ideologiese kontekste waarin hierdie twee tale na 1652 ontwikkel het. Vergelyk voorbeelde soos die volgende:

(2)

- a. Jan met de pet (de arbeider)
- b. het kind van de rekening (de dupe zijn; ervoor moeten boeten; het slachtoffer)

- c. jut en jul (een raar stelletje)
- d. één pot nat (dat komt op hetzelfde neer)
- e. in de knoei zitten (in de benauwdheid, in angst zitten)
- f. de muizen liggen er dood in de broodkast (men is daar erg arm)

Vergelyk Verstraten 1992: 48-55

(3)

- a. Die Kaap is weer Hollands (dit gaan weer goed, vrolik)
- b. die bobbejaan agter die bult gaan haal(moeilikhede vooruitloop)
- c. daar het suurlemoensop/-sap deurgeloopt (daar is agteraf geknoei; nie streng d. Is die Boeing al oor? (Is dit al tyd vir 'n dop?))
- e. oor die tou trap ('n fout begaan, 'n buite egtelike verhouding hê; 'n buite-egtelike baba verwag)
- f. agteros kom ook in die kraal (die stadige werker kry ook klaar; al is jy laaste, bereik jy ook jou doel)

Naas ander grammatiese en leksikale verskille, is die verskil in die idiomatiese woordeskat van moderne Afrikaans en Nederlands een van die groot struikelblokke vir onderskeidelik Afrikaanssprekendes en Nederlandssprekendes in die begryp van tekste/diskoerse in die twee tale.

Jansen (1992) illustreer hierdie punt goed met verwysing na die resepsie van die Afrikaanse bundels van Elizabeth Eybers in Nederland en van haar Nederlandse bundels in Suid-Afrika. In van haar digwerk span Eybers Afrikaanse en Nederlandse idiomatiese uitdrukkings in (sometyds in afsonderlike gedigte, soms saam in een gedig), maar dan meestal in getransformeerde vorm om die nodig poëtiese hoogspanning (woordspel, ironisering, ensovoorts) te bereik; byvoorbeeld:

(4)

en wat op die punt van jou tong is
my tussen die lippe lê

Afr. op die punt van my tong
Ndl. ik heb het woord op mijn lippen)

(5)

en laat wat soos 'n bus sluit nou nie by
die een oor in en by die ander uit

Ndl. het sluit als een bus (daar is niets tegen in te brengen; het is zeer logisch)
Afr. By die een oor in, en by die ander uit
Ndl. dat gaat het ene oor in, het andere uit

Vergelyk Jansen 1996: 204-205

In voorbeeld (4) dien die twee sinonieme idiome uit die twee tale juis om hierdie verskille in idiomatiese segging tussen hulle (en tussen Eybers se twee wêrelde) te beklemtoon. Indien 'n Afrikaanse leser egter nie die tweede reël as 'n verwysing na 'n idioom herken nie, en die Nederlandse leser nie die eerste reël as 'n Afrikaanse

idioom nie, maar gewoon as 'n vorm van digterlike beeldspraak, dan mis hy daarmee die sentrale stelling dat dit hier om die twee unieke idiomatiese segswyses van die twee tale en hulle wêreld gaan.

Dieselfde geld in (5): As 'n Afrikaanse leser nie die idiomatiese status van die uitdrukking het sluit als een bus herken nie (aangesien bus met die betekenis digsluitende houer nie in Afrikaans voorkom nie), kan hy dit gewoon as 'n oorspronklike vergelyking interpreteer en nooit tot 'n werklike of hoëvlakbegrip van die versreël kom nie.

Vergelyk ook 'n eenvoudige voorbeeld soos die volgende:

(6)

My ma het toe sommer die lepel in die dak gestee.

Die kommunikatiewe bydrae van die idioom in (6) kan byvoorbeeld net bepaal word as die leser ook weet dat dit nie gebruik word om die afsterwe van jou geliefdes of naaste familie te beskryf nie. Die gebruik daarvan in hierdie sin sinjaleer veel meer oor die kommunikatiewe intensie van die gebruiker (naamlik om 'n slegte persoonlike relasie met sy/haar moeder uit te druk) as wat 'n parafrase van die idioom se figuurlike betekenis te kenne sou kon gee.

Wat hierdie voorbeelde duidelik illustreer, is dat vaardige taalgebruikers idiomatiese uitdrukkings (in hulle kanonieke vorm, as idioomvariante of -knipsels) op allerlei wyses kan manipuleer om die kommunikatiewe potensiaal daarvan te verhoog, ook ter wille van woordspeling, ironisering en hiperboliese segging. Vir sulke take word daar meestal van die taalgebruiker verwag om nie net die idiomatiese betekenis van 'n idioom te herken nie, maar om die hele komplekse betekenisstruktuur daarvan te aktiveer om die intensie van die gebruiker te kan agterhaal. In sulke gevalle lei onbegrip van die komplekse betekenisstruktuur en funksie van die idiomatiese konstruksies ook noodwendig tot 'n onvolledige begrip van die teks. (Vergelyk verder Fernando 1996: 110, 119 en Pauwels 1995.)

Die annotering van Nederlandse tekste en die vertaling van Afrikaanse tekste na Nederlands is twee van die middele wat algemeen ingespan word om die gebruikers van die twee tale met hulle begripsprobleme te help. In eersgenoemde geval word problematiese/onbekende idiome meestal geannoteer met 'n omskrywing van die idiomatiese betekenis daarvan, of 'n ekwivalente Afrikaanse uitdrukking vir die Nederlandse idioom word verskaf. Maar hierdie werkwyse is egter nie sonder sy probleme nie omdat die kommunikatiewe krag van alle idiomatiese uitdrukkings nie net in hulle idiomatiese betekenis setel nie: die metaforiese of metonimiese funksie van die letterlike betekenis, die emotiewe en stilistiese waardes daarvan, asook die diskursiewe en retoriese funksies van idiome is deel van hulle kommunikatiewe lading, en die begryp daarvan is ewe belangrik vir die begryp van die teks. Daarby gaan daar met die verskaffing van slegs 'n parafrase van die idiomatiese betekenis van 'n idioom of 'n naby-ekwivalente idioom in Afrikaans iets van die unieke betekenisperspektivering van die idioom verlore.

Die vertaling van idiomatiese uitdrukkings, wat dikwels ook deel uitmaak van die couleur locale van 'n teks, is een van die nagmerries van die vertaalpraktyk, en die een aspek ten opsigte waarvan die meerderheid vertalers die amper defaultistiese houding inneem dat hulle slegs kan poog om die gees van 'n oorspronklike werk in

'n teikentaal vas te vang. Meestal word die idiomatiese uitdrukking, soos byvoorbeeld in die vertaling van Afrikaanse tekste na Nederlands, eenvoudig geparafraseer. Die gevolg is ook dat 'n groot deel van die volle kommunikatiewe lading van die Afrikaanse idioom verlore gaan.

Hoe kan mens dus die sprekers van die twee tale ter wille wees om die begrypbaarheid van tekste in hierdie tale te verhoog? Dit blyk geen maklike taak te wees nie. Eerstens, omdat daar vir die twee tale geen omvattende leksikografiese werke bestaan waarin daar naas 'n beskrywing van die idiomatiese betekenis van idiome ook aandag gegee word aan hulle motiverende inligting, konnotatiewe waardes, stilistiese kenmerke en retoriese en diskoersfunksies nie. Tweedens, omdat daar nog geen sistematies en volledige taalvergelykende ondersoeke na die werklike omvang van die verskille in die idioomwoordeskat van Afrikaans en Nederlands vanuit 'n sinchroniese en diachroniese perspektief gedoen is nie.

Benewens bogenoemde twee gebreke word die onderrig van die idiomatiese woordeskat van die twee tale in baie gevalle ook gekortwiek deur die opvatting dat alle idiomatiese uitdrukkings arbitrêre, onvoorspelbare eenhede van vorm en betekenis verteenwoordig (die sogenaamde tradisionele model) - 'n uitgangspunt wat verbreed voorkom in tweede- en vreemdetaalonderrig (vergelyk Fernando 1996 en Kövecses en Szabó 1996).

In die res van hierdie artikel word die problematiese aspekte van die tradisionele model uitgewys en aangetoon hoe resente insigte uit die kognitiewe taalkunde oor die betekenisstruktuur en interpretasie van idiomatiese konstruksies 'n basis kan bied om nie alleen sprekers se potensiële interpretasieprobleme in 'n duideliker perspektief te plaas nie, maar ook om oplossings vir hierdie probleme te bedink.

2. Die tradisionele model

2.1 Sentrale aannames

2.1.1 Vrye leksikale verbindings vs. idiomatiese uitdrukkings

Aan die basis van die tradisionele model lê die aanname dat die taalgebruiker se mentale leksikon die opslagplek is van alle onreëlmatige, arbitrêre of onvoorspelbare verbindings van vorm en betekenis in 'n taal, dit is dié waarvan die betekenis nie met die komposionaliteitsreël (voortaan KR) afgelei is/kan word nie. Partee (vergelyk Everaert 1992: 2) formuleer hierdie reël soos volg:

The meaning of an expression is a function of the meanings of its parts and of the way they are syntactically combined.

Wat die toepassing van die KR betref, word daar onderskei tussen vrye leksikale verbindings en idiomatiese leksikale verbindings. Ter illustrasie: Die geheelbetekenis van die letterlike, vrye leksikale verbinding die lepel in jou mond steek (met as geheelbetekenis: die lepel in jou mond steek) word volgens die KR bepaal, dit is deur die samestelling van die kontekstueel relevante betekeniswaardes van elkeen van die woorde van die uitdrukking. Skematies weergegee:

(7)

Geheelbetekenis: die + lepel + in + jou + mond+ steek
 Betekenis van leksikale items: die lepel in jou mond steek
 Leksikale vorme: die lepel in jou mond steek

(Hier word die woordvorm van 'n leksikale item gebruik om op verkorte wyse na die kontekstueel relevante betekeniswaarde(s) daarvan te verwys.)

So 'n uitdrukking is semanties deursigtig vir sover die dele van die geheelbetekenis daarvan korrespondeer met die betekeniswaardes van die samestellende woorde daarvan. Tussen hierdie twee betekenisvlakke is daar volkome isomorfie vir sover die betekeniswaarde van elke leksikale item korrespondeer met 'n aspek van die geheelbetekenis van die uitdrukking (vergelyk Geeraerts 1992).

Vergelyk hierteenoor die idiomatiese uitdrukking die lepel in die dak steek wat die letterlike, komposisioneel saamgestelde betekenis die lepel in die dak steek het, maar die idiomatiese betekenis doodgaan :

(8)

Idiomatiese betekenis doodgaan
 Letterlike betekenis die+ lepel+ in +die + dak +steek

Aangesien die idiomatiese betekenis nie komposisioneel afgelei is/word nie, bestaan daar ook geen mate van isomorfie tussen die idiomatiese betekenis en óf die letterlike geheelbetekenis óf enige van die betekeniswaardes van die samestellende woorde van die uitdrukking nie. In gevalle soos hierdie word aanvaar dat die idiomatiese betekenis gewoon by wyse van konvensie gestipuleer word en dat taalgebruikers dus onderling die afspraak het dat die uitdrukking die lepel in die dak steek die betekenis "doodgaan" het. Anders gestel: die relasie tussen die letterlike vorm van die idiomatiese uitdrukking en die idiomatiese betekenis is arbitrêr en daarom ook ondeursigtig.

2.1.2 Dooie metafore en metonimieë

Die tweede aanname van die tradisionele model is dat metonimies en metafories gebaseerde idiomatiese uitdrukkings soos dié in (9) dood is vir sover hulle as gekonvensionaliseerde en ingeburgerde uitdrukkings nie sinchronies langer as metaforiese of metonimiese uitdrukkings ervaar word nie.

(9)

- a. 'n goeie kop (= verstand) hê
- b. iemand 'n hand gee/'n hand bysit
- c. de kat bij het spek zetten
- d. agteros kom ook in die kraal
- e. altyd op hetzelfde aambeeld hameren
- f. jou pêrels vir/voor die varke gooi
- g. Wat het oor jou lewer geloop? (Waarom is jy so nukkerig?)

Voorbeeld (9e) is as uitdrukking vir die betekenis altyd na dieselfde onderwerp terugkeer hiervolgens 'n dooie metafoor vergeleke met 'n lewende vergelyking soos hy keer altyd na dieselfde onderwerp terug, soos 'n voël na sy nes, in welke geval die taalgebruiker bewus is van die metaforiese aard daarvan.

'n Verbandhoudende uitgangspunt is dat die betekenis van sulke dooie metaforiese en metonimiese uitdrukkings die funksie is van bestaande en gekonvensionaliseerde betekenisuitbreidings van een of meerdere van die trefwoorde in die uitdrukking. Hiervolgens is die idiomatiese betekenis van 'n idioom soos jou pêrels voor die varke gooi (iets moois of waardevols gee aan persone wat dit nie kan waardeer nie) 'n funksie van die bestaande figuurlike, maar gekonvensionaliseerde betekeniswaardes van die leksikale items pêrels en vark: pêrel het alreeds 'n gekonvensionaliseerde betekenisonderskeiding "iets waardevols" en vark die gekonvensionaliseerde oordragtelike betekeniswaarde onwaardige mens (soos in jou vark/vuil varken) (vergelyk Geeraerts 1992.) In sulke deursigtige gevalle is die idiomatiese betekenis dus wel 'n funksie van die KR omdat die samestellende woorde alreeds die idiomatiese betekenis het.

Uit die dooie-metafoor hipotese volg ook die aanname dat taalgebruikers nie langer die onderliggende metonomieë of metafore in sulke idiomatiese uitdrukkings (byvoorbeeld HOUER VIR INHOUD in (9a), LIGGAAMSDEEL VIR AKTIWITEIT in (9b) en MENSLIKE GEDRAG IS DIEREGEDRAG in (9f)) aktiveer in die bepaling van die betekenis daarvan nie. Aangesien dit nie geaktiveer word nie, volg ook die aanname dat inligting oor die metonimiese of metaforiese struktuur van hierdie uitdrukkings nie deel van hulle inskrywing in die taalgebruiker se mentale leksikon vorm nie.

Laasgenoemde aanname word ook uitgebrei na enige histories motiverende inligting, soos byvoorbeeld dat die idiomatiese betekenis van Wat het oor jou lewer geloop? (Waarom is jy so nukkerig?) en gal braak (jou sterk uitlaat oor 'n saak) teruggaan/gemotiveer word deur die leer van die humore/gemoedstoestande waarvolgens die lewer die setel van die gemoedstoestande is (vergelyk Fernando 1996: 122 en volgende). Alhoewel aanvaar word dat individuele taalgebruikers wel kennis van die (histories) motiverende inligting van 'n idioom kan dra, is die aanname dat sulke inligting nie noodsaaklik is vir die aktivering van die betekenis van 'n idiomatiese uitdrukking nie en as sodanig nie deel van die sinchroniese betekenisstruktuur daarvan uitmaak nie. (Vergelyk Fernando 1996, Gibbs 1990 en Kövecses en Szabó 1996.)

2.1.3 Koherensie

Kövecses en Szabó (1996: 329) meld 'n derde belangrike aanname van die tradisionele siening wat saamhang met die siening van die mentale leksikon as 'n lys ongeordende inskrywings, naamlik dat idiomatiese uitdrukkings onafhanklik van mekaar bestaan. As afsonderlike leksikale inskrywings in die mentale leksikon kan daar as deel van hulle inskrywings hoogstens inligting oor hulle taalinterne semantiese relasies, soos hulle sinonieme, antonieme, homonieme en polisemiese waardes opgeneem word. Geen inligting oor hoe hulle onderling samehangende sisteme vorm op grond van gedeelde motiverende inligting kan gespesifiseer word nie. (Vergelyk verder die bespreking in afdeling 3.)

2.1.4 Taalverwerwing en interpretasie

Watter aanname oor die verwerwing en interpretasie van idiomatiese uitdrukkings word deur hulle nonkomposionaliteit in hierdie model ingegee? Volgens Gibbs (1990: 419) word aanvaar dat 'n idiomatiese uitdrukking as 'n arbitrêre koppeling van die uitdrukkingsvorm en gestipuleerde idiomatiese betekenis eenvoudig aangeleer moet word. Aangesien die letterlike betekenis en die metaforiese of

metonimiese struktuur van die idioom en die histories motiverende inligting geen rol in hulle betekenis te spele het nie, is kennis daarvan nie noodsaaklik vir die aanleer van idiome nie.

Oor die interpretasie van idiomatiese uitdrukkings in konteks word aanvaar dat die letterlike betekenis in die meeste gevalle (vanweë die onvanpasheid daarvan in die diskoerskonteks) net as sinjaal vir die taalgebruiker dien om die idiomatiese betekenis daarvan te aktiveer. As die taalgebruiker die idiomatiese uitdrukking ken, sal die idiomatiese betekenis outomaties geaktiveer word; ken hy/sy dit nie, is die gestipuleerde idiomatiese betekenis nie herwinbaar nie aangesien dit nie uit die letterlike betekenis of enige motiverende inligting herwin kan word nie (vergelyk ook Gibbs 1990 en 1992).

Die aannames van die tradisionele model kan soos volg saamgevat word: Die betekenis/interpretasie van meerwoordige uitdrukkings word bepaal deur die KB. Uit die KB volg dit dat die betekeniswaarde van 'n uitdrukking net komposisioneel of nie-komposisioneel (en daarom by konvensie gestipuleer) kan wees. Idiomatiese uitdrukkings is semanties nie-komposisioneel en daarom verteenwoordig hulle arbitrêre koppelings van uitdrukkingsvorme en gestipuleerde, gekonvensionaliseerde betekeniswaardes.

3. Kritiek op die tradisionele model - 'n kognitiewe perspektief

3.1 Sentrale aannames

Die inadekwaatheid van die KR om van die betekenis/interpretasie van idiomatiese konstruksies rekenskap te kan gee, kom in verskeie ondersoeke binne die raamwerk van die kognitiewe semantiek onder skoot. Vergelyk byvoorbeeld Cacciari 1993; Fauconnier 1995(a); Fauconnier en Turner 1995(a); Geeraerts 1989, 1992; Gibbs 1990, 1993; Glucksberg 1993; Kövecses 1990; Lakoff 1987; Lakoff en Johnson 1980; Lakoff en Turner 1989; en Nunberg, Sag en Wasow 1994.

3.1.1 Grade van deursigtigheid

Die eerste punt van kritiek teen die tradisionele model is dat die arbitrêre, onvoorspelbare en ondeursigtige aard van sommige idiome oorveralgemeen word tot eienskap van alle idiomatiese uitdrukkings. Die empiriese feit is dat idiome onderling in grade van deursigtigheid van mekaar verskil. Vergelyk die volgende voorbeelde:

(10)

- a. as puntjie by paaltjie kom (= as die nood druk, as dit daarop aankom)
- b. die lepel in die dak steek (doodgaan)
- c. twee linkerhande hê (onhandig wees)
- d. taal nog teken gee (niks van jou laat hoor nie)
- e. wêrelde apart wees (ver van mekaar verwyder wees)

Naas die idiome wat semanties volkome ondeursigtig is, soos (10a) en (10b) waar

geen betekeniselement van die letterlike betekenis in die idiomatiese betekenis terug te vinde is nie, is daar idiome soos (10c)-(10e) wat wel semantiese spesialisasie vertoon, maar waar taalgebruikers maklik 'n verband tussen dele van die letterlike en die figuurlike betekenis van 'n uitdrukking kan lê. In ag genome dat alle idiome semantiese spesialisasie van een of ander aard vertoon, sou idiomatiese uitdrukkings op grond van hulle deursigtigheid gegradeer kon word op 'n skaal met volkome arbitrareit (ondeursigtigheid) as een pool en volkome deursigtigheid as die ander.

3.1.2 Gemotiveerdheid

In navolging van Lakoff (1987: 448) kan dit gestel word dat nie alle idiomatiese uitdrukkings arbitrêr is nie, maar dat die meeste gemotiveerd is in sover as wat daar aangetoon kan word dat daar een of ander skakel tussen die letterlike en die idiomatiese betekenis van 'n idioom is wat die idiomatiese uitdrukking verklaar. Hierdie motiverende skakels word uitgebreid uiteengesit hier onder.

3.1.3 Die status van konvensionele metafore

Die tweede belangrike empiriese feit is dat idiome nie vir taalgebruikers eenvoudig dooie metaforiese en metonimiese uitdrukkings is nie. As gevolg van hulle ingeburgerdheid en konvensionaliteit is die idiomatiese betekenis van idiome wel direk toeganklik, en daarom is taalgebruikers nie van hulle metaforiese en metonimiese status bewus nie. Onbewustheid impliseer egter nie ontoeganklikheid nie: Indien bepaalde interpretasietake dit vereis, byvoorbeeld in die gebruik van idioomvariante, -knipsels en -transformasies, kan taalgebruikers enige aspek van die betekenisstruktuur van 'n idiomatiese uitdrukking aktiveer om die betekenis daarvan in konteks af te lei. Dit is tipies die geval by veranderinge aan die kanonieke vorm van 'n idioom, soos in hy het nie net twee linkerhande nie, hy't sommer drie (kanonieke vorm van die idioom: twee linkerhande hê (baie onhandig wees)). In so 'n geval moet die ontvanger sowel die letterlike as die idiomatiese betekenis van die idioom aktiveer, plus die metonimie LIGGAAMSDEEL VIR AKTIWITEIT en die metafoor MEER VAN X IS 'n GROTER GRAAD VAN INTENSITEIT VAN Y om die betekenis baie, baie onhandig af te kan lei (vergelyk ook Glucksberg 1993: 10 en Pauwels 1995.) Om dus van die betekenis/interpretasie van enige idiomatiese uitdrukking rekenskap te kan gee, moet daar van die hele komplekse betekenisstruktuur daarvan rekenskap gegee word.

3.1.4 Diachronie versus sinchronie

Hieruit volg die metodologiese aanname dat die rigiede grens tussen die diachroniese en die sinchroniese dimensies van die betekenis van 'n idioom opgehef moet word. Alle metafories en metonimies gebaseerde idiome was diachronies self figuurlike vorme van taalgebruik en vir hulle interpretasie moes taalgebruikers dieselfde kognitiewe meganismes inspan as waarmee sogenaamde lewende metaforiese en metonimiese uitdrukkings (vandag nog) geïnterpreteer word. Dieselfde kognitiewe meganismes wat dus sinchronies vir die interpretasie van nuwe en lewende vorme van metaforiek en metonimie geponeer word, is ter sake in die ontleding van die betekenisstruktuur van enige idiomatiese uitdrukking. Daarby is dit ook die taak van enige semantiese teorie om te verklaar hoe idiomatiese uitdrukkings diachronies die idiomatiese betekenis ontwikkel het wat hulle sinchronies het.

3.1.5 Interpretasie as kognitiewe proses: die mentaleruimtemodel van Fauconnier

'n Belangrike aanname in hierdie verband is dat die betekenis van enige idiomatiese konstruksie nie net 'n funksie is van die semantiese en sintaktiese inligting wat in die idioom as uitdrukking verskaf word nie. Enige uitdrukking (met die sintaktiese en semantiese inligting wat dit enkodeer) dien slegs as sneller en riglyn vir die aktivering van 'n groot aantal kultureel bepaalde kenniskomplekse en kognitiewe bewerkings (soos abstrahering, sintetisering, veralgemening, projeksie en integrasie, analogie, deduksie en induksie en die generering van implikature) wat die betekenis daarvan in konteks bepaal (vergelyk byvoorbeeld Fauconnier 1995 (a); Fauconnier en Turner 1995(a) en Lakoff 1987).

In die uiteensetting van die betekenisstruktuur/interpretasie van idiomatiese uitdrukkings word hieronder verder gesteun op die mentaleruimtemodel (voortaan: MRM - mental spaces model) van Fauconnier (vergelyk Fauconnier 1995(a)) en besondere aanpassings en toepassings daarvan in Turner 1995(a), Turner en Fauconnier 1995(a) en (1995b).

Die MRM modelleer die interpretasie van diskoers in konteks as die opeenvolgende konstruering van mentale ruimtes - kognitiewe denkerreine - waarin die linguistiese inligting in die diskoers, inligting uit die konteks en geaktiveerde agtergrondskennis verwerk word om enige uitdrukking in konteks te interpreteer. Aan die basis van die verwerking van die betekenis van idiomatiese uitdrukkings lê die maak van projeksies tussen die onderdele van elke geaktiveerde betekenislaag van so 'n idiomatiese uitdrukking. Die besonderhede van elkeen van die verskillende soorte projeksies word hieronder in meer besonderhede uiteengesit.

3.2 Grade van deursigtheid

Soos reeds gestel, vertoon idiomatiese uitdrukkings verskillende grade van deursigtigheid in soverre taalgebruikers 'n verband tussen die idiomatiese betekenislaag van 'n uitdrukking en ander aspekte van die betekenisstruktuur daarvan kan lê.

3.2.1 Gekonvensionaliseerde betekenisonderskeidings

Die mees deursigtige gevalle is idiomatiese uitdrukkings waarvan een of meerdere van die trefwoorde in die uitdrukking 'n bestaande, gekonvensionaliseerde betekeniswaarde (letterlik of figuurlik) het. Vergelyk die optrede van (ver)koop/verruil in die voorbeelde in (11):

(11)

- a. iets vir 'n appel en 'n ei (ver)koop (baie goedkoop (ver)koop)
- b. jou eersgeboortereg vir 'n pot lensiesop verruil ('n waardevolle voorreg vir iets minderwaardigs verruil)
- c. sy siel en saligheid sal hy daarvoor verkoop (alles wat hy het/kosbaar ag as prys betaal daarvoor)
- d. jou siel aan die duivel verkoop

In al hierdie idiome aktiveer die gebruik van die woorde (ver)koop/verruil ons algemene kennis van transaksies en dit is teen die agtergrond van hierdie skema

wat die idiomatiese betekenis van die idiome vanuit die letterlike betekenis verstaan word.

Ons kennis van transaksies is gestruktureer in die vorm van 'n TRANSAKSIESKEMA, dit wil sê 'n kognitiewe struktuur waarin ons kennis van die rolrelasies, attribute en handeling rondom transaksies gestruktureer is. In die meeste woordeboeke word die betekenis van verkoop in die letterlike betekenis daarvan (soos in 11a) omskryf as iets teen 'n sekere bedrag aan iemand anders verkoop. In ons transaksieskema word daar vir hierdie kennis voorsiening gemaak in die onderskeiding van rolle soos VERKOPER, KOPER, VERHANDELDE ITEM, en VERKOOPSOM. Ons kennis van transaksies sluit egter veel meer in, soos dat die koper die nuwe eienaar van die verhandelde items is en as sodanig beheer daarvoor het, dat sekere items inherent of relatief goedkoop of duur is, dat ons in terme van die waarde van items duur of goedkoop daarvoor kan betaal, dat daar sprake van 'n wins is as iets verkoop word teen 'n hoër prys as waarvoor dit gekoop is, ensovoorts.

In (11b) tot (11d) is daar slegs sprake van 'n transaksie in 'n nie-letterlike sin, maar in die MRM word aanvaar dat die interpretasie van die idiomatiese betekenis van hierdie uitdrukkings geskied deur die lê van verbande tussen hierdie dele van ons geaktiveerde TRANSAKSIESKEMA en dele van die idiomatiese uitdrukking en verdere interpretasie (soos afleidings) vanuit ons algemene kennis van transaksies. Ter illustrasie:

(12)

Transaksieskema	Idioom	Idioom
VERKOPER	-	-
KOPER	-	die duiwel
VERHANDELDE ITEM	jou eersgeboortereg	jou siel
KOOPSOM	'n pot lensiesop	ekstra tyd

Uit hierdie skemaprojekies en uit ons algemene kennis van transaksies is dit duidelik hoe die idiomatiese betekenis van elkeen van die uitdrukkings in (11) hulle idiomatiese betekenis verkry. In (11a) is die koopsom 'n appel en 'n ei, wat relatief iets van mindere waarde is, soos wat die pot lensiesop in (11b) van mindere waarde is vergeleke met 'n mens se geërfde regte. Daarteenoor is 'n persoon se siel en saligheid (vergelyk 11c) vanuit 'n godsdienstige oogpunt sy waardevolste besitting; bereidheid om dit vir iets te verruil is tekenend van die persoon se intense behoefte aan of begeerte na die verhandelbare item. (11d) is 'n verwysing na die verhaal van Faust en verg dus bykomende kennis naas ons konvensionele kennis van transaksies om tot 'n interpretasie daarvan te kom.

In die onderstaande voorbeelde in (13) het die trefwoord tyd in die idiomatiese uitdrukking telkens 'n betekeniswaarde wat ooreenstem met die aangeduide gekonvensionaliseerde betekenisonderskeidings daarvan in die Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal. Die betrokke betekenisonderskeidings vorm deel van ons gekonvensionaliseerde kennisraam van tyd, en dit is hierdie afsonderlike betekeniswaardes waarteen die idiomatiese betekenis van die idiome

telkens geïnterpreteer word.

(13)

a. de voortgang en opeenvolging der gebeurtenissen en verskijnselen als een
zelfstandige en ononderbroken eenheid beskouwd

de tand des tijds

de tyd baart rozen

de tyd slijt alles

de tyd is de beste medisyne

b. het juiste, het geschikte, de vastgestelde tyd; die tydstep
iemand's tyd ("het hem bestemde oogenblik", inz. van sterven)

zy is ower tyd (die menstruatie is niet gekomen; swanger)

c. deel van die algemene opeenvolging der verskijnselen dat als eenheid word
beskouwd ten opzichte van zyn karakter of met daarbinnen vallend gebeure
niet meer van deze tyd (inz. van opvattingen, manieren of instellingen; geheel
verouderd, thans misplaatst)

uit die tyd gaan/raken (verouderen)

komt tyd, komt raad

andere tyden, andere zeden

je tyd vooruit zyn

Met (13a) as algemene en basiese betekeniswaarde, verteenwoordig (13b) tot (13c)
gevalle van betekenispecialisering op (13a). Die bydrae wat tyd en die ander
leksikale items (tand, baar, rose, slyp en medisyne) tot die idiomatiese betekenis
van die uitdrukkings in (13a) maak, is ook meestal duidelik, veral omdat hulle
gekonvensionaliseerde letterlike of figuurlike betekeniswaardes ter sake is en as
sodanig konstituerend is van die idiomatiese betekenis.

In die uitdrukking die tyd baart rozen word die tyd verpersoneer. Die woord tyd
verwys in (13a) egter na 'n gebeure waarby geen agent betrokke is nie. Basies
behels dit dat 'n gebeure hier weergegee word as 'n handeling met 'n agent. Volgens
Lakoff en Turner (1989) geskied dit op grond van die metafoer GEBEURE IS 'n
HANDELING waardeur die agent van die handelingsgebeure op die tyd
geprojekteer word. (Vergelyk verder die bespreking hier onder.)

In (13b) gaan dit om die betekenis "spesifieke punt in die opeenvolging van tyd" en
in die meeste van die uitdrukkings in (13b) gaan dit om sulke tydspunte: dié van
sterwe en die tydstep in 'n maand wanneer 'n vrou begin menstrueer. In die
uitdrukkings in (13c) gaan dit om 'n bepaalde tydperiode wat vanweë bepaalde
kenmerke as 'n eenheid binne die opeenvolging van die tyd ervaar word: elke tyd
het sy kenmerkende sedes, na die verloop van 'n tydperk na die ervaring van 'n
probleem kom die oplossing daarvoor. In die ander gevalle is daar egter 'n
komplekse jukstaposisie en integrasie van tydperiodes ter sake en metaforiese
interpretasie (uit/in/van 'n tyd wees). Vergelyk verder die bespreking hier onder.

Soos alreeds uit die voorbeelde hierbo blyk, is die proses van metaforiese
interpretasie 'n belangrike komponent van die totstandkoming van idiomatiese
betekenis.

3.2.2 Metaforiese projeksies

Metaforiek is die kognitiewe proses waardeur een kennisdomein (die teikendomein) in terme van 'n ander kennisdomein (die brondomein) verstaan word (Lakoff 1987:114). In 'n idiomatiese uitdrukking korrespondeer die letterlike betekenis met die brondomein en die idiomatiese betekenis met die teikendomein:

(14)

BRONDOMEIN	TEIKENDOMEIN
Letterlike betekenis	Idiomatiese betekenis
Idioom: pêrels vir / voor die varke gooi	waardevolle dinge vir onwaardige mense gee/doen

In Turner (1995a) word daar vir die interpretasie van metaforiese uitdrukings in sy vierruimtemodel ook voorsiening gemaak vir twee bykomende mentale ruimtes, naamlik die generiese betekenis-komponent en die versmeltingskomponent. Die generiese komponent bevat die betekenselemente wat gemeenskaplik aan die bron- en die teikendomein is: die sogenaamde tertium comparationis van 'n metafoor of vergelyking. Aspekte/dele van die betekenisstruktuur van enige of meerdere van die ander drie ruimtes kan na die versmeltingskomponent geprojekteer word waar dit geïntegreer word. Verder word daar voorsiening gemaak vir multidireksionele projeksie van skematiese inligting van die verskillende ruimtes na die ander toe:

(15)

generiese betekenis
letterlike betekenis
idiomatiese betekenis
versmeltingskomponent

(a) Bron- en teikendomein

Soos Nunberg, Sag en Wasow (1994: 493) dit stel, word idioome tipies gebruik om enige frekwent voorkomende verskynsel of algemene insig van sosiale belang (hier die teikendomein/idiomatiese betekenis) in terme van 'n brondomein (letterlike betekenis van die idioom) van "homey, concrete things and relations" te beskryf (en implisiet te verduidelik). Idioome maak in hulle idiomatiese betekenis (die teikendomein) tipies uitsprake oor (ons insig in) sake soos interpersoonlike gedrag, gemoedstoestand, karaktertrekke en -tipes, denkprosesse, veel voorkomende gebeure, handeling en prosesse, tipiese probleemsituasies en oplossings daarvoor.

Die beelde wat in die letterlike betekenis van die idioom uitgedruk word, word geneem uit of gemotiveer teen ons algemene kennis van sake soos die menslike liggaam, gesondheid en siekte, diere, geboue en konstruksies, masjiene, voertuie en werktuie, sportsoorte en speletjies, kosmaak en vuur, plante, die weer, hitte en koue, helderheid, donkerte en kleur, en rigting en beweging.

In hierdie verband word 'n onderskeid getref tussen die motiverende beeld wat linguisties in die idioomvorm uitgedruk word en die omvattender kennisdomein waarteen hierdie motiverende beeld geïnterpreteer word. Ter illustrasie: die idioom jou klere vir iemand uittrek (linguistiese vorm) aktiveer die geassosieerde beeld van

iemand wat sy/haar klere uittrek. Hierdie beeld word egter geïnterpreteer teen ons algemene kennis van klere: hulle voorkoms, soorte, vorm, funksie, ens. Die motiverende beeld en die kennisdomein waarteen dit geïnterpreteer word, word in metaforiese uitdrukkings na die teikendomein (idiomatiese betekenis) van interpersoonlike gedrag (iets wat jy vir jouself nodig het vir 'n ander in nood gee) geprojekteer (vergelyk Dirven 1994: 14).

Dieselfde algemene kennisdomein kan as motiverende domein optree vir verskeie van die motiverende beelde in 'n idioom. Die kleredomein tree byvoorbeeld as motiverende domein op vir die spesifieke motiverende beelde wat in die onderstaande idiome as die letterlike betekenis daarvan voorkom:

(16)

- a. om uit jou klere te klim van kwaadheid
- b. sy dra die broek
- c. die klere maak (nie) die man (nie)
- d. elkeen weet die beste waar die skoene hom druk
- e. te groot vir jou skoene wees
- f. iets uit die mou skud/in die mou voer

Idiomatiese uitdrukkings is in so 'n mate deursigtig as wat (i) die motiverende beeld (soos vergestalt in die letterlike betekenis) 'n algemene kennisdomein (kan) aktiveer waarmee die taalgebruiker goed vertrou is en waarteen die taalgebruiker die beeld kan interpreteer, en (ii) die taalgebruiker 'n projeksie tussen onderdele van die letterlike betekenis en onderdele van die idiomatiese betekenis kan maak. Vergelyk die volgende voorbeeld van Geeraerts (1992):

(17)

de koe bij de horens grijpen
 een probleem bij het moeilijkste/gevaarlijkste deel aan te pakken
 (Afr. die bul by die horings pak)

Tussen die letterlike en die idiomatiese betekenis kan die volgende metaforiese "projeksies" gemaak word:

(18)

BRONDOMEIN	TEIKENDOMEIN
Letterlike betekenis	Idiomatiese betekenis
de koe bij de horens grijpen	die probleem bij het moeilijkste pakken

Die idioom vertoon dus 'n groot mate van isomorfie tussen die letterlike en die idiomatiese betekenis. Terselfdertyd is dit maklik om die motiverende beeld van die letterlike betekenis te herwin omdat dit steun op ons algemene kennis van koeie en wat dit inhou om hulle by die horings te pak.

Insgelyks is die volgende Afrikaanse uitdrukkings deursigtig omdat ons vanuit ons algemene kennis van honde en katte en hulle gedragspatrone sin van die

idiomatiese betekenis kan maak:

(19)

- a. soos kat en hond leef
- b. moenie slapende honde wakker maak nie
- c. agter elke hond aan blaf
- d. om 'n kat in die duiwehok te gooi
- e. dis nie 'n kat om sonder handskoene aan te pak nie
- f. geen kat se kans nie
- e. as die kat vol is, is die muis bitter

Vergelyk ook Verstraten 1992

In die idiome in (19) word menslike gedrag, handelinge of toestande metafories in terme van die gedrag en kenmerke van diere gekonkretiseer. Hulle berus dus op 'n algemene metaforiese proses van animalisasie wat gefasiliteer word deur die generiese en hoogs konvensionele metafoer MENSE IS DIERE. Hierdie generiese metafoer onderlê die interpretasie van verskeie ander uitdrukkings soos jou vark/hond/donkie/aap. Vergelyk in hierdie verband Lakoff en Turner 1989 oor die rol van die "Great Chain of Being"-metafoer in die interpretasie van hierdie uitdrukkings.

Sommige uitdrukkings kry hulle idiomatiese betekenis teen 'n hoogs bekende kennisdomein wat nie net hulle idiomatiese betekenis motiveer nie, maar ook ingespan moet word vir die interpretasie van nie-idiomatiese, metaforiese uitdrukkings. Ter illustrasie: die idiomatiese uitdrukkings

(20)

- a. die handdoek ingooi
- b. vir iemand in die kryt tree

word gemotiveer teen ons kennisdomein van boks. Dieselfde kennisdomein, wat gestruktureer is in terme van rolrelasies soos aanvaller en verdediger, uitwisseling van hou tydens periodes wat in rondtes afgebaken is (handelingstruktuur), soorte hou en die punte wat aan hulle toegeken word, soorte bewegings, ensovoorts, moet egter geaktiveer word vir die verstaan van die volgende uittreksels uit 'n koerantberig waarin 'n politieke vergadering en die elemente van die debat (uitsprake) in boksmetafore beskryf word:

(21)

Minister klop regse hekelaars

- a. Maar met flinke politieke voetwerk en venynige reguit-linkers en kragtige regters het hy die aanslag van een hekelaar na die ander - en soms 'n hele paar tegelyk - afgeweer.
- b. Ander trefhoue was: Die NP sal die veiligheid van almal in die land verseker.

Die gebruik van boksmetafore om politieke diskoers te beskryf (POLITIEKE DISKOERS IS 'n BOKSGEVEG), grens aan geclicheerde taalgebruik. Hierdie metafoer is egter 'n spesifiekevlakmanifestasie van 'n generiese (of: hoërorde-) metafoer POLITIEK IS 'n SPEL (vergelyk Schreuder 1991), dit wil sê slegs een

van die sportsoorte/spele in terme waarvan die bedryf van die politiek en politici metafories beskryf word. In gevalle soos hierdie word die projeksie tussen onderdele van die letterlike betekenis en die idiomatiese betekenis gefasiliteer deur die spesifiekevlakmetafoor (POLITIEKE DISKOERS IS 'n BOKSGEVEG) of die generiese metafoor (POLITIEK IS 'n SPEL/SPORTSOORT) waarvan eersgenoemde 'n manifestasie is.

(b) Die generiese komponent

Die generiese komponent van 'n metafoor bevat daardie betekenis-komponente wat gemeenskaplik is aan die bron- en die teikendomein. In die geval van die idioome in (11) is daar aangetoon dat 'n hele reeks idioome vir hulle interpretasie steun op die TRANSAKSIESKEMA. As skematiese kennisstruktuur wat in terme van sekere rolle (KOPER, VERKOPER, VERHANDELDE GOEDERE) en bepaalde handeling gestruktureer is, enkapsuleer dit die gemeenskaplike struktuur van entiteite en handeling waarteen én die letterlike betekenis (brondomein) én idiomatiese betekenis (teikendomein) geïnterpreteer word.

In ander gevalle onderlê 'n gemeenskaplike gebeure- of handelingstruktuur die bron- en die teikendomein. Vergelyk byvoorbeeld die uitdrukking die lepel in die dak steek (doodgaan): Dit is 'n metafories gebaseerde idioom waarvan die motiverende beeld teruggaan op die gebruik van die pioniers in Suid-Afrika om na 'n ete hulle lepels bo die balke in die dakke van huisies te steek om dit daar te bêre tot die volgende ete. Hierdie handeling het gevolg na, en was gevolglik aanduidend van, die einde van die ete as aktiwiteit. Deur metaforiek is die ete-aktiwiteit geprojekteer op die duur van 'n lewe en die handeling van die lepel in die dak steek as aanduidend van die einde van die lewe:

(22)

LEWE	DOOD (EWIGHEID)
ete	einde

Wat uit (22) duidelik blyk, is dat die twee gebeure 'n gemeenskaplike gebeurestruktuur het. In 'n hele reeks konvensionele vergelykings, soos byvoorbeeld:

(23)

c. bewes soos 'n riet

a. so groen soos gras
b. 'n paar hangboudes soos 'n trekos

is dit die attribuutstruktuur en abstrakte beeldskematiese inligting oor entiteite wat die generiese komponent uitmaak.

In Turner (1995a) se vierruimtemodel word die generiese inligting uit die brondomein na die teikendomein geprojekteer. Anders gestel: die brondomein voorsien die struktuur van die teikendomein, en as sodanig word die teikendomein

in ooreenstemming met die generiese inligting gestruktureer/geïnterpreteer.

Teikendomeine is egter nie altyd sonder struktuur van hulle eie nie. Ons het byvoorbeeld 'n goeie begrip van lewe en dood en die wyse waarop hulle mekaar in die tyd opvolg, dit wil sê van die temporele skema wat hierdie gebeure onderlê: mens lewe, gaan dood en word begrawe. Volgens die sogenaamde strukturebewarende beginsel ("invariance hypothesis"; vergelyk Lakoff 1990), in die besonder in Turner (1991) en (1995a) se formulering daarvan, mag daar in 'n metaforiese projeksie net soveel van die struktuur van die brondomein op die teikendomein geprojekteer word as wat nie sal bots met dié van die teikendomein nie.

Uit die bestaan van 'n gemeenskaplike onderliggende struktuur en die geldigheid van die strukturebewarende hipotese volg dit dat die motiverende beeld op die letterlike betekenisvlak van 'n idiomatiese uitdrukking nie arbitrêr geselekteer kan word nie: Dit moet dieselfde onderliggende struktuur van die idiomatiese betekenis besit, soos blyk uit die ontleding van die idioom die lepel in die dak steek. In 'n geval soos hierdie kan geen brondomein gekies word wat 'n ander soort temporele struktuur het as die doodgaangebeure (die teikendomein) nie. Anders gestel: goeie kandidate vir die brondomein is dié wat 'n konkretisering is van dieselfde gebeurestruktuur as dié wat die teikendomein struktureer.

Die strukturebewarende beginsel plaas ook 'n beperking ten opsigte van die soort leksikale modifiserings (leksikale substitusies, ontkenning, invoeging van graadbepalings, ensovoorts) wat idiomatiese uitdrukkings op die letterlike betekenisvlak kan ondergaan: Sulke modifiserings mag nie die struktuur van én die letterlike én die idiomatiese betekenis, dit wil sê hul gemeenskaplike generiese struktuur, oortree nie (vergeelyk Glucksberg 1993). Die tweede beperking wat geld, is dat die motiverende beeld self nie gewysig mag word nie. Indien dit wel met 'n idioommodifisering gedoen word, lei dit óf tot die skep van 'n nuwe idioom, óf tot 'n onïnterpreteerbare variant. In 'n geval soos Hy het sy arm geblaas (x Hy het sy top geblaas) gaan die motiverende metafoor WOEDE IS KOKENDE VLOEISTOF IN 'n HOUER verlore; gevolglik is die verband tussen die variant en die kanonieke idioom nie langer aktiveerbaar nie en eersgenoemde gevolglik nie ïnterpreteerbaar in terme van laasgenoemde nie (vergeelyk ook Cacciari 1993: 34-35).

(c) Herïnterpretasie

Die komposisionaaliteitsbeginsel kan ook nie die proses van die herïnterpretasie van ondeursigtige idioome verantwoord nie, dit wil sê die feit dat taalgebruikers vanuit hulle kennis van die idiomatiese geheelbetekenis die betekenisdele daarvan op die dele van die letterlike betekenis kan projekteer. Geeraerts (1992) verduidelik dit aan die hand van die idioom met spek schieten. Vanuit die idiomatiese betekenis "opschepperige verhalens vertel" word "opschepperige verhalens" geprojekteer op spek en hierdie reïnterpretasie bied dan die basis vir 'n nuutskepping soos spekverkoper ("verteller van opschepperige verhale").

Hierdie projeksies tussen onderdele van die letterlike en die idiomatiese betekenis van 'n idioom kan dus plaasvind sonder dat die taalgebruiker kennis het van die histories motiverende kennisdomein waarteen (met) spek schieten geïnterpreteer moet word. Verder bevestig dit die feit dat in metafories gebaseerde idioome die projeksies nie altyd van die letterlike na die vlak van die idiomatiese betekenis geskied nie, maar ook omgekeerd kan plaasvind (vergeelyk Nunberg, Sag en Wasow

1994). Hierdie soort reïnterpretasie onderlê ook die proses van volksetimologisering, wat self 'n manifestasie is van die wyse waarop taalgebruikers ter wille van groter deursigtigheid 'n isomorfiëse relasie op onderdele van die letterlike en die idiomatiese betekenis imponeer ter wille van groter deursigtigheid (vergelyk Geeraerts 1995: 105).

In ander gevalle ondergaan uitdrukkings histories sulke vormveranderings om die motiverende beeld/kennisdomein vir die taalgebruiker duideliker of meer relevant te maak. Talle voorbeelde van hierdie reïnterpretasieproses kom voor op alle vlakke van 'n idioom in die wyse waarop Nederlandse idiomatiese uitdrukkings in Afrikaans aangepas is, soos byvoorbeeld in (Afrikaans) die bul by die horings pak teenoor (Nederlands) de koe bij de horens grijpen (vergelyk Dirven 1994).

(d) Versmelting

Die komposisionaaliteitsbeginsel kan ook nie die feit verantwoord nie dat die idiomatiese betekenis van sommige idiome die resultaat is van die kognitiewe bewerking van versmelting ("blending"; vergelyk Turner 1995(a)). Versmelting hou in dat struktuuraspekte van enige of meerdere van die brondomein, teikendomein of hulle generies onderliggende struktuur in 'n afsonderlike mentale ruimte tot 'n nuwe eenheid versmelt word. Hierdie proses onderlê byvoorbeeld die totstandkoming van die idiomatiese betekenis van die idiome

(24)

- a. de tijd baart rozen
- b. jou tyd vooruit wees (byvoorbeeld in: "met haar minirok in die jare veertig was sy haar tyd ver vooruit").

In (24a) aktiveer die werkwoord baar 'n handelingskema met 'n agent wat 'n bepaalde handeling verrig. Hierteenoor aktiveer die naamwoord tyd 'n gebeureskema waarin daar nie van 'n agent sprake is nie. Om dus die tyd as agent te interpreteer word twee skemas, naamlik dié van 'n gebeurte en dié van 'n handeling, tot 'n enkele skema versmelt sodat die tyd as agens geïnterpreteer word.

Vergelyk nou (24b) wat 'n teenfeitelike situasie uitdruk. Gegee ons menslike gebondenheid aan tyd, is dit letterlik gesien onmoontlik vir 'n mens om jou tyd waarin jy is, vooruit te wees. Die betekenis van tyd wat hier ter sake is, is dié in (13c): "deel van de algemene opeenvolging der verschijselen dat als eenheid wordt beschouwd ten opzichte van zijn karakter of met daarbinnen vallend gebeuren". Wat van 'n tydperk 'n onderskeibare eenheid binne die opeenvolging van die tyd maak, is dat persone in die tyd met bepaalde gebeure, entiteite, opvattinge, ensovoorts geassosieer word. 'n Vrou van die jare veertig was van haar tyd as sy 'n kuitlengterok gedra het. Die dra van mini's was weer kenmerkend van die sestigerjare. In die uitdrukking jou tyd vooruit wees word daar nou twee tydperke op 'n enkele individu geprojekteer: sy is in die veertigerjare (werklike tyd) maar sy verrig handeling wat kenmerkend is van die sestigerjare (die toekomstige tyd):

(25)

Tydperk:



Tydperk:	veertigerjare	sestigerjare
Kleredrag:	kuitlengterok	mini
Persoon:		P

Dieselfde soort versmelting van tydsperiodes en hulle verloop onderlê die interpetasie van uitdrukkings soos agter die tyd wees, nie van hierdie tyd wees nie, in die ander tyd wees en die tyd haal my in.

(e) Herwinbaarheid

Uit die voorgaande is dit ook al duidelik wanneer idiome vir taalgebruikers ondersigtig of ongemotiveerd sou aandoen. Dit gebeur eerstens as die idiomatiese uitdrukking 'n onbekende leksikale item bevat sodat die letterlike betekenis van die idioom nie gekonstrueer kan word nie; vergelyk byvoorbeeld uitdrukkings soos:

(26)

- a. iemand die loef afsteek
- b. teen heug en meug
- c. van lotjie getik wees
- d. aardjie na sy vaartjie
- e. die kruks van die saak

Die deursigtigheid van enige idioom word in gevalle soos hierdie afgradeer omdat die taalgebruiker nie die letterlike betekenis van die uitdrukking, en daarom nie die motiverende beeld wat dit vergestalt of die omvattender kennisdomein waarteen hierdie beeld geïnterpreteer moet word, kan rekonstrueer nie.

Die sintakties-funksionele inligting in hierdie idiome is egter wel vir die taalgebruiker toeganklik; gevolglik is dit vir hom/haar moontlik om hierdie inligting te herwin, soos die rol- en handelingstruktuur in (26a), of die genitiefstruktuur in (26e), en om 'n raaskoot oor die idiomatiese betekenis te kan maak.

Vergelyk hierteenoor die idiomatiese uitdrukking met spek skieten ("opschepperige verhalens vertel"). In hierdie uitdrukking is die motiverende beeld (persoon wat met spek skiet) wel herwinbaar, en kan die taalgebruiker bepaalde projeksies tussen dele van die letterlike en die idiomatiese betekenis maak:

(27)

spek skiet	opschepperige verhalens vertel
------------	--------------------------------

maar die idioom is ondeursigtig omdat die taalgebruiker nie sonder die nodige historiese kennis die motiverende beeld kan interpreteer nie (vergelyk Geeraerts 1992). Anders gestel: sonder die nodige historiese kennis kan die taalgebruiker nie bepaal waarom juis hierdie motiverende beeld gebruik is om "opschepperige verhalens vertel" beeldskematies te konkretiseer nie. Die motiverende skakel

tussen die letterlike en die idiomatiese betekenis van 'n idioom kan dus verswak of heeltemal verlore gaan, dikwels in saamhang met veranderinge in die materiële of kenniskultuur van die taalgemeenskap (vergelyk Geeraerts 1992: 46).

Verskeie ander faktore bepaal egter ook die herwinbaarheid van die motiverende beeld en kennisdomein van 'n idioom. Fernando (1996: 22) wys byvoorbeeld op die rol van die sintaktiese grammatikaliteit al dan nie van die uitdrukking die en die produktiwiteit van die (on)grammatikale patroon. Idiomatiese uitdrukkings soos jou hond/kat/donkie/aap/... verteenwoordig byvoorbeeld 'n ongrammatikale maar produktiewe sintaktiese patroon, wat die uitdrukkings 'n groter mate van deursigtigheid gee as idiomatiese uitdrukkings wat gevorm is op basis van 'n ongrammatikale en onproduktiewe sintaktiese konstruksie.

Pauwels (1995) stel in hierdie verband dat idiomatiese uitdrukkings vir taalgebruikers verskillende grade van metaforisiteit sal besit, waar hierdie gradering deur die opvallendheid/herwinbaarheid van die brondomein bepaal word. Verskeie faktore, soos die konkreetheid, visuele impak, gedetailleerdheid, algemeenheid en bekendheid van die motiverende beeld en kennisdomein is bepalend vir die herwinningsproses, en dus vir die graad van metaforisiteit van 'n idiomatiese uitdrukking. Dit spreek ook vanself dat as die motiverende beeld van die taalgebruiker gespesialiseerde kennis van 'n vakgebied vereis, dit vir hom ontoeganklik sou kon wees.

3.2.3 Metonimie

Metonimie is die verskynsel dat 'n deel van 'n kennisdomein as verteenwoordigend van die kennisdomein as geheel of van 'n deel daarvan kan optree, of dat 'n kennisgeheel 'n deel daarvan kan verteenwoordig (Lakoff 1987: 114). Tipiese konvensionele manifestasies van die metonimiese relasie is dat 'n deel staan vir die geheel (byvoorbeeld iemand 'n hand gee), plek vir persoon (byvoorbeeld Amsterdam is hier) en persoon vir artefakt (byvoorbeeld Dickens lees moeilik). In 'n groot verskeidenheid idiomatiese uitdrukkings bestaan daar so 'n metonimiese verband tussen die letterlike betekenis van 'n idioom en die idiomatiese betekenis. Vergelyk voorbeelde soos:

(28)

- a. met de handen in het haar zitten
- b. jou kop/hart verloor
- c. met jou siel onder die arm loop
- d. iemand 'n hand gee/'n hand bysit
- e. jou lippe raak trap (baie nors wees)
- f. van die wieg tot aan die graf

In (28f) word wieg metonimies verbind met geboorte en lewe en graf met die dood. In die idiomatiese uitdrukking met de handen in het haar zitten ("grote zorgen hebben") is die motiverende beeld deursigtig omdat dit berus op 'n algemene en konvensionele metonimie, naamlik dat 'n vorm van gedrag metonimies staan vir 'n bepaalde gemoedstoestand: om met jou hande in jou hare te sit is een van die tipiese manifestasies van iemand wat bekommerd is/moeilikhede het.

In verskeie ander idiomatiese uitdrukkings word een of meerdere van die trefwoorde geïnterpreteer teen 'n volksmodel/-skema van die betrokke funksies of

aard van die liggaamsdeel; byvoorbeeld in (28b) en (28c):

(29)

a. kop	brein/denke/rasionaliteit (rasionele beheer verloor/kwynt wees as teken van die toestand verlief wees)
b. hart	setel van emosies (beheer oor jou emosies verloor; verlief wees)
c. siel	innerlike bestaan (onder die arm = in die openbaar sigbaar maak; daarvoor praat of duidelik toon hoe jy voel)
d. hand	aktiwiteite wat met die hande gedoen word

Dikwels is die idiomatiese betekenis 'n funksie van én metonimie én metaforiek, soos byvoorbeeld in jou kop/hart verloor waar verloor korrespondeer met "verlies aan beheer", wat self ook weer berus op die metafoor BEHEER IS BESIT/IETS VASHOU (vergelyk byvoorbeeld kop hou, moed hou), VERLIES AAN BEHEER IS NIE-BESIT (vergelyk byvoorbeeld jou draad verloor, jou humeur/moed verloor).

'n Ander vorm van metonimie onderlê weer 'n idioom soos:

(30)

uile na Athene bring ("onnodige arbeid verrig")

Die histories motiverende konteks van hierdie idioom is dat daar baie uile in Athene was. Om dus nog uile na Athene te bring, was 'n onnodige daad, en as sodanig verteenwoordig hierdie handeling 'n prototipiese voorbeeld van 'n onnodige daad.

Ook ten opsigte van metonimies gebaseerde idiome kan die onderskeid tussen generiese metonimieë en hulle laevlakmanifestasies getref word. Die generiese metonimie **PERSOON** (**ARTEFAKT** het byvoorbeeld instansiërings soos **SKILDER** (**SKILDERYE** en **SKRYWER** (**BOEKE**. 'n Omvattende lys van hierdie hoogs konvensionele metonimieë word verskaf in Leite (1995). In Dirven (1993) en Goossens (1995) word aangedui dat sommige metonimieë ook metafories gebruik kan word, byvoorbeeld as kop, soos in (28b) en (29a), gebruik word om 'n abstrakte konsep soos intelligensie te verteenwoordig.

In baie gevalle is die idiomatiese betekenis van 'n idioom 'n funksie van én een of meerdere konvensionele metonimieë én een of meerdere konvensionele metafore. Kövecses (1990) toon byvoorbeeld uitgebreid aan hoe idiomatiese uitdrukkings vir woede die resultaat is van ons metonimiese projeksies tussen die liggaamlike ervaring van die woede-emosie (byvoorbeeld verhoging van liggaamshitte en hartklop) en die metaforiese interpretasie daarvan as vloeistof wat in 'n houër kook/oorkook. Vergelyk uitdrukkings soos:

(31)

- a. warm onder die kraag raak
- b. jou top blaas
- c. stoom afblaas

3.3 Die status van konvensionele metafore en metonimieë

Sedert Lakoff en Johnson (1980) se baanbrekende werk word daar aanvaar dat daar onderskei moet word tussen sogenaamde oorspronklike/lewende metafore en metonimieë en die versameling konvensionele metafore en metonimieë, soos dié wat idiomatiese uitdrukkings onderlê en wat ingebed is in ons kultureel bepaalde algemene kennis van die wêreld.

In metafoornavorsing binne die raamwerk van die kognitiewe semantiek is daar al talle sulke taalspesifieke en universele konvensionele metafore blootgelê. Enkele voorbeelde is OM IETS TE VERSTAAN IS OM IETS TE SIEN/VAS TE GRYP (ek sien wat jy bedoel, begryp jy my punt), DIE MENS IS 'n HOUER, DIE HART IS DIE SETEL VAN DIE EMOSIES, OM KWAAD TE WORD IS OM OOR TE KOOK en OP IS MEER EN AF IS MINDER.

Soos bo aangetoon, word die konvensionele metafore en metonimieë wat idiomatiese uitdrukkings onderlê, nie telkens by die gebruik van so 'n uitdrukking geaktiveer om die betekenis daarvan af te lei nie, maar hulle is aktiveerbaar (en beskikbaar) indien die interpretasieproses dit vereis (vergelyk byvoorbeeld die boksmetafore in (20) en (21)). Kortom: hierdie konvensionele metafore en metonimieë is ingebed in ons omvattende kennissisteem waarmee die interpretasie van enige uitdrukking aangepak word. Hulle verteenwoordig, in die terme van Turner (1991), gevalle van generatiewe ingeburgerdheid vir sover hulle aan die basis van talle uitdrukkings lê, koherensie aan sulke uitdrukkings verleen, en sulke uitdrukkings in parallellopende reekse struktureer, soos byvoorbeeld die metafore wat ons idiomatiese uitdrukkings vir die lewe en die dood onderlê:

(32)

LEWE IS	DOOD IS
lig	donkerte
hitte	koue
dag	nag
'n vlam/vuur	uitgeblus wees
wakker wees	aan die slaap wees

Vergelyk Turner 1991: 154-158

In baie opsigte blyk die digotomie in hierdie verband tussen dooie en lewende metonimieë en metafore 'n vals een te wees. Soos Lakoff en Turner (1989) en Turner (1995(a), 1995(b)) uitgebreid aantoon, is die meeste sogenaamde lewende metafore in literêre werk niks anders as spesifiekevlakinstansiëring van ons arsenaal van konvensionele, generiese metafore en metonimieë nie. Die vitaliteit van konvensionele metafore word op verskillende maniere gedemonstreer,

byvoorbeeld deur die feit dat hulle verbreed in die woordeskat van 'n taal voorkom, aktief geëksploiteer en geaktiveer word in innoverende taalgebruik, byvoorbeeld in die poësie, en nog in die algemene interpretasie-strategieë en argumentasie-modelle van taalgebruikers voorkom (vergelyk Gibbs 1993, Kövecses 1990, Lakoff 1987, Lakoff en Johnson 1980, en Turner 1991, Turner en Fauconnier 1995(a), 1995(b)).

3.4 Die koherensie van idioome

Wat ook uit hierdie navorsing blyk, is dat idioome koherente reekse vorm vir sover hulle gemotiveer word deur dieselfde algemene kenniskomplekse of laevlakmanifestasies is van sulke hoëvlak algemene of generiese metonimiese of metaforiese interpretasieskemas (vergelyk Kövecses en Szabó 1996). By die talle voorbeelde hierbo, kan ook die onderstaande gevoeg word waarin die metafoor INNERLIKE TOESTANDE (entoesiasme, ywer, bereidheid) IS 'n VUUR aan die volgende idioome hul koherensie gee:

(33)

- a. iemand se vuur blus (entoesiasme demp)
- b. vuur en vlam (vir iets wees) (baie geesdriftig wees)
- c. vol vuur wees (baie ywerig wees)
- d. deur die vuur vir iemand (sal) loop (bereid wees om enigiets vir iemand te doen)

Sulke spesifiekevlakmetafore en die generiese metafore waarvan hulle instansiëring is, kan, soos byvoorbeeld aangetoon in Dirven (1994) en Van Huyssteen (1994), self ook die boustene vorm van 'n bepaalde ideologiese konstruk. Ter illustrasie: in Afrikaans is daar 'n aantal sleng idioome wat aspekte van die seksdaad beskryf:

(34)

- a. ploeg diep en saai op die walle (coïtus interruptus)
(SEKS IS BOERDERY)
- b. 'n meisie saag/spyker
(SEKSUELE OMGANG IS SKRYNWERK)

Hier funksioneer die metafories gebaseerde idioom as retoriese middel om die taboe op sekspraatjies te deurbreek deurdat dit op eufemistiese wyse 'n diskoers oor die onderwerp seks moontlik maak. Maar gesamentlik artikuleer die metafore 'n chauvinistiese siening van seks waarin die man uitgebeeld word as die aktiewe eggenoot (die boer/skrynwerker) en die vrou as die passiewe eggenoot (die grond wat deur die boer bewerk word of die hout of spyker wat deur die skrynwerker gemanipuleer word) (vergelyk Van Huyssteen 1994).

'n Verdere aspek van hierdie samehang is die wyse waarop metafoorpare onderlinge negatiewe en positiewe pole van mekaar vorm. Ter illustrasie: jou kop/moed/hart verloor word emotief as negatief ervaar, terwyl hulle teenhangers kop/moed hou as positief ervaar word. Soos Krzeszowski (1990) aantoon, hang hierdie ervaringe saam met basiese beeldskemas wat ons denke bepaal, en wat gegrond is in ons daaglikse ervaring: om intakt te bly (byvoorbeeld die liggaam of die gesin) is goed, om te disintegreer of 'n deel van die geheel te verloor (byvoorbeeld 'n hand verloor, of as 'n gesin uiteenspat), is sleg. Vergelyk ook die volgende:

(35)

POSITIEF	NEGATIEF
a. om in een stuk terug te kom	jou kop verloor
b. een van liggaam en siel	uiteen spat
c. in die middel van alles wees	op die rant beweeg
d. voor jou tyd wees	agter die tyd wees
e. iemand se regterhand wees	twee linkerhande hê
f. 'n oop kop hê	toe wees

3.5 Die rol van die konteks

In baie taalgebruikssituasies kom 'n idiomatiese uitdrukking voor sonder dat die omringende linguïstiese konteks enige lig op die idiomatiese betekenis daarvan werp. In ander gevalle tree 'n idioom op as 'n soort samevatting (en kommentaar) op 'n gebeure, verhandeling of dies meer wat in die voorafgaande konteks aan bod was (vergelyk Forrester 1992 en Drew en Holt 1992).

In eersgenoemde geval kan die taalgebruiker dus nie die konteks vir die interpretasie van die idioom inspan nie, in laasgenoemde wel.

Kontekstuele leidrade kan op allerlei manier gelê word (vergelyk Fernando 1996). 'n Illustrasie hiervan is die wyse waarop die idioom *Is die boeing al oor?* (*Is dit al tyd vir 'n dop?*) in Etienne van Heerden se verhaal *Die gas in rondawel Wilhelmina* ingespan word:

(36)

Ma kyk na die horlosie bokant die plastiekrose. Is die Boeing al oor? Ag, wat, dis nou wel brekfistyd, maar dis panic stations, hê Fabian?

Sy skink vir haar 'n senuwee-doppie, uit die halfbotteltjie wat sy vir noodgevalle by die telefoongids bêre.

Waar hierdie uitdrukking gebruik word, word dit telkens duidelik gesitueer in 'n konteks waarin die ma vir haar iets alkohories te drinke skink. Die verbyvlieg van die Boeing staan dus metonimies vir die (gepaste) tyd om 'n drankie te kan drink. Wat nie vermeld word nie, is dat hierdie gepaste tyd laatmiddag is, die tyd van die skemerkelkie. Die alkohoriese verslaafdheid van die ma-figuur blyk egter uit die feit dat sy alreeds met brekfistyd haar skemerkelk drink.

3.6 Psigolinguïstiese ondersteuning

Cacciari (1993: 40-41) en Pauwels (1995) toon aan dat volwasse sprekers by die interpretasie van onbekende idiome (buite 'n gebruikskonteks) hulle verlaat op 'n aantal algemene interpretasie-strategieë, strategieë waarin verskillende aspekte van die betekenisstruktuur van idiome wat hierbo uiteengesit word, ingespan word:

(i) Analogie: kyk of daar nie 'n ooreenstemmende idioom is waarteen die betrokke idioom of deel daarvan geïnterpreteer kan word nie (koherensie van idiome).

(ii) Eksploiteer die letterlike betekenis: Interpretêer een deel van die idioom letterlik en gebruik die ander woorde in die idioom om die betekenis van die geheel af te lei.

(iii) Eksploiteer die semanties-funksionele struktuur van die letterlike betekenis: Soek 'n oorsaak-gevolgrelasie in die handeling wat in die idioom beskryf word en kies óf die oorsaak óf die gevolg van die idioom as interpretasie daarvan.

(iv) Aktiveer die raam-/skema-/beeldskematiese inligting wat met die hoofwerkwoord geassosieer word: Probeer 'n konkrete beeld vorm van die handeling/toestand wat die idioom beskryf en lei die betekenis daaruit af.

(v) Eksploiteer die meganismes van betekenisuitbreiding/bestaande motiverende meganismes: Neem die letterlike betekeniswaardes van die idioom en probeer om daaruit 'n figuurlike betekenis af te lei.

Cacciari (1993: 39) kom op grond hiervan tot die slotsom dat die taalgebruiker op verskillende punte toegang tot die betekenis van 'n idioom kan kry en dan vanuit die een punt na die ander betekenisvlakke kan beweeg om tot 'n sinvolle interpretasie van 'n idioom te kom.

Verdere bewyse vir die psigologiese realiteit van die siening van idiome as enkapsulerings van komplekse kennissisteme en hulle kognitiewe bewerking word uitgebreid aangetoon in Gibbs (1990), (1992) en (1993); Cacciari (1993); Rumiati en Glucksberg (1992); Schweigert (1992); en Van de Voort (1992).

4. Slotsom: 'n terugskouing

Soos in die voorgaande getoon, is die komposisionaliteitsbeginsel eenvoudig inadekwaat om van die kompleksiteit van die betekenisstruktuur en interpretasie van idiomatiese uitdrukkings rekenskap te kan gee. In teenstelling daarmee word in die kognitiewe idioomteorieë die kompleksiteit van die betekenisstruktuur van 'n idiomatiese uitdrukking in kaart gebring en die nodige analitiese apparaat verskaf om van die probleme in afdeling 1 met groter insig aan te pak.

In Lakoff (1987: 438) word die hipotese gestel dat taalgebruikers idiome beter verstaan, verwerf en onthou as hulle weet hoe idiome gemotiveer word en hoe hulle binne die woordeskat as geheel gesitueer is; dit wil sê indien hulle weet presies hoe die idiomatiese betekenis daarvan 'n funksie is van die motiverende beeld en (historiese) kennisdomein, konvensionele metafore en metonimieë en die strukturenbewarende aard van projeksies, en hoe hulle met ander idiome koherente reekse vorm. Die empiriese geldigheid van hierdie hipotese word aangedui in Kövecses en Szabó (1996).

Hieruit volg dit dat in die onderrig van idiomatiese uitdrukkings al die bogenoemde aspekte van die betekenisstruktuur en interpretasie van idiome by 'n student tuisgebring moet word - 'n taak waarvoor die dosent kan terugval op die inligting wat in 'n verskeidenheid sinchroniese en diachroniese leksikografiese werke, soos

verklarende woordeboeke van Afrikaans en Nederlands en diachroniese woordeboeke van Nederlands gevind kan word.

In hierdie onderrig moet die leerling se analitiese vermoëns egter ook geslyp word, in die besonder sy vermoë om kontekstuele inligting te ontgin om die betekenis van idioome af te lei en om die onderliggende, konvensionele metafore en metonimieë van idiomatiese uitdrukkings te rekonstrueer.

Die nut van die analitiese apparaat van die kognitiewe idioomteorie vir enige vergelykende studie van die idiomatiese woordeskat van enige twee tale spreek vanself. Dit bied naamlik 'n basis om sulke idiomatiese uitdrukkings in enige twee of meerdere tale sistematies te vergelyk ten opsigte van alle aspekte van hulle komplekse betekenisstruktuur, sowel sinchronies as diachronies (vergelyk byvoorbeeld Dirven 1994 en Roos 1992).

Vir annoteerders van tekste blyk uit die voorgaande ook duidelik dat enige toeligende kommentaar by enige teks daarop afgestem moet wees om vir die taalgebruiker die komplekse betekenisstruktuur van enige idioom so deursigtig as moontlik te maak. Naas die idiomatiese betekenis van 'n idioom, kan daar in sulke aantekeninge ook uitgebreid aandag gegee word aan die motiverende inligting van 'n idioom (die motiverende beeld en (historiese) kennisdomein), insluitende die konvensionele metafore en metonimieë wat ter sprake is.

Die kognitiewe idioomteorie bied vir vertalers 'n omvattender basis op grond waarvan die idiomatiese taalgebruik (afsonderlike idioome en koherente idioomreekse) in die bron- en teikentaal en in spesifieke tekste ontleed kan word sodat hulle tot 'n meer gemotiveerde besluit kan kom in die keuse van vertaalekwivalente (ekwivalente idioome of parafrases). Uiteraard moet enige vertaler in hierdie keuse ook aandag gee aan die stilistiese, retoriese en diskursiewe funksies van sulke idioome.

Departement Afrikaans
Unisa

Bibliografie

Botha, R., P.G. Kroes & C.H. Winkler. 1994. Afrikaanse idioome en ander vaste uitdrukkings. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

Cacciari, C. & P. Tabossie. 1993. Idioms: Processing, structure, and interpretation. Hillsdale: Lawrence Erlbaum.

Cacciari, C. et al. 1992. The role of word meanings, transparency and familiarity in the mental images of idioms. In: Everaert et al. (eds.) 1992: 1-10.

Dirven, R. 1993. Metonymy and metaphor: Different mental strategies of conceptualization. *Leuvense Bijdragen*, 82 (1): 1-28.

Dirven, R. 1994. Metaphor and Nation. *Metaphors Afrikaners live by*. Frankfurt am Main: Peter Lang.

Drew, P. & E. Holt. 1992. Idiomatic expressions and their role in the organization of topic transition. In: Everaert et al. (eds.) 1992: 171-186.

Drew, P. & E. Holt. 1992. Idiomatic expressions, and their role in the organization of topic transition. In: Everaert et al. (eds.) 1992: 171-186.

Everaert, M. 1992. Vaste verbindingen (in woordenboeken). Ongepubliceerde manuscript. Onderzoeksinstituut voor taal en spraak. Rijksuniversiteit Utrecht.

Everaert, M. et al. (eds.) 1992. Proceedings of idioms (Volume 1 and 2). International Conference on Idioms, Tilburg, The Netherlands, September 1992. Tilburg: Institute for Language and Technology and Artificial Intelligence.

Fauconnier, G. & M. Turner. 1995(a). Conceptual projections and middle spaces. In: Fauconnier (compiler). 1995: 1-39.

Fauconnier, G. & M. Turner. 1995(b). Blending as a central process of grammar. In: Fauconnier (compiler). 1995: 1-39.

Fauconnier, G. (compiler). 1995. Cognitive mappings in semantics. Compilation of course material for Ling.554.351, Linguistics Summer Program 1995, University of New Mexico.

Fauconnier, G. 1995(a). Informal examples of mappings. In: Fauconnier (compiler). 1995: 1-35.

Fauconnier, G. 1995(b). Mental space connections. In: Fauconnier (compiler). 1995: 1-34.

Fernando, C. 1996. Idioms and idiomaticity. Oxford: Oxford University Press.

Fillmore, Charles, J.P. Kay & Mary C. O'Connor. 1988. Regularity and idiomaticity in grammatical constructions: the case of let alone. *Language*, 64 (3): 501-538.

Forrester, M.A. 1992. Tropic implicature and the role of context in comprehending metaphor. In: Everaert et al. (eds.) 1992: 11-24.

Geeraerts, D. 1992. Specialization and reinterpretation in idioms. In: Everaert et al. (eds.) 1992: 39-52.

Geeraerts, D. 1995. (To appear). Diachronic prototype semantics. A contribution to historical lexicology.

Gibbs, R.W. 1992. What idioms reveal about how people think. In: Everaert et al. (eds.). 1992: 187-200.

Gibbs, R.W. 1990. Psycholinguistic studies on the conceptual basis of idiomaticity. *Cognitive Linguistics*, 4: 417-451.

Goatly, A. 1994. Register and the redemption of relevance theory; The case of metaphor. *Pragmatics* 4 (2): 139-181.

Goossens, L. 1995. Metaphtomy: The interaction of metaphor and metonymy in figurative expressions for linguistic action. In: Pauwels et al. (eds.). 1995: 159-174.

- Goossens, L. et al. (eds.) 1995. *By word of mouth. Metaphor, metonymy and linguistic action in a cognitive perspective*. Amsterdam: John Benjamins.
- Jansen, E. 1996. *Afstand en verbintenis*. Elisabeth Eybers in Amsterdam. Pretoria: Van Schaik.
- Kellerman, G. & M.M. Morrissey. (eds.) 1992. *Diachrony within synchrony: Language history and cognition*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Kövecses, Z. 1990. *Emotion concepts*. Berlin: Springer-Verlag.
- Kruger, A. 1991. Translating metaphors that function as characterisation technique in narrative fiction. *Journal of Literary Studies*, 7 (3/4): 289-298.
- Krzyszowski, T. P. 1990. The axiological aspect of idealized cognitive models. In: Tomaszczyk & Lewandowska-Tomaszczyk (eds.) 1990: 135-155.
- Lakoff, G. & M. Johnson. 1980. *Metaphors we live by*. Chicago: University of Chicago Press.
- Lakoff, G. & M. Turner. 1989. *More than cool reason. A field guide to poetic metaphor*. Chicago: University of Chicago Press.
- Lakoff, G. 1987. *Women, fire and dangerous things. What categories reveal about the mind*. Chicago: University of Chicago Press.
- Lakoff, G. 1990. The invariance hypothesis: Is abstract reasoning based on image schemas? *Cognitive Linguistics* 1: 39-74.
- Leite, N. 1995. Master metonymy list. Ongepubliseerde manuskrip.
- Nunberg, G., Ivan A. Sag & Thomas Wasow. 1994. Idioms. *Language* 70 (3): 491-538.
- Pauwels, P. & A.-M. Simon Vandenberghe. 1995. Body parts in linguistic action: Underlying schemata and value judgements. In: Pauwels (eds.). 1995: 35-70.
- Pauwels, P. 1995. Levels of metaphorization: The case of put. In: Pauwels (eds.). 1995: 125-158.
- Roos, E. 1992. Diachrony in synchrony: A gestalt approach to idioms. In: Kellerman & Morrissey (eds.). 1992: 547-554.
- Schreuder, E.E.M. 1991. *Metafore in Afrikaanse politieke beriggewing*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.
- Schweigert, W. A. 1992. The muddy waters of idiom comprehension begin to settle. In: Everaert et al. (eds.). 1992: 111-118.
- Swanepoel, P. 1992. Linguistic motivation and its lexicographical application. *South African Journal of Linguistics* 10 (2): 49-60.
- Swanepoel, P. H. & S. Schreuder. 1991. *Metaforiek, retoriek en politieke*

beriggewing. *Communicatio* 17 (1): 7-34.

Tabossi, P. & F. Zardon. 1992. The activation of idiomatic meaning. In: Everaert et al. (eds.). 1992: 119-126.

Tomaszczyk, J. & B. Lewandowska-Tomaszczyk (eds.). 1990. *Meaning and lexicography*. Amsterdam: John Benjamins.

Turner, M. & G. Fauconnier. 1995(a). Conceptual integration and formal expression. In: Fauconnier (compiler). 1995: 1-35.

Turner, M. & G. Fauconnier. 1995(b). Blending and metaphor. In: Fauconnier (compiler) 1995: 1-31.

Turner, M. 1991. *Reading minds. The study of English in the age of cognitive science*. Princeton: Princeton University Press.

Van de Voort, M.E.C. 1992. You don't die immediately when you kick an empty bucket: A processing view on semantic and syntactic characteristics of idioms. In: Everaert et al. (eds.). 1992: 141-156.

Van Heerden, Etienne. 1995. *Die gas in rondawel Wilhelmina*. Utrecht: Kairos.

Van Huyssteen, G.B. 1994. 'n Kognitief-pragmatiese perspektief op seksuele uitdrukkings in Afrikaans. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Verstraten, L.P. 1992. *Vaste verbindingen. Een lexicologische studie vanuit kognitief-semantiese perspektief naar fraseologismen in het Nederlands*. Utrecht: LEd.

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 4de Jaargang, Nommer 1. Junie 1997